

'n Spieëlse Studie:

'n Bespreking van kaats- en watersimbooliek
as moontlike sleutel tot die primordiale dimensie
met spesiale verwysing na enkele werke van Wilma Stockenström.

Robert W. Norton

Ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die MA-graad.

Universiteit Kaapstad

1996

Promotor: Professor Henning Snyman

The University of Cape Town has been given
the right to reproduce this thesis in whole
or in part. Copyright is held by the author.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

UT 839.36 NORT.

96/11460

ABSTRACT — "'n Spieëlse Studie"

This study in literary semantics focuses primarily on aspects of the primordial. It proposes a functional description of the primordial, as well as a model to explain how language and linguistic processes are insufficient to bring about accurate communication in a social environment.

Certain significant findings come to the fore in terms of the relationship between language, communication and the primordial reality. The study was begun with the basic premiss of a link between the specific symbols relating to mirrors and water, and the primordial dimension.

The fact that there are general references to this concept over a fairly wide range of subjects and fields of study brought about the need to clarify somewhat the "grey area" that is called into question whenever such allusions are made.

The reason for this confusion is that the idea of the primordial has been a very misunderstood concept. The term has in the past been used to a large extent as an academic buzzword, with users often not being aware of the full implications thereof. The little that is known about this subject often results in fairly serious misconceptions when the term is employed.

The study attempts to describe and to define the concept of the primordial, with reference to two key aspects of this idea: the *primordial dimension* as a base for universal meaning and reference, and the *primordial concept* as the actual reference point for the related linguistic term. In this way it is shown that all referential and interpretative systems, such as language, are based loosely on the primordial.

The concepts of language and communication are both discussed in the study, and functional definitions are put forward for each. Textual reference is made to certain works from the oeuvre of author and poet, Wilma Stockenström, to illustrate key aspects of the relationship — and often conflict — between constructed linguistic reality and the underlying primordial fact.

In addition the discussion highlights the tendency for intercourse that is purely linguistic to result in *miscommunication*. The matter of context is expanded to become identified as the driving factor in all communicative processes. This puts forward an idea akin to that advanced in Sperber and Wilson's relevance theory, that actual communication is a largely intuitive process, rather than a solely linguistic one. (It differs from relevance theory in that it proposes that the basis of communication is, in fact, the result of very *similar* interpretation.)

The result of this investigation and discussion is a model which describes the process by which communication realistically occurs. It is shown that language-based referential communication happens mostly as a result of decreased contextual *miscommunication*.

The dissertation is written in Afrikaans.

INHOUD

Afdeling	Bladsy	
Abstract		
Dankbetuigings	i	
Inleiding	ii	
 Hoofstuk Een: <u>Taal vs Kommunikasie</u>		
1.1	Inleidend	1
1.1.1	Agtergrond	2
1.1.2	Hoekom juis Taal vs Kommunikasie?	6
1.1.3	Hoofstukplan	7
1.2	Taal	9
1.2.1	Taalstudie: Histories	9
1.2.2	Die Belang van Taal en Taalstudie	14
1.2.3	Taaldefinisies	19
1.2.4	Eie Definisie	24
1.3	Kommunikasie	26
1.3.1	Kommunikasie: Agtergrond	28
1.3.2	Die Belang van Kommunikasie en Kommunikasiestudie	31
1.3.3	Kommunikasiedefinisies	37
1.3.4	Eie Definisie	40
1.4	Die Verhouding tussen Taal en Kommunikasie	42

1.5	Taaltipes	44
1.5.1	Inleidend	45
1.5.2	Merke en Patrone	46
1.5.3	Sosiale Insekte	49
1.5.4	Laer Diere	53
1.5.5	Hoër Diere	55
1.5.6	Menslike Kommunikasie	57
1.6	Menslike Afwykende Kenmerke	58
1.6.1	Tekens en Seine	59
1.6.2	Die Metafoor	62
1.6.3	Die Simbool	64
1.6.4	Taal as Simboliese Representasie	66
1.7	Natuursisteme vs Menslike Taal	66
1.7.1	Natuurtaalsisteme	67
1.7.2	Menslike Kommunikasiesisteme	68
1.7.3	Gevolgtrekking	70

Hoofstuk Twee: Die Primordiale Dimensie

2.1	Inleidend	73
2.1.1	Agtergrond	74
2.1.2	Die Betekenis "agter" Taal	75
2.1.3	Hoofstukplan	77
2.2	Primordialiteit	78
2.2.1	Die Primordiale	79
2.2.2	Primordialiteit in Ander Dissiplines	80
2.2.3	Definisies van die Primordiale	86
2.2.4	Intertekstualiteit	88
2.2.5	'n Teorie oor Primordialiteit	91

2.3	Spesifieke Simbole	93
2.3.1	Die Spieël	93
2.3.1.1	Fisiese Eienskappe	94
2.3.1.2	Tradisionele Spieëlsimboliek	96
2.3.1.3	Spieël en die Primordiale	98
2.3.2	Water	99
2.3.2.1	Fisiese Eienskappe	100
2.3.2.2	Tradisionele Watersimboliek	101
2.3.2.3	Water en die Primordiale	104
2.3.3	Die Waterspieël	106
2.3.3.1	Fisiese Eienskappe	107
2.3.3.2	Tradisionele Simboliese Waardes	108
2.3.3.3	Die Waterspieël en die Primordiale	109
2.4	Die Aard van die Primordiale	110

Hoofstuk Drie: Stockenström en die Primordiale

3.1	Inleidend	112
3.1.1	Opsomming van Hoofstukke Een en Twee	113
3.1.2	Hoofstukplan	115
3.2	Letterkundige Behandeling van Hooftemas	117
3.3	Stockenström se Werke	123
3.3.1	Inleidend	124
3.3.2	Tekste	125
3.3.2.1	Prosa	126
3.3.2.1	(a) <i>Uitdraai: 'n Roman</i>	126
3.3.2.1	(b) <i>Die Kremetartekspedisie</i>	133
3.3.2.2	Gedigte	142
3.3.2.3	<i>Spieël van Water</i>	155
3.3.3	Uitgangspunt	185

.Hoofstuk Vier: Opsomming en Gevolgtrekking

4.1	Inleidend	189
4.2	Opsomming	190
4.3	Gevolgtrekking	195
4.4	Slotsom	197
	Bylaes	204
	Bibliografie van Geraadpleegde Werke	

Dankbetuigings

Hierdie studie is moontlik gemaak deur die invloed, bystand en ondersteuning van mense en stigtinge aan wie ek ewig dank verskuldig is, vir 'n verskeidenheid van redes.

My promotor, **Professor Henning Snyman**, vir die inspirasie, jou volgehoue steun, en vir jou onmisbare intellektuele- en gemoedsleiding deur die jare. Vir jou insigte, jou geloof in my gawes, jou wysheid, jou geduld en jou kalmerende invloed. En meestal vir jou vertrouwe, jou mentorskap en jou vriendskap.

My raadgewer, **Professor Roy Pheiffer**, vir jou invloed en jou advies, beide akademies en persoonlik, oor die jare. Vir jou toegeneentheid en ook jou ondersteuning. En vir die blitsige talige versorging wat hierdie manuskrip bitter nodig gehad het.

My redder, **Mevrou Betsie Koch**, vir jou volgehoue ondersteuning, vir jou omgee, jou gesels en jou tyd. Vir die koffie en die kameraadskap.

My weldoeners, **Die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (Centre for Scientific Development)**, **Die Van Ewijck-stigting** en die **Universiteit Kaapstad**, sonder wie se finansiële milddadigheid ek nie hierdie studie sou kon onderneem het nie.

My ouers, **Ma en Pa**, vir julle lewenslange ondersteuning, sorg en vir julle aankweking in my van 'n begeerte om te weet.

En aan my vrou, **Vanessa**, vir jou liefde en geloof, vir jou tallose ure se hulp met hierdie werk. Vir jou entoesiasme en jou aansporing, en jou volharding om my te verdra gedurende hierdie tyd. En veral vir jou belangstelling, jou waardering en jou onvoorwaardelike vriendskap.

"No man is an Island."

— *Donne, in Smith (1971)*

Inleiding

Van al die nuwe begrippe en denkrigtings wat op universiteit aan my geopenbaar is, is dit die idee van die primordiale wat my belangstelling die meeste geprikkel het. Dat daar 'n deurlopende onderliggende element is wat kennelik die vorm van alle konsepte bepaal, is 'n idee wat vir my heelwat verwondering inhou.

Die invloed van die primordiale vorm 'n sleuteldeel van die aanlopende kursus in Literêre Semantiek aangebied deur professor Henning Snyman, departementshoof van Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad. Professor Snyman se kursus het, saam met elemente van etlike ander wat ek tydens veral my voorgraadse studies geloop het, boonop in my 'n lewendige belangstelling ingeboesem in die aard van die literêre verskynsels van die metafoor, en veral die simbool en simboliek.

Bogenoemde onderwerpe het deurgaans fassinering vir my ingehou terwyl ek gewerk het om my BA-, en later BA (Honneurs)-grade, te verwerf. Ek kon egter nie enige direkte aandag hieraan bestee nie, as gevolg van ander aansienlike akademiese verpligtinge. Ek is egter toenemend verbaas deur die feit dat daar, ondanks 'n taamlik groot hoeveelheid verwysing na die idee van die primordiale, geen werklike ondersoek gemaak is na die presiese aard van hierdie begrip nie.

Die term het in toenemende mate vir my begin lyk soos 'n akademiese lokwoord wat, in 'n verskeidenheid vorms in verskillende studieverde, in redelik algemene gebruik is. Wat egter ook al hoe meer klaarblyklik geword

het, is dat die gebruik van hierdie term nooit werklik enige vaste verstaan van die begrip ingehou het nie. Om dit kortliks te stel, die gebruikers van die term het nooit juis presies geweet waarvan hulle praat nie.

Die primordiale element het dus van naderby beskouing benodig. Daar is veral twee sleutelaspekte van hierdie onderwerp wat belangstelling vir my ingehou het: die aard van die primordiale as begrip, en sy skakel met linguistiese en literêre, veral simboliese, verskynsels.

Uit laasgenoemde het vir my 'n verdere intrinsieke belangstelling gekom, as gevolg van die feit dat taal 'n stelsel is wat ook gebaseer word op simboliese verwysing. Woorde is trouens self simbole wat assosiasie met bepaalde idees uitlok. Hierdie siening lei dan verder tot 'n helderder beskouing van die belang van 'n studie van die primordiale invloed op taal en verwysing. Dit is miskien meer sentraal tot 'n verstaan van die aard van die primordiale, maar ander saaklike faktore is ook hierby betrek om die omvang van die studie verder uit te brei.

Die feit dat die primordiale oor verskeie vakgebiede betrek word, en deur hulle in gebruik is as konsep, stel die invloed van die primordiale buite die redelik eng perke van die suiwer talige verskynsel. Verwysing na die primordiale gegewe strek sprekend ook tot in die meer primêre studieverde van die psigologie en die filosofie. Die invloed van die primordiale element strek dus ook verby die streng representatiewe inwerking, tot in 'n meer universeel-onderliggende vorm. Dit laat die belang daarvan as sentrale konsep al hoe meer toeneem.

Die geleentheid om verder ondersoek in te stel is gebied toe ek aansoek gedoen het om te studeer vir 'n MA-graad in Literêre Semantiek, met spesiale klem op die primordiale in relasie tot taal, en veral die hoogs relevante literêre verskynsel van die simbool. Literêr-semantiese analise moet per definisie 'n literêre komponent as tekstuele verwysingsbasis betrek. Die werk van die digter-skrywer, Wilma Stockenström, is vir hierdie doel gekies vanweë die aansienlike gebruik van sekere spesifieke simboliese faktore. Dit het, myns insiens, moontlike sleutels gebied tot die bereik van die primordiale konsep en 'n helderder verstaan van die aard van hierdie element.

Die eintlike formaat van hierdie studie volg 'n logiese denkpatroon. Dit beskryf die konsepte *taal* en *kommunikasie*, beide apart en dan in vergelyking met mekaar, om die bestaan van die primordiale gegewe te wettig. Dit is eers die primordiale in verhouding tot taal en taalverbonde begrippe wat bespreek word, voordat daar verder ondersoek na die idee van die primordiale element self ingestel word.

Na laasgenoemde bespreking is dit die eintlike primordiale dimensie, waar hierdie element te vinde is, wat self onder oë geneem word, en in 'n mate gedefinieer word. Dit word gedoen ten opsigte van die primordiale as essensiële konsep, uit 'n oorkoepelende oogpunt wat die konsepte van taal en kommunikasie, die skeppende kunste, die filosofie en die dieptepsigologie betrek. Hier word die spesifieke simbole, water en spieël, vir die doeleindes van hierdie studie bespreek, om hulle moontlike skakel met die primordiale te bepaal.

Hierdie definisies en bevindinge word prakties gepols teen etlike tekste uit Stockenström se oeuvre, veral uit die bundel *Spieël van Water* (1973). Enkele gevolgtrekkings word uit die bespreking van hierdie tekste gebied oor die aard van simboliek, verwysing, taal en die universele invloed van die primordiale op die bestaan.

Die uitslag van hierdie ondersoek is nie wat aanvanklik verwag is nie. Daar is trouens verbasende bevindinge gemaak oor die sleutelpremis dat kaats- en watersimboliek moontlike sleutels bied tot die primordiale dimensie. Opsienbarende insigte in die ware essensie van kommunikasie kom egter ook aan die lig, en dit is veral hier waar die kernbevinding van hierdie ondersoek betrekking het.

Dit is egter die model wat geskep word ter moontlike verduideliking van die werkinge en tekortkominge van talige kommunikatiewe sisteme wat die mees treffende resultaat bied van hierdie studie. Laasgenoemde mag verreikende vertakkinge hê in die studie en verstaan van die begrip *kommunikasie*, en kan selfs 'n basis vorm vir, om dit so te stel, 'n opregte informasierevolusie.

HOOFSTUK EEN

Taal vs Kommunikasie

"Then you should say what you mean," the March Hare went on. "I do," Alice hastily replied; "at least — at least I mean what I say — that's the same thing, you know."

"Not the same thing a bit!" said the Hatter. "Why, you might just as well say that 'I see what I eat' is the same thing as 'I eat what I see!'"

Carroll (1983:67)

1.1 Inleidend

Menswees is 'n sosiale toestand. Die gemiddelde mens bestee 'n groot gedeelte van sy¹ lewe in kontak met ander — in der waarheid kom hy nie net in aanraking nie, maar verkeer ook met hulle in sosiale omgang.

'n Bekende spreekwoord lui *soort soek soort*. Hierdie gedrag is by uitstek 'n natuurlike drang om eiesoortige verbinding aktief na te streef en te bewerkstellig, want dit is een van die inherent geprogrammeerde drifte wat veronderstel is om die behoud van die spesie te verseker. Darwin se teorie van natuurseleksie, wat ook teelkeuse genoem word, is gebaseer op hierdie drang, sodat individuele soorte lewe behoue bly (Darwin, 1859).

Hoewel hierdie interaksie binne groepe van elke denkbare lewende wese, en soms ook tussen verskillende groepe en soorte, op die een of ander manier plaasvind, is die omgang wat die meeste aandag van wetenskaplikes getrek het dié van die mens.

¹ Let asseblief dat die mens (in algemene verwysing) gemakshalwe voortaan generies as manlik aangeneem word, tensy dit spesifiek anders gestel word.

Hoe 'n mens op verskeie vlakke interakteer met sy medemens is sekerlik die grootste studieveld tot dusver bekend. Dit is te vinde in 'n menigte gedaantes binne 'n wye verskeidenheid uiteenlopende studiegebiede, onder meer die antropologie, die filosofie, die psigologie, die sosiologie en, by uitstek, die taalgebaseerde wetenskappe.

Dit is hoofsaaklik laasgenoemde vakgebiede wat die fokus sal vorm vir die eerste gedeelte van hierdie ondersoek. Daar word ook aandag geskenk aan etlike verskynsels uit sommige van die ander dissiplines hierbo genoem wat betrekking het op die doel en aard van hierdie studie.

1.1.1 *Agtergrond*

Die kwessie van menslike interaksie is sekerlik die belangwekkendste vakgebied wat met die mens gepaard gaan. Die enigste ander menslike wetenskap wat naastenby so veel studie ondergaan, is dié van die fisiese mens: die mediese kennisvelde.

Hoewel die studie van die mens se gesondheid vanselfsprekend enorm is, moet egter besef word dat daar 'n grens is tot waar die menslike liggaam en sy kwale ingedeel en bestudeer kan word. Hierdie studieveld het dus perke, al is hul nog nie naastenby bereik nie. Daar is ook 'n hele aantal onderafdelings binne hierdie wetenskap, onder meer kliniese werk, chirurgie, tandheelkunde, skeikunde, patologie en psigiatrie, om maar 'n paar te noem.

Uit laasgenoemde studievelde is daar slegs een wat realisties as onbeperk beskou kan word — die studie van die menslike denke, die intellek. Hierdie vakgebied, psigiatrie, is nou verbonde aan die psigologie, wat reeds hierbo verbind is aan die sosiale wetenskappe.

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) gee 'n relatief yl formulering van die verskil tussen psigologie en psigiatrie, waar psigiatrie omskryf word as, onder meer, "wetenskap wat 'n studie maak van geestesongesteldheid" (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyen, 1988). Psigologie is, volgens HAT², "wetenskap wat hom besig hou met 'n studie van die bewussyn" (1988).

Op die oog af lyk dit dus of hierdie twee hoogs gespesialiseerde studieveldde verwisselbaar is, aan die hand van bostaande definisies. Dit is egter in 'n hoog aangeskrewe psigologiese teks, Atkinson, Atkinson, Smith, Bem en Hilgard se *Introduction to Psychology* (1990), waar, myns insiens, 'n verstandige onderskeid gemaak word tussen die twee:

Psychiatry A branch of medicine concerned with mental health and mental illness [or disorders].

Psychology The science that studies behaviour and mental processes.

(Atkinson, et al, 1990:A-20)

Hieruit kan gesien word dat beide die psigologie en die psigiatrie te doen het met die studie van die denke, maar op verskillende vlakke: psigologie bestudeer, simplisties gestel, die denkprosesse, terwyl psigiatrie te doen het met die denke wat nie normaal optree nie, en hoe om dit medies te behandel.

² Hierna sal verwysings na woordeboeke gemaak word met tradisioneel aanvaarde generiese terme, byvoorbeeld *HAT*, *Collins of Chambers*, ensovoorts.

Die tersaaklikheid van hierdie studie se beheptheid met die “psigekundes”, veral onder bostaande opskrif, word kortliks hieronder verduidelik.

Albei psigiese studievervelde is op dieselfde grondslag gebaseer: hul bestudeer nie die geïsoleerde denke nie, maar die denke binne die sosiale raamwerk. Met ander woorde, hul maak ’n studie van die interaktiewe denke; dié van die mens in aanraking met ander.

Dit is hier waar die verband lê. Albei studievervelde, talig en psigies, al is hul sekerlik van die oudste gebiede van wetenskaplike belangstelling, kan nie van die sosiale element geskei word nie. Daar kan weliswaar geen interaktiewe denke wees buite ’n maatskaplike situasie nie, en die mens sou dus, allenig, noodwendig in ’n puur logiese denkpatroon moet leef.

Boonop, indien die mens van sy sosiale omstandighede verwyder word, sal daar geen noodsaak wees vir taal nie, want daar sal niemand wees om mee te kommunikeer nie. Dit is aan die hand van die psigo- en sosiologie dat ons weet dat die mens beskik oor ’n sosiale drang, en dat hy nie aangepas is vir ’n geïsoleerde lewe nie.

Die taalkundige, Noam Chomsky, aan wie die teorie van die generatiewe grammatika te danke is, is van mening dat die mens reeds by geboorte ’n volledig ontwikkelde taalverwerwingsvermoë besit. Die aanskaffing van taal is dus volgens Chomsky noodsaaklik vir ’n volledige geestelike ontwikkeling. Chomsky is die eerste wat die bewyse gelewer het dat menslike taal verskil van sogenaamde natuurlike taal, om rede die mens ’n ingebore logika het om linguistiese verwerkings van kommunikasie te maak. Natuurlike taal het nie sulke verwerkings nie. Sy benadering tot die menslike vermoë van taalverwerwing

is gebaseer op die beginsel dat die menslike brein 'n fisies afsonderlike taalsentrum besit (Chomsky, 1957, 1965), net soos die areas wat sig, gevoel, geheue, smaak, ensovoorts beheer.

Hierdie idee dat die brein 'n deel het wat spesifiek ingestel is op talige pro-sessering, wat ook later wetenskaplik bevestig is, het gelei tot 'n nuwe studieveld wat taalstudie en geestesstudie kombineer: die psigolinguistiek, wat 'n psigologiese analise van taal bied.

Language is the primary means for communicating propositional thought. Moreover, it is a universal means: every human society has a language, and every human being of normal intelligence acquires his or her native language and uses it effortlessly. The naturalness of language sometimes lulls us into thinking that language use requires no special explanation. Nothing could be further from the truth. Some people can read, and others cannot; some can do arithmetic, and others cannot; some can play chess, and others cannot. But virtually everyone can master and use an enormously complex linguistic system.

(Atkinson, et al, 1990:332-333)

Die essensie van die raaisel van die menslike taalbeheersingsvermoë word in hierdie kort paragraaf uitgelig: hoe kan 'n gewone mens so 'n enorm komplekse sisteem aanleer, berg en gebruik, blykbaar sonder enige moeite?

Dit lei dan ook tot 'n tweede, miskien meer verbysterende vraag: *hoe kan hierdie mens, wat die sisteem in een bepaalde vorm aanleer, dit gedurig*

modifiseer, sonder dat dit waansin word vir enige ander gebruiker van dieselfde stelsel³?

Hierdie vraag moet veral in gedagte gehou word terwyl die volgende afdeling oor **taal vs kommunikasie** gelees word. 'n Voorlopige verduideliking, wat weer ander vrae uitlok, word hier gegee.

1.1.2 *Hoekom juis taal vs kommunikasie?*

Daar is reeds hierbo heelwat verwysings na taal, taalstudies, sosiale interaksie, kommunikasie, en dies meer, maar daar is niks ter verduideliking van hierdie werkkonsepte, meer spesifiek "kommunikasie" en "taal", nie.

Die meerderheid omskrywings van hierdie konsepte, waarvan daar hieronder 'n aantal voorkom, skiet hul eie doel verby. Ter verduideliking: hul is onderling afhanklik van mekaar, wat hul, as definisies, waardeloos maak. Dit is dieselfde sirkelredenering soos in die volgende hipotetiese voorbeeld: die definisie van 'n woord *gnorf* word gegee as "voorwerp met 'n *timde* vorm". Goed en wel. Gestel nou die konsep *timd* is ook nie bekend nie, en dit word nageslaan: "geometriese vorm, soos 'n *gnorf*". (!?)

Dit is grotendeels presies so met bestaande omskrywings van "taal" en "kommunikasie". Beide konsepte word hieronder redelik deeglik bespreek, en afleidings gemaak oor hul individuele aard.

Taal en kommunikasie is verwante idees, en in sommige opsigte is hul afhanklik van mekaar vir eie volledigheid. Teen die einde van hierdie hoofstuk

³ Neem aan dat die stelsel waarna op hierdie stadium verwys word 'n taal is, soos byvoorbeeld Afrikaans, Frans, Engels, Sjinees of enige van die sogenaamde wêreldtale. Neem verder aan dat die gebruikers waarna verwys word (byvoorbeeld sprekers) almal *dieselfde taal* gebruik tensy dit, soos by sekere voorbeelde in hierdie studie, spesifiek anders gestel word.

word bewyse gegee dat, al is hul wedersyds inklusief, hul tog in sekere opsigte onversoenbaar teenstrydig is.

1.1.3 Hoofstukplan

Hierdie afdeling gee kortliks 'n idee van hoe die res van die hoofstuk daar uitsien, om in 'n mate voor te berei op wat te verwagte is.

Die konsepte *taal* en *kommunikasie* word hieronder afsonderlik meer in besonderhede bestudeer. Daar word gevolgtrekkings gemaak oor die aard van albei begrippe, en 'n omskrywing, oftewel 'n definisie, geformuleer gebaseer op hierdie gevolgtrekkings.

Hierdie nuwe definisies word dan bymekaar gebring om te sien in hoe 'n mate hulle klop, al dan nie. Enige skakels tussen taal en kommunikasie word dan noukeurig nagegaan, en die onafhanklikheid van die terme op hierdie manier getoets. Eers dan kan verder gegaan word.

Die volgende stap is om verskillende kommunikasiesisteme te bestudeer, en om hul te toets teen die klankbord van die nuwe omskrywings *taal* en *kommunikasie*. Die doel met hierdie besinning is om te bevestig of alle kommunikasiesisteme tale is, en of alle korrekte taalgebruik kommunikasie is. Hierdie stelling lyk verwarrend te wees, maar dit word mettertyd meer duidelik na mate hierdie gedeelte van die bespreking vorder.

Bostaande stelling oor *verskillende kommunikasiesisteme* moet steeds verklaar word. Daar word baie kortliks ondersoek ingestel na, en opmerkings gemaak oor, enkele van die meer voor die hand liggende natuurlike kommunikasiestelsels. Hiermee word die "tale" van onder meer plante, sosiale insekte, laer en hoër diere, en dan ook, natuurlik, die mens bedoel.

Elkeen van hierdie "tale" sal geweeg word teen die definisies van taal en kommunikasie, en soms ook teen mekaar, om te bepaal binne watter groep hul geplaas moet word, en of hul werklik voldoen aan die vereistes van hul benaminge.

Daar word dan ook gewys hoe menslike taal verskil van die ander natuurlike kommunikasiestelsels, en wat dit op sigself skei van ander natuurtale. Onthou dat, volgens Chomskyaanse teorie, menslike taal tog 'n natuurlik geprogrammeerde kommunikasiesisteem is. Hierdie studie beoog egter 'n teoretiese bewys dat menslike talige kommunikasie verder gaan as net die aanleer en toepassing van 'n omgangstelsel. Dit is hier waar die belangrike vraag van 1.1.1 beduidenis vind — *hoe kan die sisteem se gebruikers die stelsel onafhanklik modifiseer, grotendeels sonder om dit te laat faal?*

Voordat die vraag naasteby beantwoord kan word, is dit egter nodig om die vraag self op te helder, sodat daar geen twyfel is oor die strekking daarvan nie.

Die menslike taalsisteem word gedurig deur dié wat dit benut vir kommunikasie gemodifiseer. Die feit bly egter dat ondanks al die wedersydse adaptasie van die sisteem, sy doel, dit wil sê kommunikasie tussen sender en ontvanger, gewoonlik tog bereik word.

Die voorlaaste onderafdeling van hierdie hoofstuk fokus op drie van die belangrikste maniere van modifikasie deur die gebruikers van menslike taal. Hierdie gebruike is eie aan menslike talige kommunikasie, en is wat "menstaal" as kommunikasiestelsel skei van ander natuurtale.

Die slotsom belig dus die verskille tussen mens- en natuurtaal, en dit tipeer hul aan die hand van die definisies van taal en kommunikasie. Hieruit word 'n gevolgtrekking gemaak oor die status van menslike taal, 'n fokuspunt van hierdie studie, as *kommunikasie*-sisteem.

1.2 Taal

Therefore is the name of it called Babel; because the Lord did there confound the language of all the earth.

Genesis 11:1-9

Soos in 1.1.1 hierbo genoem, is die studie van die interaktiewe mens feitlik so lank aan die gang as wat die mens hom binne so 'n situasie bevind.

Een van die basiese kenmerke van interpersoonlike omgang tussen lede van dieselfde soort is die eie stelsel vir kommunikasie waaroor elke spesie beskik, en wat die spesie apart stel van elke ander. Hier onder word eers 'n kort oorsigtelike geskiedenis van die taalstudie gegee, en van sommige van die opmerklikste bevindinge melding gemaak.

1.2.1 Taalstudie: Historiese agtergrond

Stelsels waarvolgens lede van 'n spesie aan mekaar idees oordra, word losweg die spesie se *taal*⁴ genoem. Taal en die oorsprong, vorms en gebruike daarvan is deur die mens bestudeer reeds vanaf die vroegste taalgebruikende oermense.

Van die grootste denkers uit alle kulture — Plato, Aristoteles, Ovidius, Cicero, Confucius, Shakespeare, Rousseau, Locke, Hobbes, Freud, Piaget,

⁴ Dit is 'n verwysing na 'n taal, in vergelyking met taal in die algemeen.

en natuurlik Chomsky, en talle ander — het almal die taalproses, en die verhouding tussen taal en denke, ondersoek. Feitlik al hierdie studies het iets nuuts daaruit te voorskyn gebring.

Dit is eintlik nie so merkwaardig dat feitlik elke nuwe studie van 'n talige aard iets oorspronklik oplewer nie, omrede die taal, veral menslike tale⁵, gedurig aan die verander is. Dus is daar altyd iets van belang, wat nooit tevore raakgesien is nie. Die vernuwende aspek van veral menslike taal word in meer besonderhede in 1.6 bespreek.

Daar is 'n baie mooi analogie van 'n ou Griekse filosoof, Heraklitus, wat lui *jy kan nie twee maal in dieselfde rivier trap nie* (in Daintith, Wright, Isaacs, Martin en Pickering, 1987:166). Hierdie analogie kan op taal toegepas word. Soos die rivier altyd aan die vloei is, en die voet dus nooit weer op dieselfde plek *in dieselfde water* kan trap nie, so ook is taal gedurig aan die verander. Die mens, as taalgebruiker, het dus nooit op enige twee gegewe oomblikke met presies dieselfde TAAL⁶ te doen nie.

Dit beteken egter nie dat vroeëre taalontdekkings en taalgebruike dan ongeldig word nie. Hul kan net onsaaklik word indien hul *prakties verkeerd* bewys word, net soos by enige ander wetenskap. In die inleiding tot *Facts & Fallacies* stel Adams en Riley (1988:1) dat "a fresh piece of evidence, a new discovery, a theory put to the test, can turn fantasy into fact, truth into fiction, overnight".

⁵ Daar sal hieronder in 1.5 en 1.6 meer bepaald verduidelik word waarom daar onderskeid gemaak word tussen die konsepte *natuurtaal* en *menstaal*.

⁶ TAAL word hier met hoofletters geskryf om dit te onderskei van *taal* in die algemeen. TAAL verwys na taalsisteem, wat gedurig deur die gebruik daarvan aan die aanpas is. Die verhouding en verskille tussen dié twee konsepte word in 1.6 bespreek.

Om terug te keer na die rivier-analogie: al is die water op die gegewe plek nie meer dieselfde nie, die loop van die rivier self, sy lê, is relatief permanent. Dus, die rivier se vorm bly konstant. Sy inhoud, egter, is nie.

So ook met taalteorieë en -ontdekkings: hul is die bakens wat die loop van die "taalrivier" bepaal, en wat hom konstant hou, nie net vir die taalwetenskaplikes nie, maar vir die taalgebruikers self. Die analogie verskaf ook gedeeltelik 'n antwoord op die groot vraag van 1.1.1⁷.

Daar is nie enige vaste dokumentasie oor taalstudie wat verder terug strek as die latere 300's voor Christus nie. Selfs dié is nie spesifiek gewy aan die bestudering van taal per se nie.

Aristoteles se geskrifte is die vroegste bekend oor die gebruike van taal. Hy lê in *Poetica* (Daintith et al, 1987) die grondslag vir die moderne estetika, in beide taal en kuns, en bepaal die vorm van die logika. Sy leermeester, Plato, en ook dié se mentor, Sokrates, het ook wyd gepostuleer oor die aard van sosiale omgang en logika, maar dit is kennelik Aristoteles wat die eerste stappe gedoen het in die rigting van ware taalstudie.

Daar is sedertdien ontelbare taalfilosowe, -wetenskaplikes en -fundis wat almal op hul eie manier bygedra het tot die ontwikkeling van taalkennis tot op die hede. Nie almal van dié is wetenskaplikes in die aanvaarde sin van die woord nie, maar hul sluit in, onder andere, al die skrywers en digters, en die lesers, die skeppers van die letterkunde, en die alledaagse gebruikers van enige taalsisteem.

⁷ Sien pp. 5-6

Aristoteles het gelyk gehad toe hy in die tweede boek van sy *Nicomachean Ethics* geskryf het: "Wat ons wil leer om te doen, leer ons deur te doen" (Daintith et al, 1987:13 — my vertaling). Die enigste persone wat bedrewe word in 'n vak is dié wat die vak self beoefen. Dit is by uitstek die letterkundiges, die skrywers, wat 'n taal laat groei, soos Shakespeare in sy bekende toneelstuk, *A Midsummernight's Dream* (Horwood, 1982), daarop attent maak:

The poet's eye, in a fine frenzy rolling,
Doth glance from heaven to earth, from earth
to heaven;
And as imagination bodies forth
The forms unknown, the poet's pen
Turns them to shapes, and gives to airy
nothing
A local habitation and a name.

(Act V:Scene 1: lines 12-17)

Dit is die gebruikers van taal, soos Shakespeare dit stel, wat die taal skep, wat dit bou en laat ryk word. Sonder dié se denke, die verbeeldingskrag, is 'n taal net 'n stel reëls. Die intellek stel dit vry, en hierdie vrystelling word moontlik gemaak deur enige nuwigheid in die gebruik daarvan. Die Romeinse filosoof, Horatius, stel dit in sy *Ars Poetica*:

You will have written exceptionally well if, by skillful arrangement of your words, you will have made an ordinary one seem original.

(Horatius, in Daintith et al, 1987:173)

Die studie van taal self weer is 'n wetenskap wat die eintlike funksie van die taalgereedskap, en *hoe* dit werk, onder oë neem. Daar is min wat albei die studies volg. Skrywers is gewoonlik vertrouwd met die tegnieke om die meeste interpretasie uit die taal te toor, terwyl taalkundiges weer vertrouwd is met *hoe* en *hoekom* hierdie tegnieke werk.

Pope stel dit bondig in 'n bekende reël uit sy "An Essay on Man (II)" (Allison, Barrows, Blake, Carr, Eastman en English, 1983:430): *The proper study of Mankind is Man*. Die beste manier om 'n studie te maak van 'n vak is, soos reeds gestel, om dit self te beoefen. Dit is maklik om vanuit 'n posisie van onkunde kritiek te lewer, maar dit is die taalgebruikers self, die literêre vakmanne, wat die studie van tale moontlik maak.

Die taalwetenskappe het basies eers hierdie eeu ontplof in die menigte sub-groepe wat hierdie breë studieveld kenmerk. Sedert die vorming van die mees taalgerigte studieveld tot dusver, die linguistiek en sy onderafdelings, het van die belangrikste taalwetenskaplike teorieë en ontwikkelings die lig gesien, en dit eers in die tweede helfte van die eeu.

Daar is twee proponente van die taalwetenskap wie se teorieë, myns insiens, kennelik die rigting vir taalstudie gebaan het. Hulle is Noam Chomsky, wat eintlik die era van die psigolinguistiek ingehuldig het met sy nosie dat die menslike brein gevorm is om talig te kommunikeer (en dan sy volgelinge, Fodor en Katz⁸) en die span van Dan Sperber en Deirdre Wilson, wie se rele-

⁸ Jerry Fodor en Jerrold Katz het Chomsky se teorie oor die mens se aangebore vermoë tot logiese grammatika verder geneem, en aktief gepostuleer oor "'n taal van die denke" (*viz Fodor, The Language of Thought*, 1975) – sien ook 1.6

vansieteorie (1988) 'n praktiese en relatief eenvoudige verduideliking bied van hoe menslike talige kommunikasie werk.

Natuurlik sal daar ander wees wat op hul idees verbeter; dit is die aard van die wetenskaplike:

It is always the case that any analysis whatsoever, whether in the field of geology, physics or any other field, has only a temporary value and will subsequently be replaced by a more accurate and more profound one.

(Jakobson, in Pomorska en Rudy, 1985:75)

Nietemin, hierdie grondreëls van Chomsky (1965) en Sperber en Wilson (1988) sal altyd baanbrekers wees op wie enige nuwe stelling en teorieë gebou moet word.

1.2.2 *Die belang van taal en taalstudie*

Daar is hierbo verwys na etlike kenmerke en strominge in die studie van taal, diegene wat dit bestudeer en van die belangrikste teorieë. Daar is 'n vraag wat natuurlik hieruit ontstaan: *wat is die belang van taalstudie, waarom word soveel tyd en energie daaraan bestee?* — 'n goeie vraag wat tweeledig beantwoord moet word.

Voordat daar stellings gemaak kan word oor die belang van enige studieveld, moet die belang van die onderwerp eers vasgestel word. Hieruit volg die studie daarvan se gewig min of meer vanselfsprekend. Om terug te keer na 'n vroeëre voorbeeld (1.1.1) word weer gekyk na die mediese wetenskap ter verduideliking van bostaande stelling.

Voordat die belang van die studie van die mens se fisiese gesondheid vasgestel kan word moet die belang van die gesondheid self eers bepaal word. Dit mag belaglik vanselfsprekend klink, maar dit is 'n uitstekende manier om 'n logiese struktuur vir 'n minder ooglopende hipotese, soos oor die taal, op te stel.

Die stappe om die belang van 'n studie te bepaal is, myns insiens, drieërlei:

1. *Bepaal die onderwerp van die studie.*
2. *Bepaal die belang van die onderwerp.*
3. *Bepaal die behoefte aan die studie daarvan.*

Hierdie eenvoudige stappe kan gebruik word om die aanneemlikheid van enige studie te bepaal, al is dit natuurlik altyd binne 'n gegewe konteks⁹, of uit 'n spesifieke gesigspunt. Hul word kortliks op die mediese studies¹⁰ toegepas ter illustrasie:

1. Bepaal die onderwerp —

Die fokus van die mediese studies is die mens in sy fisiese en psigiese gedaantes.

2. Bepaal die belang van die onderwerp —

Die fisiese liggaam en psige is die sentra van die menslike lewe. Sonder dié sou daar geen lewe kon wees nie, en dus ook geen menslike bestaan nie. Die menslike liggaam en psige is daarom van groot belang vir die mens.

3. Bepaal die behoefte aan die studie —

Die bewaring van die fisiese mens is dan van die allergrootste belang in die lewe. Die enigste manier om iets te bewaar is om te weet wat dit

⁹ Die term *konteks*, 'n begrip onmisbaar vir enige taalgebruiker, kan kortweg as die relevante omgewing van 'n handeling of saak omskryf word. Dit word in meer besonderhede in 1.5 bespreek.

¹⁰ Let asseblief dat die *mediese studies* waarna verwys word eenvoudshalwe beperk word tot die menslike. Die waarde van alle ander wetenskappe, van veeartsenykunde tot byvoorbeeld die astrofisika, kan ook met dié stappe 'getoets' word.

kan beskadig, en hoe om dit te herstel. Die wyse om hierdie kennis te bekom is om die onderwerp deeglik te ondersoek en te bestudeer.

Dus, mediese navorsing en die gepaardgaande wetenskappe is van groot belang vir die mens in die algemeen.

Dit is alles goed en wel, kan gesê word, om so 'n vanselfsprekende voorbeeld te gebruik, maar wat van studies van 'n meer onbekende aard?

Daar kan in reaksie op so 'n uitdaging gekyk word na die studie van, byvoorbeeld, vuurhoutjiedosies. Die onderwerp van die studie is die dosies self, maar nou moet die belang van die onderwerp vasgestel word. Jan Publiek sal sekerlik nie 'n groot deel van sy tyd bestee om die aard van die vuurhoutjiedoos te bepaal nie, en dus, kan gestel word, is die studie daarvan onsaaklik.

Die vraag ontstaan nou: *onsaaklik vir wie?* Daar is persone vir wie sulke dosies van groot belang is, onder meer vuurhoutjiedoosentoesiaste en -versamelaars. En wat van die vervaardigers van vuurhoutjies? Hul moet die dose ook vervaardig, en die bemarkingsafdelings moet weet watter soort dosie, met betrekking tot die kleur, vorm, grootte, ensovoorts die beste verkooper sal wees.

Vir hierdie mense is die vuurhoutjiedoos dus van groot belang, en daarom is die studies daarvan ook belangrik – *vir hulle*. Dit is hier waar die konteks-idee (sien voetnoot 9, p.15) relevansie vind. Die gewigtigheid van 'n gegewe saak word altyd uit 'n spesifieke konteks bepaal.

Die studie van taal, die belangrikheid daarvan, kan deur dieselfde proses bepaal word. Eerstens, die onderwerp van die taalstudie is kennelik taal.

Wat presies *taal* is word in 1.2.3 en 1.2.4 omskryf¹¹, maar vir die oomblik is dit nie onmisbare informasie nie.

Die tweede stap is om die gewig van die onderwerp, taal, vas te stel. Soos uitgelig uit die voorbeeld van die vuurhoutjiedosies moet die konteks van die belangrikheid in ag geneem word voordat die belang self bepaal kan word. Dus, vir wie is taal saaklik?

Die antwoord is eenvoudig: taal is belangrik vir enige wese¹² wat dit al gebruik het. Dit sluit u as leser ook in, omrede u sonder taal nie hierdie skripsie sou kon betrag nie. In der waarheid kon dit nooit geskryf word nie, want taal is die middel waarmee dit oorgedra word, al is dit een van die sentrale onderwerpe daarvan.

Taal is belangrik in elke faset van die (menslike) sosiale bestaan. Sonder taal kan daar niks behalwe die mees basiese kommunikasie gevoer word nie, en dan ook net een maal, 'n stelling wat in 1.4 duidelik gemaak word. Dus sou die hele struktuur van die menslike samelewing, trouens van enige sosiaalgebaseerde situasie, in duie stort.

Dit is redelik duidelik dat taal noodsaaklik is, maar wat van die studie daarvan? Taal *BESTAAN* en ons gebruik dit vir kommunikasie, maar wat is die nut, die noodsaak, om dit te bestudeer?

Die feit bly dat taal nie perfek is nie. Dit is 'n op sigself staande stelsel wat blykbaar sal aangaan solank as wat daar sosiale omgang is, kennelik in

¹¹ Vir hierdie doeleindes kan aanvaar word dat taal 'n georganiseerde stelsel is om kommunikasie te bewerkstellig.

¹² Onthou dat taal nie, soos vele definisies wil laat glo, beperk is tot gebruik deur die mens nie, maar dat daar in talle kommunikatiewe situasies in die natuur van *taalstelsels* gebruik gemaak word. Sien ook 1.5

bestendigheid. Maar tog is daar fundamentele probleme, hindernisse wat nie bekostig kan word met iets wat so 'n sentrale deel vorm van die bestaan nie. Selfs in die menslike "afdeling" is daar wanbalanse met betrekking tot taal. Daar is, byvoorbeeld, die groot verskeidenheid tale wat onder die verskillende dele en kulture van die wêreldbevolking gebruik word. Ter wille van die moontlikheid dat daar eendag effektiewe wêreldkommunikasie bereik kan word deur almal, en nie net sekere individue wat meer as een taal kan praat nie, is dit nodig om die aard van taal as stelsel te bepaal sodat dit gemakliker aangeleer kan word.

As die mens tot suksesvolle beheersing van die **TAALSTELSEL**¹³ kom, sal enige mens enige taal kan gebruik, en intertaal-kommunikasiemoelikhede uitgeskakel word. Dit mag vergesog klink, maar dit is 'n wesenlike doel van taalstudie. Om dit verder te voer, die breuk tussen menslike en onmenslike taal kan miskien eendag oorkom word, en kommunikasie kan tussen al die lewende wesens plaasvind, nie net binne spesie nie. Hoe wonderlik sal dit nie wees om die taal van voëls, diere, dolfyne te kan verstaan nie!

Verbeeldingsvlugte nieteenstaande; dit is belangrik om die werkinge van taal, dit wat samelewing moontlik maak, te bestudeer om die ontstaan daarvan en die toekoms daarvan te probeer bepaal. Bostaande voorstellings is miskien nie so absurd as wat hul mag voorkom nie. Dus, al is die studie van taal miskien nie so doodsbelangrik soos die studie van medisyne nie, is dit beslis onmisbaar vir die behoud van die sosiale weefsel van die samelewing.

¹³ Dit verwys na *TAAL* as algemene stelsel, nie na 'n spesifieke taal of taaltipe nie.

1.2.3 Taaldefinisies

Talle wetenskaplikes het reeds die studieveld beslis die moeite werd gevind, en daar sal blykbaar nooit 'n gebrek wees aan méér wat die studie sal voortsit solank as wat taal bestaan nie. Hierdie afdeling is gewy aan van die mees bruikbare definisies van en opmerkings oor taal wat uit die eeue-oue wetenskap voorendag gekom het.

Annie Sullivan, die onderwyseres van Helen Keller, het reeds in Julie 1894 in 'n toespraak aan die Amerikaanse Vereniging vir die Dowes gesê:

Language grows out of life, out of its needs and experiences ...
Language and knowledge are indissolubly connected; they are interdependent.

(Sullivan, in Daintith et al, 1987:339)

Hierdie stelling lê die essensie vas van hoe taal groei deur die gebruik daarvan. Dit is nie 'n statiese entiteit nie, en word gebruik om kennis te konstateer, te staaf, te *maak*.

'n Ander Amerikaner, die linguïst Benjamin Lee Whorf, word in Daintith et al (1987) aangehaal met die stelling dat taal nie eenvoudig 'n beriggewende instrument is vir die realiteit nie. Hy meen dat taal eintlik die realiteit bepaal. Hierdie gesigspunt word deur verskeie ander taalkundiges gedeel, asook deur die aanhangers van die Gestalt-psigologie. Meer aandag word hieronder bestee aan die uitwerking van taal op die realiteit en die persepsie daarvan. In amper direkte teenstryd met hierdie mening stel Gerrit Olivier dit

in 'n artikel in *Standpunte XXXVI*, "taal is geen werklikheid, of selfs 'n adewate 'weerspieëling' daarvan nie" (1983:10).

Joshua Whatmough stel dit breër in sy inleiding tot Bréal se *Semantics: Studies in the Science of Meaning*:

... since language is a form of conventional behaviour on the part of the human organism, it has a conventional (not an arbitrary) logical structure, as well as an evolution which is in part fortuitous. Defects of the latter are remedied historically ... by selective variation which preserves a language from chaos and death by maintaining its coherence and systematic consistency.

(Whatmough, in Bréal, 1964:xiii-xiv)

Hier is amper die kern van die aard van taal te vinde; die konvensionele struktuur wat selektief varieer om die vastheid van die sisteem te behou. Hier is nog 'n sleutel tot die vraag wat in 1.1.1 gestel is, maar dit is nog nie die hele antwoord nie.

Die humoris, Ogden Nash, skryf oor die menslike vermoë om taalvariasies voor die vuur aan te neem, en dan weer daarop eie nuwe variasies te maak. Sy siening is, aan die hand van die aangehaalde gedig, dat te veel variasie 'n taal verbaster, en daarvan 'n chaos maak.

Coin brassy words at will, debase the coinage;
We're in an if-you-can't-lick-them-join age,
A slovenliness-provides-its-own-excuse age,
Where usage overnight condones misusage.
Farewell, farewell to my beloved language,
Once English, now a vile orangutanguage.

(Nash, 1968:148, "Laments for a Dying Language, V")

Nash se mening dat die taal verraai word mag, afhangend van die perspektief, geldig wees, maar die opinie dat dit chaoties en betekenisloos word (*oranguatanguage*) klop nie juis nie. Dit is trouens die feit wat aanleiding gegee het tot 1.1.1 se vraag: al word die taal ewig verander, dit faal oor die algemeen nie as kommunikasiemiddel nie.

Daar is nog een stuk kommentaar wat betrek word oor die aard van taal voordat daar by definisies gekom word. Die Britse skrywer, Aldous Huxley, gee 'n diepsinnige opvatting van die manier waarop die mens die taal gebruik:

Thanks to words, we have been able to rise above the brutes;
and thanks to words, we have often sunk to the level of the
demons.

(Huxley, in Daintith et al, 1987:177)

Hierbo staan 'n paar interessante, en elkeen op hul eie manier akkurate, opmerkings oor taal en die woord, maar daar was nog niks om te bepaal wat 'n taal *is* nie. Hieronder volg etlike van die vernaamste definisies van taal, met kortlikse bespreking van sommige, waaruit 'n nuwe, omvattende omskrywing van die begrip geformuleer word.

Gewone woordeboeke dra meestal die sirkeldefinisies waarna vroeër verwys is. Selfs dié bevat tog belangrike kenmerke wat taal as sodanig so te sê binne perke kan stel. Taal, soos dit in die sin van kommunikasiestelsel ge-

bruik word, is in die *Chambers Concise Dictionary* (Davidson, Seaton en Simpson, 1988) yl omskryf as, onder meer, "any manner of expressing thought or feeling : an artificial system of signs and symbols, with rules for forming intelligible communications". Hierdie nosie dat taal kunsmatig is staan in direkte teenstelling met Chomskyaanse teorie dat die basiese logiese struktuur van taal beslis natuurlik is. Dit dra egter ook gewig, soos gewys word in die afdeling oor primordialeiteit (hoofstuk 2).

The New Collins Concise Dictionary of the English Language (McLeod, 1985) brei uit op *Chambers* (1988) se omskrywing, maar dra min of meer dieselfde vorm en inhoud oor die begrip:

A system for the expression of thoughts, feelings, etc., by the use of spoken sounds or conventional symbols ... the faculty for the use of such systems, which is a distinguishing characteristic of man as compared with other animals¹⁴ ... any other means of communicating, such as gesture or animal sounds ...

(*Collins*, 1985)

Die belangrikste kenmerk van taal kom voor in albei bostaande definisies, maar word nie as belangrik uitgelig nie. Trouens, dit word in 'n mate verbloem. Hierdie kenmerk is die feit dat dit 'n *sisteem* is, met konvensies en reëls vir effektiewe werking, reëls wat Chomsky meen aangebore is. Dit is hierdie kenmerk wat taal mees bepaald onderskei van kommunikasie in die algemeen (viz. 1.4).

¹⁴ 'n Kenmerk van Chomsky se siening oor taal.

In *HAT* (1988) kom die bondige verklaring dat taal 'n "stel middele [is] waardeur kommunikasie bewerkstellig word". Soos op Engels, *short, sweet and to the point*, maar nie naastenby voldoende as definisie nie. Ondanks die ylheid van hierdie formulering kom dit, saam met die laaste deel van *Collins* (1985), naaste aan 'n bevredigende definisie van "TAAL" as begrip.

Ter verduideliking, *HAT* (1988) definieer taal ook as "kommunikasiemiddel van die mens, voortgebring deur die spraakorgane; menslike spraak; ook, die skryfvorm hiervan". Laasgenoemde is, terloops, *HAT* (1988) se hoofdefinisie van taal, terwyl die omskrywing wat hierbo aangehaal is by nommer 4 opgeneem word.

Hier is twee kenmerke van taaldefinisies: hul word grotendeels omskryf in terme van kommunikasie, wat self verduideliking benodig¹⁵, en word amper sonder uitsondering eerstens as *menslike kommunikasiestelsel* genoem, en *tweedens* as algemene sisteem vir kommunikasie. Stellig moet dit andersom wees, dan nie?¹⁶

Taal moet ideaal beskou word as *langue*, in die sin van "langue en parole" wat voorgestel is deur Ferdinand de Saussure (1959)¹⁷. Dus, taal is 'n universele stelsel vir kommunikatiewe logika.

Atkinson et al se stelling oor taal stel dit dat "language is the primary ... (universal) ... means for communicating propositional thought" (1990:332).

¹⁵ Sien 1.3, veral 1.3.4

¹⁶ Eers die hoof, en dan die onderafdeling daarvan: dus, TAAL, en dan MENSLIKE TAAL, wat deel vorm van *taal* as geheel.

¹⁷ In *Course in General Linguistics* (vertaal 1959) maak de Saussure die onderskeid tussen *langue* (taal as abstrakte kommunikasiesisteem wat die gesamentlike eiendom is van 'n kommunikatiewe samelewing) en *parole* (die spesifieke taalgebruik van kommunikatiewe individue binne die samelewing).

Dit is reeds 'n groot stap weg van die simplistiese *idees en gevoelens* van die woordeboeke se omskrywings.

Chomsky (1965) ondermyn die woordeboekdefinisies verder deur taal te verwyder van woorde! Nie heeltemal nie, maar opvallend. Op dié wyse bring hy weer 'n kenmerk van taal na vore: taal is nie die stelsel van woorde self nie, maar is die multivlak sisteem waardeur propositionele eenhede¹⁸, deur middel van bepaalde tekens (in menstaal, woorde en sinne), met die uitings daarvan in verband gebring word.

1.2.4 *Eie definisie*

Dit is makliker gesê as gedaan om 'n definisie van *taal* te formuleer. Voordat daar gedefinieer kan word, moet geweet word wat daar presies te omskryf is. Met hierdie doel voor oë kan verwys word na bostaande omskrywings en daaropvolgende kommentaar om as basis te dien vir 'n meer samehangende definisie van *taal*.

Aan die konsep *taal* is teen dié tyd al verskeie waardes toegeken, waarvan nie almal versoenbaar is nie. Die begrip wat, myns insiens, die grootste gewig dra vir hierdie studie is taal as *langue*, oorkoepelende sisteem wat herhaalde sinvolle kommunikasie vermag.

Daar is onder meer bepaal dat taal sistematies is van aard. Taal is ook 'n konvensionele, nie 'n arbitrêre, middel om sinvolle kommunikasie te bewerkstellig.

Dit is van groot belang om te let dat hierdie kommunikasie by uitstek *voorspelbaar herhaalbaar* is. Dit beteken dat die sisteem se reëls dieselfde sal

¹⁸ Kortliks, die innerlike begrip van 'n konsep wat aanleiding gee tot 'n gedagte.

wees elke keer dat 'n bepaalde situasie vorendag kom. Dus, 'n bepaalde teken sal altyd bepaalde waardes dra, binne 'n bepaalde konteks. Hierdie aspek is die konvensionele aard van taal.

Laastens, en miskien mees interessant, taal is nie die sisteem van betekenisvolle tekens self nie, maar eintlik die logiese stelsel wat die betekeniswaardes aan die tekens heg.

Volgens bostaande bevindings kan *taal* as begrip dan soos volg omskryf word:

Taal is 'n abstrakte stelsel wat konvensionele reëls toepas om bepaalde waardes aan bepaalde kunsmatige tekens te heg vir samehangende kommunikasie.

Nou dat *taal* omskryf is, kan die vertakkings daarvan gedefinieer word. Wat presies is 'n taal? Die verduideliking wat gebied kan word vir 'n taal moet noodwendig op die definisie van TAAL in die algemeen berus.

Daar kan dan gestel word dat 'n taal die TAAL-stelsel is wat eie is aan 'n bepaalde kommunikatiewe gemeenskap. Sjinees byvoorbeeld is dan 'n taal binne die stelsel van menslike taal wat eie is aan die Sjinees-bruikende kommunikatiewe gemeenskap. "Menslike taal" is weer 'n taaltipe, soos in afdeling 1.5 verduidelik word.

Daar is 'n fundamentele probleem met bostaande definisies van taal: hul berus op die begrip *kommunikasie*. Hierdie begrip word nie deur die omskrywings van taal verklaar nie, en maak die definisies dan ongeldig. Ter wille van klaarheid word die term *kommunikasie* bespreek en omskryf in 1.3

hieronder. Vir die analise van kommunikasie word op dieselfde logiese wyse te werk gegaan as vir die bespreking van die konsep *taal* in afdeling 1.2 van die studie hierbo.

1.3 Kommunikasie

I didn't understand what he meant, but maybe he didn't explain it very well. He was already moving away from the imprecision of words.

Atwood (1990:3)

Die begrip kommunikasie dui 'n element aan wat sentraal is in die sosiale bestaan. Interaksie tussen individue van enige soort behels kommunikasie in die een of ander vorm, en dus is enige sosiale omgang uiteraard kommunikatief. Musiek, teater, 'n baba wat huil, 'n kat wat spin, woorde, seine, simbole: alles *kommunikasie*.

Maar wat **beteken** dit? Wat word bedoel as daar oor kommunikasie bespiegel word? Dit mag lyk asof hierdie vrae eenvoudige antwoorde verg. In der waarheid is hul veel kompleks as wat dit by die eerste blik daar mag uitsien.

Fauconnier het dit te sê oor hierdie begrip:

No matter how one defines communication, it remains a fascinating process. Why? Because it's vital to man (*sic*) and society ...

(Fauconnier, 1981:167)

Bostaande stelling maak daarop attent dat kommunikasie 'n proses is. Nie net dit nie, maar dat dit 'n proses is waarsonder die sosiale mens, inderdaad enige sosiale wese, nie kan klaarkom nie. Dit is as't ware onontbeerlik vir die sosiale (menslike) bestaan.

Daar kan natuurlik geargumenteer word dat die menslike bestaan berus op die drie kardinale biologiese drange, naamlik kos, skuiling en seks, maar daar moet onthou word dat veral laasgenoemde 'n sosiale element in spel bring. Al drie bogenoemde drange is sosiaal van aard, en bevat elkeen intrinsiek sosiale elemente.

Stellings en verklarings oor die sosiale kenmerke van hierdie saak of die sosiale beduidenis van daardie is goed en wel, maar sonder 'n kort verduideliking van die sentrale term is daar geen vastigheid aan enige argument nie.

Die vraag wat hieruit volg: wat word bedoel onder die term "sosiaal"?

Volgens *HAT* (1988) kan *sosiaal* omskryf word as 'n toestand wat "betrekking het op die maatskappy, op mense wat saamleef in 'n groep; maatskaplik" en as "gesellig saamlewend". Weer eens kan gemerk word dat dit die "mindere" definisie is wat vir die doeleindes van hierdie studie meer bruikbaar is.

Sosiaal in die sin van gesellig saamlewend sluit in alle spesies wat in kontak met ander leef, en word nie beperk tot menslike kenmerke nie.

Daar moet ook gelet word dat die definisie van *HAT* (1988) dit nie heeltemal gelyk het nie: sosiale kontak of omgang is *nie* noodwendig *gesellig* nie.

Voorbeelde hiervan is situasies soos twis, oorlog, en interpersoonlike geweld van enige aard. Hierdie verskynsels word eintlik as *anti-sosiaal* bestempel, wat vanselfsprekend sosiale implikasies bevat.

Die voorbeeld wat hieronder gekies is om miskien iets oor die konsep *kommunikasie* uit te lig, bevat elemente van 'n hele paar sosiale kenmerke wat reeds genoem is: seks, geweld, in 'n mindere mate skulling en kos, oftewel die jagtog-element van kossoek, gesagstrukture, en 'n menigte sosiopolitiese elemente daarby.

1.3.1 *Kommunikasie: Agtergrond*

Daar is volop tekenprente en dies meer wat handel oor grotbewoners wat, as die man vrou soek, sy 'beminde' doodeenvoudig disnis moker met 'n knuppel en dan aan die hare wegsleep, vermoedelik na sy grot toe. Is so 'n handeling kommunikatief? Indien wel, kan 'n mens vra, waar lê die kommunikasie in so 'n situasie?

In hierdie voorbeeld lê eintlik twee kommunikatiewe handelinge opgesluit. Vir die eerste moet daar as 't ware tot binne die tekenprent, tot binne in die aksie, gegaan word¹⁹. Hier berus die kommunikasie egter op 'n aanname: die vrou het al van tevore so 'n 'hofmakery' ervaar, of ten minste waargeneem. Die aksie van die man sou dus aan haar sy intensie duidelik maak. Dit sal ook sy bedoeling duidelik maak aan enige getuie wat so 'n aksie *reeds ervaar of besigtig het*. So 'n kommunikasie is dus talig van aard²⁰.

Indien die vrou of waarnemer egter so 'n aksie nog nie beleef het nie, is daar steeds 'n element van kommunikasie wat oorgedra word. Dit is egter nie talig

¹⁹ Let op dat daar nou aangeneem word dat die aksie wat in die strokiesprent uitgebeeld word wel gebeur.

²⁰ Onthou dat een van die kernkenmerke van taal is dat dit konvensioneel is. Vir verdere verduideliking hiervan, sien afdeling 1.4: die verhouding tussen taal en kommunikasie.

nie. Daar kan miskien gepraat word van *intuitiewe kommunikasie*, wat gebaseer is op die konteks²¹ van die omringende aksies.

Dit werk soos volg: die waarnemer van die handeling sal na die tyd beseft dat die man die vrou oorrompel het met die doel voor oë om haar weg te sleep. Die kommunikasie aan die toeskouer is dus dat die man die vrou wil wegsleep, en as hy hul volg en dophou sal hy die verdere doel vir die wegslepery uitvind. Wanneer die vrou bewussyn herwin, sal hierdie kommunikasie ook aan haar duidelik word, sodra sy die bedoeling van die man se aksie verstaan. Elke maal wat hul daarna dieselfde tipe situasie meemaak, sal hul die bedoeling daarvan snap nog voordat dit (die finale oogpunt) bereik word. Die kommunikasie ontwikkel dus tot taligheid, in stede van intuitief te bly.

Die tweede kommunikatiewe handeling wat in die voorbeeld gevind kan word, het geen aannames van waarheid nodig nie. Hierdie handeling is die een tussen die tekenprent (se skepper) en die wat daarna kyk, die leser.

Die prosesse is min of meer dieselfde, maar verskil op elementêre vlak. Kommunikasie in die prent hang grotendeels af van die leser se voorafgaande kennis. Dit is in hierdie aspek waar die ooreenkoms, sowel as die onderskeid, tussen die prent en die 'ware' gebeurtenis gemerk kan word. Die prentkyker word geplaas in feitlik dieselfde posisie as die toeskouer van die daad, en die prosesse van kommunikasie is kennelik ook basies dieselfde as vir die toeskouer.

Maar daar is ook een fundamentele verskil tussen die leser en die toeskouer. Die toeskouer is, weens sy onmiddellike situasie, daartoe in staat om die man

²¹ Sien voetnoot 9, p. 15

en vrou te agtervolg om die uiteindelijke doel van die aksie vas te stel. Die leser, om vanselfsprekende redes, is nie²².

Die leser van 'n strokie wat so 'n aksie uitbeeld, wat nie van tevore kennis van 'n soortgelyke uitbeelding of stelling meegemaak het nie, sal eerstens die beeld as letterlike voorstelling sien van die man wat die vrou oor die kop slaan met 'n knuppel. Daar is egter vir so 'n leser geen *doel*-kommunikasie in die prent of ander representasie van die daad nie.

Om die kommunikasie van die slaner se doel uit die prent te kry moet die leser voorafgaande kennis hê van 'n soortgelyke representasie van 'n soortgelyke daad *waarvan hy die betekenis snap*. Anders is die prent, kommunikatiefgesproke, vir hierdie leser waardeloos. Sodra die leser kennis oor die betekenis verkry uit feitlik enige gesaghebbende bron, soos 'n ander leser wat die betekenis reeds snap, of deurdat dit binne bogenoemde reeks-konteks gelees word, sal hy, met hierdie insig voorberei, die betekenis van die daad in die prent snap²³.

In die geval van die geïsoleerde prent van die daad is daar geen sprake van kommunikasie nie, indien die leser geen voorafgaande kennis van so 'n daad en sy gevolge dra nie. Die geïsoleerde prent bied ook geen moontlikheid vir intuitiewe kommunikasie nie. Hieruit kan dus aanvaar word dat geïsoleerde representasies, soos die enkele prent, slegs talige kommunikasie kan oordra,

²² Daar moet op gelet word dat daar 'n aanname is dat die prent 'n enkele item is wat besigtig word. Sodra dit binne konteks van 'n reeks gepaardgaande prente in 'n strokie gelees word, dan is die leser meer daartoe in staat om die aksie te volg tot by sy konklusie, indien die prente daartoe lei.

²³ Die verstaan van die daad se betekenis is nie beperk tot die prent nie. Dit strek na alle representasies van, en verwysings na, die daad wat die leser mee in aanraking kom, insluitend dié wat hy vroeër gemerk het, maar nie verstaan het nie.

en verder, dat albei vorme van kommunikasie, talig en intuitief, konteksgebonde is.

1.3.2. Die belang van kommunikasie en kommunikasiestudie

In 'n sosiale situasie is kommunikasie onmisbaar. Daar kan selfs gesê word dat dit kommunikasie is wat sosiale omgang moontlik maak; dat sonder enige middel van mededeling, kontak tussen wesens haas onmoontlik sou wees.

Sosiale kontak is uiteraard kommunikatief.

Om bostaande stelling ten volle te waardeer, moet onthou word dat kommunikasie nie beperk is tot taal, die ooglopendste vorm daarvan, nie. Dit sluit trouens alle metodes van informasie-oordrag in.

Ook hierdie stelling is nie heeltemal voldoende om losweg die aard van kommunikasie vas te stel nie: die informasie moet *korrek* oorgedra word. Dit wil sê, die informasie wat die sender aan die ontvanger wil oordra moet volledig en akkuraat oorgeplaas word, en moet die sender se bedoelde interpretasie by die ontvanger uitlok.

Daar is reeds talle kundiges wat opmerkings oor die aard van taal en talige kommunikasie gemaak het. Verskeie van dié merk op dat dit die bedoelde interpretasie is waar die essensie van suksesvolle kommunikasie lê. Dit is in die werk van Sperber en Wilson (1988), wat fokus op die afwykings van grammatikale taal en die meer simboliese aspekte daarvan, waar daar heelwat bespiegel word oor die belangrikheid van die sender se bedoeling, of die bedoelde interpretasie. Meer hieroor in afdeling 1.6.

Indien informasie nie akkuraat van sender na ontvanger oorgedra word nie, is daar vanselfsprekend geen sprake van kommunikasie nie. Oor hierdie saak

word ook onder meer uitgebrei in 1.3.4 waar 'n eie definisie van hierdie begrip opgestel word.

Die bepaling van die belang van kommunikasie binne 'n sosiale omgewing is 'n taak van dieselfde orde as om die volle maat van die betekenis van water of suurstof vir die lewe soos dit bekend is, te besef. Die inwerking van kommunikasie in 'n sosiale situasie, dit wil sê enige inter-individuele kontaksituasie, is miskien die mees verreikende invloed van enige saak wat bekend is.

Kommunikasie is sentraal tot enige interpersoonlike kontak. Om terug te keer na bostaande analogie: soos water nodig is vir die lewe, so ook is kommunikasie nodig vir gemeenskap, vir samelewing. Die sentraliteit van kommunikasie vir sosiale bestaan is selfs meer diepsinnig as die water-lewe verhouding: sonder water is daar geen lewe nie, maar sonder kommunikasie is daar geen gemeenskap nie. Dit mag lyk asof hierdie verhoudings eenders is, aan die hand van hierdie oënskynlike gelykstelling. Daar kan egter verder gegaan word in die geval van die kommunikasie-gemeenskapsverhouding deurdat te stel dat gemeenskap ondergeskik is aan kommunikasie, dat dit as 't ware 'n figuurlike onderafdeling vorm onder dié hoof. Die feit bly dat lewe sonder kommunikasie 'n lewe sonder enige moontlikheid van gemeenskap is, en dat enige sosiale kontak afhang van kommunikatiewe omgang, om nie te praat van wesenlike intersosiale verhoudings nie.

Indien daar volgens die proses om die belang van 'n studie te bepaal, soos uitgelê in 1.2.2, te werk gegaan word, loop bostaande die taak effe vooruit. Die belangrikste stap in hierdie proses is, soos reeds uitgelig in die raming

van taalstudie se waarde, om die presiese konsep, die onderwerp van die studie, te identifiseer.

’n Vollediger ondersoek na die begrip kommunikasie word hieronder ingestel in 1.3.3 en veral 1.3.4, waar ’n breedvoerige definisie van die saak opgestel word. Hier word nou ’n analise gedoen van enkele bestaande omskrywings van die term, maar intussen is dit voldoende om die konsep ligweg te beskryf as *die oordrag van informasie*.

Dit mag lyk asof die logiese stap sou wees om die belang van kommunikasie vir die gebruikers daarvan, dit wil sê enige wese wat binne ’n sosiale situasie verkeer, te bepaal, omrede dit die proses is wat in 1.2.2 opgestel is. In hierdie geval is daar egter ’n tussenstap wat vooraf voltooi moet word, om dit logies af te handel. Daar is ’n sentrale konsep inherent in die kort omskrywing van kommunikasie waarvan daar ietwat meer verklarings nodig is. Hierdie konsep is *informasie*.

In die twintigste eeu veral speel informasie ’n belangrike rol in die menslike lewe. Die verspreiding van nuus en kennis het oor die afgelope paar dekades of wat in ’n wetenskap op sigself geëvolueer. Die wêreld "verklein" as ’t ware elke dag namate die tegnologie vinniger, meer doeltreffende wyses vind om inligting te versprei. Die hedendaagse samelewing is afhanklik van sy informasienetwerke wat die daaglikse organisasie van die lewe in ons moderne wêreld moontlik maak.

Die moderne mens is in der waarheid informasie-gerig, en ook inligting-*gierig*. Sonder die oorplasing van inligting sou die ganse beskawing soos dit bekend

is in duie stort. Daar kan weliswaar selfs geargumenteer word dat dit sonder informasie-oordrag nooit tot stand sou gekom het nie.

As sentrale konsep in die evaluasie van die belang van *kommunikasie* is dit noodsaaklik dat die omvang van hierdie element (informasie) bepaal word. Hierdie bepaling sluit in die definisie daarvan, asook die invloed wat informasie self op die sosiale wese uitoefen. Laasgenoemde is kortweg hierbo behandel, maar daar is uitsluitlik gefokus op die uitwerking van informasie op die MENS, sonder dat daar enigsins melding gemaak is van die ganse kommunikatiewe gemeenskap, beide menslik en buite-menslik.

Die term *informasie*, hier ook "inligting" genoem, is vanself 'n yslike konsep om te probeer vaspen en dit sal dus ook 'n tergende opgaaf wees om 'n omskrywing daarvan te gee wat terselfdertyd breed, insigtelik en bondig is. Hieronder word 'n kort analise gemaak van die essensie van *inligting*, en 'n gebruiklike definisie daarvoor opgestel. Dit sal egter nie 'n autoritatiewe omskrywing wees nie, omrede dit doelgerig is: dit word saamgestel tot staving van die bespreking van die konsep *kommunikasie*.

In ons sogenaamde rekenaar-era is die verspreiding en verwerking van informasie die sentrale doel van stelsels waaraan 'n ongelooflike hoeveelheid geld, tyd en energie bestee is. Informasiestelsels is deesdae so gevorderd dat daar tot op universiteitsvlak kursusse in hierdie vakgebied, inderdaad 'n wetenskap, aangebied word. Ondanks al die aandag daaraan geskenk, moet onthou word dat die kernkonsep presies dieselfde is as wat in elke natuur-sisteem bestaan, en dat die sentrale prosesse daaraan verbonde universeel is.

Informasie word, onder andere, in *Collins* (1985) omskryf as "knowledge acquired through experience or study ... knowledge of specific and timely events or situations; news ... another word for **data**". Bostaande definisie vir so 'n kernelement in die bestaan is nogal yl, en is vir beide die toevallige waarnemer en die doelgerigte ondersoeker hopeloos onvoldoende. *HAT* (1988) se definisie is net so onbevredigend. Van informasie word gestel dat dit "meegedeelde kennis of feit; inligting" is, terwyl *inligting* weer bestempel word as 'n "mededeling waardeur iemand op hoogte van sake gebring word". Die omskrywings in beide hierdie sogenaamde "verklarende" woordkundige werke is eerstens grotendeels eksklusief opgestel vanuit 'n menslike perspektief, en is selfs vanuit hierdie oogpunt hopeloos *onverklarend*. Hul verduidelik inderdaad niks oor die konsep nie, maar gebruik 'n element van die sirkelredenasie waarna hierbo in 1.1.2 verwys is. Die gelykstelling met data in *Collins* (1985) kom van hierdie verduidelikings die naaste aan die kern van die konsep in die konteks van hierdie studie: informasie as die eenhede van kommunikasie, die fokus van interpersoonlike omgang.

Wat dan is *data* presies? *HAT* (1988) gee geen definisie daarvoor nie, en *Collins* (1985) se omskrywing kom vanuit 'n suiwer rekenaarwetenskaplike perspektief: "a series of observations, measurements or facts; information ... the information operated on by a computer program". Volgens bostaande definisie is data eenhede van informasie, wat niks bydra tot 'n helderder beskouing van die term informasie nie.

Dit is data wat mees gepas is vir die bespreking van kommunikasie as die oordrag van informasie, dit wil sê die oordrag van data. Die sirkelredenasie wat hierbo oor die relasie tussen data en informasie belig is, is 'n aanduiding van die kompleksiteit wat verbonde is aan so 'n klaarblyklik eenvoudige term. Data, oftewel informasie soos dit in die sin van hierdie studie gebruik word, kan beskryf word as bepaalbare, kontroleerbare feite. Dit is veral moeilik om die konsep te verduidelik sonder om die term(e) self in die omskrywing te gebruik, maar dat data bestaande feite is, is min of meer onbetwisbaar. Sowel as bepaalbaar, is hierdie feite ook herkenbaar, herwinbaar en namaakbaar, sodat hul oorgedra kan word tussen individue. Dit is dan die essensie van kommunikasie.

Kommunikasie is weer self die essensie van die sosiale bestaan. Al is taal belangrik om die informasie oor te dra tussen sosiale wesens (soos belig in veral 1.2.2), vorm dit slegs 'n voertuig vir die oorkoepelende kommunikatiewe proses.

Verskeie kundiges in die taal en linguistiek, onder wie Noam Chomsky (1965), Georgia M. Green (1989) en veral Sperber en Wilson (1988), het ingewikkelde modelle en teorieë opgestel om die taalprosesse te beskryf en te verduidelik. Sommige daarvan is gerig op spesifieke aspekte van die proses, terwyl ander weer breed strek om die hele konsep in te sluit. Daar moet te alle tye onthou word dat hierdie beskrywings en modelle almal die voertuig vir sosiale omgang bespreek. Die besprekings dui heel dikwels aan dat kommunikasie op sus of so 'n manier werk, terwyl wat eintlik beskryf word, is hoe taal werk om kommunikasie moontlik te maak. Sperber en

Wilson (1988) se relevansieteorie kom miskien tot dusver naaste aan 'n verduideliking van kommunikasieprosesse, maar is steeds sterk gefokus op taal as grondslag.

Die belang van kommunikasie vir die sosiale wese is, soos reeds telkemale hierbo betoog, onmisbaar. Die volle omvang van die uitwerking wat dit het op gemeenskaplikheid, op verkeer van enige soort, kan nie bepaal word nie, omrede dit onmoontlik sou wees om 'n beskouing van 'n sosiale situasie sonder kommunikasie op te stel. Sonder kommunikasie is daar inderdaad geen sosiale situasies nie.

Die belang van kommunikasiestudie is van presies dieselfde aard as dié van taalstudie. Dit is belangrik om die konsep kommunikasie beter te verstaan, omdat dit eintlik die oorkoepelende konsep is wat gemeenskaplikheid moontlik maak. Dit is wat taalsisteme tot stand gebring het. Dit is wat taal nodig maak.

1.3.3 *Kommunikasiedefinisies*

Die saak kommunikasie is redelik yl bespreek vir 'n konsep so belangrik vir die sosiale bestaan. Daar is in der waarheid nie veel definisies of besprekings wat enige diepte bevat oor die betrokke saak nie, maar enkeles van dié wat wel voorkom, word in hierdie onderafdeling kortliks krities beskou. Aan die hand van etlike van hierdie beskouings word 'n nuwe, meer breedvoerige definisie van kommunikasie in 1.3.4 opgestel.

HAT (1988) het dit daaroor dat kommunikasie "kennisgewing, mededeling" is. Uit hierdie omskrywing kom hoofsaaklik twee belangrike kenmerke van kommunikasie te voorskyn: (1) daar is sprake van mededeling, wat aandui

dat daar veelvoudige individue betrokke is by die handeling en (2) dit het te doen met die gee van kennis, of feite, wat weer saamhang met die idee dat dit met informasie te make het.

’n Verdere definisie van die term in ’n ander sin word in *HAT* (1988) gegee as "Verbinding, verkeer, bv. deur middel van taal". Hieruit kan afgelei word dat die term weer eens geassosieer word met die samekoms van meer as een individu, omrede daar gemeld word dat daar verbinding²⁴ plaasvind.

Miskien die belangrikste kenmerk van kommunikasie wat uit *HAT* (1988) se definisie gelig kan word, kom, ironies genoeg, uit die effe kleingeestige beheptheid wat die woordeboekomskrywings het met taal en kommunikasie as slegs menslike aktiwiteite. Daar moet egter toegegee word dat in hierdie geval die menslike betrokkenheid bepaald as voorbeeld gebruik word, en nie as eng deel van die definisie nie. Taal, soos dit in 1.2.2 uitgelig is, is hoofsaaklik as menslike bedrywigheid bestempel.

Dit is inderdaad die verwysing na taal in bostaande definisie van kommunikasie wat laasgenoemde belangrike kenmerk uitlok: kommunikasie is ’n konsep, ’n proses, en hierdie konsep het ’n voertuig nodig vir sy verwesenliking. Kommunikasie bestaan as saak nie. Dit is ’n term om na ’n proses te verwys wat deur middel van ’n komplekse sisteem van interpretasie na volheid gebring word. Kortliks gestel: kommunikasie kan nie sonder verwysing na ’n sisteem van interpretasie, byvoorbeeld ’n taalsisteem, gedefinieer word nie. So ’n sisteem is ’n essensiële element van die kommunikatiewe proses, maar het terselfdertyd sy eie bestaan te danke aan die konsep wat hy moont-

²⁴ "Verbinding ... 2. Aansluiting, kontak ..." (*HAT*, 1988)

lik maak. Dit is hierdie onderling afhanklike verhouding wat die bespreking van kommunikasie as konsep, apart van die bespreking van taal, bemoeilik.

Collins (1985) se omskrywings het nie veel nuuts om aan te bied nie, maar steun in wese die kommentaar en bevindinge ten aansien van die definisies in *HAT* (1988). "The imparting or exchange of information, ideas or feelings ..." is *Collins* (1985) se beslissing oor die konsep kommunikasie. Oor die term "communicate" (kommunikeer as handeling) stel *Collins* (1985) dit so dat daar te werk gegaan word "to impart (knowledge) or exchange (thoughts) by speech, writing, gestures, etc. ... to transmit (to)".

Ook *Collins* (1985) se definisies is mensgerig. In die sin van "exchange of information" hang hierdie definisie presies saam met die yl formulering vir die term soos hierbo opgestel in 1.3.2, en is dit redelik universeel. Met die byvoeging van die terme "ideas", "feelings", "thoughts", "speech" en "writing" kom daar egter die besliste element van menslikheid by, en *Collins* (1985) se definisie van kommunikasie as oorkoepelende konsep word ongeldig.

In *Atkinson et al* (1990), een van die bronne wat in hierdie studie gebruik word om enkele psigologiese aspekte uit te lig, word kommunikasie as sodanig glad nie bespreek nie. Selfs in hul afdeling getiteld "Language and Communication" is die bespreking geheel en al gerig op taal, die voertuig of gereedskap vir kommunikasie. Dit is weer 'n aanduiding van die algemene onkunde oor hierdie so te sê lewensbelangrike element van ons bestaan as sosiale wesens.

Selfs in *Fauconnier* (1981) se heel omvattende omskrywing van kommunikasie, word die klem gelê op kommunikasie as hoofsaaklik 'n menslike eien

skap, met sowat geen verwysing na die universele belang en voorkoms van hierdie saak nie:

From a general communication-theoretical point of view, human or social communication is a process in which a source tries to make data available to a recipient by means of a channel, signs and symbols, with the intention of letting the recipient process the data into information with a meaning intended by the source.

(Fauconnier, 1981:167)

1.3.4 *Eie definisie*

Die omskrywing van die konsep kommunikasie wat vir die doeleindes van hierdie studie opgestel word, word losweg gebaseer op die vroeër beskrywing daarvan in 1.3.2, wat ook in 'n effe verboë form in *Collins* (1985) se woordeboek verskyn, en op Fauconnier (1981): kommunikasie is die oordrag van informasie.

Die veelvoudigheid van deelnemers by kommunikatiewe handeling is ook 'n essensiële element vir 'n voller verstaan van die begrip wat by bostaande punt aangevul word. Onthou ook dat die informasie wat oorgedra word korrek en akkuraat tussen hierdie deelnemers versend moet word. Dit wil sê, die bedoelde informasie moet die ontvangde informasie wees.

Informasie is ook in 1.3.2 baie kortliks beskryf as bepaalbare of kontroleerbare, herwinbare, herkenbare, namaakbare feite of feitlike eenhede. Dus kan, aan die hand van hierdie twee stellings, kommunikasie beskou word as die oordrag van feitlike eenhede wat voldoen aan bostaande vier vereistes.

Kritiese beskouings van enkele bestaande definisies van die term wat hierbo in 1.3.3 voorkom, lei ook tot sekere ander aanvullings by die nuut saamgestelde definisie. Die nuwe omskrywing moet, om die fout wat in beide *HAT* (1988) en *Collins* (1985) verskyn, te vermy, universeel inklusief wees, en nie verwys na slegs menslike kommunikatiewe kenmerke soos taal, skrif, idees of spraak en dies meer nie. Menslike aspekte sou dit uitsluitend en vervreemdend maak vir alle sosiale wesens behalwe die mensdom, en die definisie dus as generiese omskrywing ongeldig maak.

Die laaste kernelement wat die nuwe definisie moet oordra, is dat kommunikasie as abstraksie bestaan, as proses wat 'n geordende interpretasiesisteem benodig vir verwesenlikking. Hierdie sisteem mag ook nie na verwys word as taal of enige ander mensgerigte term nie, al is taal wel 'n voorbeeld van so 'n sisteem. Die emotiewe uitwerking van die term taal sou menslike, dus ongeldige, konnotasies aan die definisie verleen.

Ter opsomming volg die nuut geformuleerde definisie hieronder:

Die begrip kommunikasie verwys na 'n abstrakte proses waarin identifiseerbare feite, wat bepaalbaar, kontroleerbaar, herwinbaar, herkenbaar en namaakbaar is, deur middel van 'n geordende kodifikasie- en interpretasiesisteem akkuraat tussen individue in 'n sosiale situasie oorgedra word van sender na ontvanger.

Hierdie definisie van kommunikasie as begrip blyk voldoende te wees vir die doeleindes van hierdie studie. Daar is egter enkele twispunte ingesluit wat

hieronder bespreek word in afdeling 1.4, die bespreking van presies hoe taal en kommunikasie eintlik met mekaar skakel en wat die verhouding is tussen dié twee konsepte.

1.4 Die verhouding tussen taal en kommunikasie

“When I use a word,” Humpty Dumpty said in rather a scornful tone, “it means just what I choose it to mean — neither more nor less.”

Carroll (1983:184)

Taal en kommunikasie is twee afsonderlike konsepte. Tog is hul verbonde. Daar ontstaan dus die vraag van hoe afsonderlik hulle eintlik *is*? Presies waar en in watter mate lê die skakel tussen hulle?

Die terme taal en kommunikasie is hierbo kortliks bespreek, en redelik omvattend omskryf. Die bespreking is egter op ’n aparte grondslag gevoer, terwyl die konneksie, die wesenlike skakel tussen die konsepte nie behandel is nie. Die oogmerk vir afdeling 1.4 is om hierdie skakel te identifiseer, te analiseer en te verklaar.

Aan die hand van die twee definisies vir hierdie terme wat vir die doeleindes van hierdie studie opgestel is in 1.2.4 en 1.3.4 kan gesien word dat daar verskeie gemeenskaplike kenmerke bestaan tussen die konsepte, maar dat daar ook ’n besliste skeiding tussen hulle is.

Die twee terme is definitief op verskeie vlakke aan mekaar verbonde, en daar is in ’n sekere mate sprake van afhanklikheid van mekaar. Indien daar na die

definisies van die terme gekyk word, kan gemerk word dat net een van die terme as werklik selfstandig beskou kan word:

Taal is 'n abstrakte stelsel wat konvensionele reëls toepas om bepaalde waardes aan bepaalde kunsmatige tekens te heg vir samehangende kommunikasie,

terwyl, aan die ander kant,

kommunikasie verwys na 'n abstrakte proses waarin identifiseerbare feite, wat bepaalbaar, kontroleerbaar, herwinbaar, herkenbaar en namaakbaar is, deur middel van 'n geordende kodifikasie- en interpretasiesisteem akkuraat tussen individue in 'n sosiale situasie oorgedra word van sender na ontvanger.

Die definisie vir taal hierbo sluit in, as kernkonsep, die term kommunikasie. Vir kommunikasie is daar egter geen sprake van taal as noodsaaklike bestanddeel nie. Hieruit kan afgelei word dat dit taal is wat die "mindere" belang dra van die twee konsepte.

Daar moet egter nie gedink word dat die konsep taal in enige mate afgeskeep of as 'n onbelangrike konsep beskou word nie. Inteendeel, afdeling 1.2.2 wys juis hoe belangrik taal as sisteem is vir die ganse kommunikatiewe bestaan. Taal is miskien die belangrikste proses waardeur kommunikasie bewerkstellig word, indien dit (taal) beskou word as geordende stelsel vir kodifisering en interpretasie.

Juis in hierdie beskouing van taal word sy verhouding met die konsep kommunikasie blootgelê: *taal is proses vir kommunikasie*. Die idee hier is dat

taal bloot 'n sisteem is wat ingestel word om 'n bepaalde doel, in hierdie geval kommunikatiewe interaksie, te bereik.

Dus, kommunikasie is afhanklik van taal om effektief tot werklikheid te kom. Dit blyk korrek te wees totdat die definisie van kommunikasie self weer van naderby beskou word, veral waar dit lui dat kommunikasie *deur middel van 'n geordende kodifikasie- en interpretasiesisteem ... oorgedra word.*

Die verwysing na 'n sisteem is die sleutelkonsep in hierdie denkpatroon. Die verhouding tussen taal en kommunikasie kan dan effektief soos volg gestel word: taal is een proses, sisteem of metode waardeur 'n resultaat of doel van kommunikasie bewerkstellig word. Daar is wel ander kommunikasie-metodes wat nie talig is van aard nie, soos hieronder in 1.5 en veral 1.7 kortliks bespreek word.

1.5 Taaltipes

Die essensie van die bespreking hieronder is om verskillende gedaantes van die konsep te beskou in die lig van sy definisie as *abstrakte stelsel wat konvensionele reëls toepas om bepaalde waardes aan bepaalde kunsmatige tekens te heg vir samehangende kommunikasie.*

Hieronder word taal as stelsel vir kodering en ontleding, en veral die verskillende taaltipes en soorte sisteme wat talig is van aard, bespreek as presies dit — stelsels wat kommunikasie moontlik maak. Etlke voorbeelde van oënskynlik nie-verwante kommunikasiestelsels word hieronder beskryf, maar elkeen is beslis 'n taal in die sin van 1.2.4 se omskrywing.

1.5.1 *Inleidend*

Elke sosiale stelsel het 'n eie kommunikasiesisteem wat gebruik word om onderling tussen sy lede verbinding te voer. Hierdie kommunikasiesisteme is die "tale" van die bepaalde stelsels. Tale van die verskillende stelsels is ook dikwels verskillend op verskeie vlakke.

Die twee grootste Sjinese dialekte, byvoorbeeld, Mandaryns en Kantonees, is leksikaal en foneties baie verskillend van mekaar, en 'n Mandaryn sou nie 'n verbale gesprek met 'n Kantoneessprekende kon voer nie. Die skriftelike weergawes van elk se taal is egter wedersyds verstaanbaar. Hul kan dus wel 'n sinvolle skriftelike "gesprek" voer.

Die meerderheid menslike tale is egter op alle vlakke, foneties, leksikaal en skriftelik verskillend, en gebruikers van die een taal kan nie effektief talig kommunikeer met dié van 'n ander nie.

Sommige tale het geen skriftelike weergawe nie, en is puur verbale tale, soos byvoorbeeld dié van die San gemeenskappe in die Kalahari-woestyn. Ander se skryfsisteme is weer so uiteenlopend en kompleks dat dit moeilik is om te glo dat elkeen se funksie presies dieselfde is as dié van die ander. Daar word hier verwys na die Romeinse alfabet (wat hier gebruik word), dié van die Sjinese, die Japanners, die Arabiese alfabet en die Griekse, die Cirilliese teks uit Rusland, en selfs Noorse skrif.

Hierbo is slegs verwys na enkele menslike tale. In die nie-menslike sosiale stelsels kom daar ook 'n menigte tale en taalsisteme voor, wat ook gebaseer is op bepaalde tekens, bewegings, seine, simbole en klanke waaraan spesifieke waardes geheg word. Kommunikasie hier is ook die beste tussen lede

van dieselfde sosiale groep, soos byvoorbeeld tussen soortgelyke diere en dies meer, terwyl interspesie omgang weer moeilik, en heel dikwels onmoontlik, is.

Hieronder word daar kortliks verwys na verskeie van hierdie soortverspreide taalsoorte, naamlik dié gebaseer op merke en patrone, dié van die sosiale insekte, en van die sogenaamde "laer" en "hoër" diere, waaronder die mens se taalstelsels hoort te staan. Omrede daar meer oor die menslike kommunikasie nagevors en dus bekend is as oor ander sisteme, word "menstaal" in hierdie afdeling apart behandel, en verder in 1.6.

1.5.2 *Merke en patrone*

Miskien die oudste kommunikasiesisteme bekend, is in die plante- en diere-rieme te vinde. Kleure, merke en ingewikkelde patrone op die blare, vel, pels, vere, of skubbe van feitlik alle lede van die plant-, dier-, voël- en visgemeenskappe is nie net sommer daar nie.

Elke patroon is meestal uniek tot 'n spesifieke spesie. Die doel van hierdie uiterlike verskil van ander is om die lid visueel uit te kan laat ken deur ander lede van die spesie, sowel as deur lede van ander groepe. Die uitkenning binne die spesie is veral van belang wanneer daarop gelet word dat die merke soms selfs ook verskil tussen die geslagte binne die spesie. Laasgenoemde kenmerk is veral merkbaar in soorte waar daar onderling kompetisie is vir paardoeleindes, en dit blyk dat dit dikwels die spoggerigste kêrel is wat die wyfie wen. Die meeste voëlsoorte, en veral die bekende poumannetjie, is puik voorbeelde van hierdie kenmerk.

Intersoort kommunikasie word egter ook heel dikwels deur middel van merke, kleure en patrone bewerkstellig. Uiteraard is hierdie merke nie gerig op paring nie; intendeel, hul word dikwels blootgelê om in 'n meer roofsgtige sin "gelees" te word. Hul word meestal met waarskuwings van gevaar vir ander soorte geassosieer, soos in die geval van sommige van die giftige plante, visse, paddas en slange.

Soms word die patrone slegs gebruik om gevaar te bedrieg; om ander te flous tot die denke dat die bepaalde wese gevaar inhou. Verskeie diere en plante gebruik hierdie tegniek om self gevaar te ontduik, maar dit is die dodelike kobras wat as puik voorbeeld hiervan gebruik sal word.

Wanneer die kobra gereed maak om te pik, is hy geheel en al blootgestel aan 'n aanval van agter. Die kapel wat hy sprei in sy karakteristieke aanvalspose is dit wat eintlik sy gesig na agter versper. Dit is egter terselfdertyd wat hom in 'n mate beskerm van 'n aanval uit hierdie rigting. Die kobra dra agter op sy kapel twee helder ronde patrone wat lyk na oë. Dit is hierdie "oë" wat die kobra agter in sy kop dra wat 'n potensiële roofdier kan afskrik, of ten minste twee keer laat dink voordat die kobra self 'n maaltyd word.

Daar is nog 'n slangsoort wat as voorbeeld van 'n ander soort patroon-foppery gebruik word. Die skadelose koningslang dra feitlik dieselfde patroon en kleure as die doodsgevaarlike koraalslang. Dit is 'n baie goeie voorbeeld van merke wat gebruik word om ander te flous deur gevaar voor te stel. Daar is heelwat skadelose diere, plante en insekte wat die skakerings van ander giftige soorte naboots om roofvyande te ontmoedig.

Die laaste hoofrede vir kleurskakerings en merke in die natuur is kamouflering. Visuele vermomming en onsigbaarheid word hoog op prys gestel onder beide die roofdiere en die prooi as sleutelemente tot elk se oorlewing. In die geval van roofdiere is dit seker die sogenaamde "groot katte", veral die tiere van Indië en die luiperds van Afrika, asook baie van die meer aggresiewe slange, wat hierdie kamouflermerke die beste vertoon. Elk se merke sluit so nou aan by die dier se gemiddelde natuurlike omgewing dat hy, indien hy stilstaan, feitlik onsigbaar is teen die agtergrond.

Ook die prooi se merke word op hierdie manier benut. Indien baie van die bok- en veral voëlsoorte teen die agtergrond van hul gewone nesgebiede stilsit of -staan, dan kan hul baie moeilik gesien word. Insekte is ook goeie voorbeelde van hierdie verskynsel, veral as daar gedink word aan die stokkieduiwel, wat nie net gemerk is soos 'n stok nie, maar eintlik soos 'n tak of 'n stok gevorm is om rowers te ontduik. Ongelukkig kan hierdie kullery egter terugplof wanneer daar 'n planteter opdaag ...

Sekerlik van die interessantste gebruikers van kleur en merke is die verkleurmanneling en 'n dier wat miskien minder bekend is vir hierdie bepaalde vermoë: die seekat. Hierdie twee het die gawe om hul merke willekeurig te verander om presies by hul bepaalde omgewing te pas, sodat hul ook nie sommer net so gesien kan word nie. Hul flous die potensiële jagter, asook hul eie prooi, om te meen dat hul nie eers daar is nie.

Elkeen van bostaande voorbeelde van kleur- en patroongebruik onder soorte is in 'n mindere of meerdere mate kommunikatief van aard. Elke kleur of patroon stuur 'n boodskap uit aan ander, en elke boodskap word naderhand

talig van aard na mate die betekenis van die bepaalde merke aangeleer word deur die "leser". Dit is juis dít wat die soortkullery veral laat werk: roofdiere leer dat sulke merke gevaar inhou, en laat diere en plante met daardie betrokke merke met rus — selfs dié wat werklik skadeloos is, en maar net gevaarlik lyk.

Dus, merke en patrone is 'n vorm van talige kommunikasie. Die mens self gebruik heel dikwels merke as 'n talige, dit wil sê 'n vasgestelde, kommunikasiemiddel, maar meer hieroor in 1.5.6.

1.5.3 *Sosiale insekte*

Van die gevorderdste kommunikasiestelsels aan die wetenskap bekend, is dié van die sosiale insekte; dit wil sê daardie insekte wat gemeenskaplike bestaan voer in betreklik groot aantalle. Voorbeelde van sulke insekte is, onder meer, bye, termiete en miere.

Elk van bogenoemde sosiale inseksoorte lewe binne 'n geordende stelsel. Elke onderafdeling binne hierdie soort het 'n bepaalde, sommige meen inherent geprogrammeerde, funksie in die stelsel. Hierdie stelsels, moet gemerk word, bestaan dikwels, veral in die geval van sekere miere, uit miljoene individue wat elk saamwerk om sy bepaalde hoogs komplekse sisteem te laat werk.

Binne so 'n komplekse sosiale omgewing, waar te doen is met sulke groot getalle lede, is daar noodwendig kommunikasie vir effektiewe behoud van die gemeenskap. Hierdie kommunikasie moet ook teenoor alle lede van die gemeenskap oop wees. Dus moet die onderliggende sisteem wat gebruik word om te kommunikeer tussen elke lid van so 'n geweldige aantal ver-

staanbaar, en bruikbaar wees. Dit moet herhaalbaar wees tot op minstens die aantal lede van die bepaalde gemeenskap, en is, as sodanig, 'n taalsistiem.

Verskillende lede binne die gemeenskap, sowel as verskillende soorte binne die spesie (dié met uiteenlopende funksies), moet ook noodwendig met mekaar in kommunikasie kom. Dus moet die kommunikasiestelsel, die taal, 'n algemene verskynsel wees onder elke lid van so 'n sosiale samelewing.

'n Voorbeeld van so 'n interlid, en inter-funksiesoort, kommunikasie onder sosiale insekte, is te vinde onder feitlik al die soorte wat 'n geordende weerstands- of verdedigingstelsel benut. Hierdie kommunikasie is ook meestal spesifiek van aard, want die reaksie op die kommunikasie is gewoonlik die mees gepaste vir daardie situasie.

Byvoorbeeld, indien 'n bedreiging potensiële rowers of roofdiere is, word die soldate van die gemeenskap, die vegters, ontplooi om met die gevaar te probeer afreken. As dit egter die geval is dat 'n gedeelte van die nes aan die ineenstort is, word bouers ontbied om die skade te herstel. As dit weer kos is wat gewaar word, word die boodskap oorgedra waar om dit te vind, en nog kossoekers word na die plek gestuur om dit in te samel.

Dit is hierdie aspek van kommunikasie oor die ligging van kosbronne wat in redelik fyn besonderheid bestudeer is in die geval van die heuningby. Hier is 'n goeie voorbeeld van 'n komplekse, tog gevestigde, stelsel wat 'n bepaalde boodskap oor 'n spesifieke saak redelik akkuraat oordra van een lid van 'n gemeenskap na 'n ander deur middel van betekenisdrawende bewegings en klanke. Dit is egter meer na die bewegings self wat wetenskaplikes kyk om

die kommunikatiewe prosesse van bye te bestudeer. Daar word hier verwys na die bekende heuningdanse.

The honeybee's waggle dance, with which forager bees share information about the locations of new patches of flowers, is unsurpassed among animal communication systems in its capacity for coding precise yet flexible messages.

(Seeley, 1985:3)

Bees following these dances learn the distance, direction, and odour of these flowers and can translate this information into a flight path to the specified flowers. Thus a waggle dance is a truly symbolic message, one which is separated in space and time from both the actions on which it is based and the behaviours it will guide.

(Seeley, 1985:83-84)

Hoe presies hierdie kommunikasie plaasvind en, meer bepaald, hoe die sisteem werk, is nog nie volledig bekend nie. Daar is egter wel sommige konstanthede wat gemerk is in die geval van die heuningdans, in relasie tot die reaksie van die ontvangers van die boodskap. Die dans-taal blyk, aan die hand van hierdie vasgestelde getuienis, spesifiek, redelik akkuraat, en doelgerig te wees.

Insekkommunikasie as sosiale adaptasie in die geval van die heuningby is op bewegings gegrond, al is dit, soos Seeley (1985) hierbo merk, talig simbolies van aard. Ander insekte kommunikeer ook met mekaar, op verskeie uiteenlopende maniere. Een voorbeeld van 'n insek wat waarneembare kommuni-

kasie onderneem, is die toktokkie-kewer. Die kommunikasie in hierdie instansie is gebaseer op klank, en het meer in gemeen met die (verkeerdelik) gevestigde beskouing van talige kommunikasie as *uiting*.

Die toktokkie se kommunikasie, hoewel daar weer nie veel daarvoor bekend is nie, blyk op 'n vraag- en antwoord stelsel gegrond te wees. Die kewer stuur 'n sein uit na ander deur sy harde lyf teen 'n klip of ander harde objek te tik. Vandaar sy naam. 'n Ander wat sy boodskap hoor, sal dit beantwoord deur dieselfde sein terug te stuur. Die twee sal die sein na mekaar kaats totdat hulle uiteindelik by mekaar uitkom.

Die doel van hierdie getik is, vermoedelik, om die lokasie van ander kewers te bepaal. Enige verdere nie-tik kommunikasie wat daarna plaasvind, is nog nie bekend nie. Daar is heelwat ander insekte wat uitings stuur na ander. Die alombekende krieke en sonbesies is puik voorbeelde hiervan, al is die werking van hul kommunikasiestelsels steeds 'n raaisel.

Dit wil voorkom asof die kommunikasiesisteme onder veral die sosiale insekte van die mees gevorderde en geordende talige stelsels is wat aan die wetenskap bekend is. Hul is konstant, herhaalbaar en oordraagbaar aan ander lede van dieselfde spesie. Die vraag wat hieruit ontstaan, is of hierdie oordraagbaarheid òf (*a lá* Chomsky) 'n aangebore gawe òf aangeleer is.

Dié punt word verder in veral hoofstuk twee bespreek, maar eers is dit nodig om van die ander kommunikatiewe wesens se stelsels te bekyk. Hieronder, in 1.5.4, word elemente van die sogenaamde "laer diere" se kommunikasie kortliks bespreek.

1.5.4 Laer diere

Dit is moeilik om wesens binne hierdie kategorie te plaas weens die ontsettend breë omvang van die diereryk. Gemakshalwe word “hoër diere”, soos hul hieronder in 1.5.5 bespreek word, eers geklassifiseer, en hieruit sal die laer diere se kenmerke, so te sê by verstek, duidelik word.

Die kwaliteite van die hoër diere is betreklik eenvoudig. Hul is diere van bepaald hoër gemiddelde intelligensie, wat aktief sosiaal verkeer onder mekaar. Die kwessie van intelligente diere wat alleenlopers is, word dus uitgeskakel vir die doeleindes van hierdie bespreking, en hul word dus geklassifiseer onder laer diere.

Die laer diere is dus die diere van betreklik laer gemiddelde intelligensie, wat relatief selde sosiaal verkeer. Daar is natuurlik etlike soorte wat kenmerke toon van beide groeperings, maar die voorbeelde wat gekies is vir 'n kort bespreking van hierdie onderwerp is heel gepas vir die oogmerk van hierdie studie. Laer diere wat gekies is, is dié wat prakties mees geskik is, omrede hul bekendheid aan die mens: honde en (*huis*-)katte.

Die hond en kat is die diere wat mees dikwels in die geselskap van die mens te vinde is. Hierdie kenmerk laat die bespreking van hul kommunikatiewe eienskappe heelwat vergemaklik, weens die redelik bree bekendheid van die elemente wat uitgelig word.

Beide soorte toon elemente van uiting-gebonde kommunikasie, sowel as aksie-kommunikasie. Laasgenoemde dui aan die tipe informasiewisseling wat plaasvind aan die hand van bewegings of aksies.

Sekerlik die mees opvallende aksie-kommunikatiewe eienskap van die hond of kat is die gewip van die stert. Ironies toon hierdie beweging presies die teenoorgestelde boodskap aan 'n waarnemer in die geval van hierdie twee spesies. 'n Wippende hondestert beteken die hond is gelukkig, soos ons dit ken, terwyl dieselfde aksie by 'n kat weer ontevredenheid aandui. By albei spesies, en by feitlik elke ander spesie waar dit moontlik is, is die wys van tande altyd 'n negatiewe kommunikasie²⁵.

In die geval van die auditiewe uitings, kom die hond en kat weer met uiteenlopende betekenis vir basies dieselfde uiting vorendag: wanneer 'n kat spin, word gewoonlik aanvaar dat hy gelukkig is. Die hond, aan die ander kant, wat dieselfde "verbale" aksie uitvoer, knor, en dus word 'n boodskap van ontevredenheid uitgestuur. By die sogenaamde groot katte, leus en tiere, ensovoorts, word gemerk dat die aksie van spin by hulle weer 'n ander betekenis dra. Hierdie aksie word by hulle 'n grom, wat gewoonlik vyandigheid toon.

Daar moet op gelet word dat hierdie merkwaardige verskynsels tog heel logies is, en dat daar in die geval van beide spesies altyd presiese kommunikasie tot ander lede uitgestuur word. Daar moet ook, meer belangrik, onthou word dat die kat wat 'n knorrende hond teëkom altyd weet dat die bepaalde hond nie geneig is om vriendelik te wees nie, en dat die mens ook met die kommunikatiewe patrone van hierdie bepaalde diersoorte bekend is.

²⁵ Die mens is die enigste dier wat tandewys gebruik as 'n nie-vyandige aksie. Ons noem hierdie gebaar natuurlik 'n glimlag.

Hierbo is kortliks opgemerk dat die kommunikasie van die sogenaamde laer diere konstant, logies en herhaalbaar is. Daar is ook opgemerk dat hierdie kommunikasie nie gebonde is aan slegs een spesie nie. Hiermee word nie bedoel dat die betekenis van die hond of kat se gespin/geknor/gegrom universeel is nie; intendeel, daar is spesifiek gewys op hoe die betekenis van mekaar verskil.

Wat wel bedoel word, is 'n aspek van kommunikasie, wat, myns insiens, van geweldige belang is vir 'n beter verstaan van die primordiale aspek van sin: die betekenis van die uiting, soos dit gebruik word deur een spesie, is soms bekend aan, en *verstaanbaar* deur, 'n ander spesie.

1.5.5 *Hoër diere*

Die kwessie van intelligensie onder diere, onder meer hoe om dit te meet en watter maatstawwe te gebruik, is van groot belang vir die klassifisering van die hoër diere. Tot dusver is toetse vir intelligensie almal uitgevoer en geëvalueer relatief tot dié van die mens. Dus is die resultate altyd in verband met *menslike* intelligensie en logika soos dit in diere voorkom.

Die gemiddelde mens word dus die norm vir intelligensietoetse onder diere. As maatstaf vir die toets moet die mens dus onder die hoof van die hoër diere val, veral wanneer sy neiging tot sosiale verhouding in ag geneem word. Dit is egter nie die kommunikasiestelsels van die mens wat in hierdie afdeling bespreek word nie²⁶, maar onder meer dié van, volgens Charles Darwin (1859), sy naaste "familie" in die evolusionêre skema: die ape.

²⁶ Menslike kommunikasie as aparte verskynsel word kortliks bespreek in 1.5.6 en veral 1.6 hieronder.

In die sosiale sin is daar baie min spesies wat so na aan die mens verwant is as die verskeie aapsoorte. Elke spesie leef in 'n hoogs geordende gemeenskap met 'n bepaalde gesaghebbende leier, onderdane en amptenare (by wyse van spreke), is sosiaal georiënteer, en het 'n bepaalde en komplekse kommunikasiestelsel.

Die werk van die bekende antropoloog, Dr Dianne Fossey (1983), gee 'n baie goeie insig in die sosiale sisteem van die berggorilla, asook sy sisteem van kommunikatiewe interaksie, binne en buite die spesie. Hierdie kommunikasie is ook gevestig in beide auditiewe- en nie-auditiewe uitings: dit wil sê, in klanke en gebare.

By feitlik elke aapsoort is daar aktiewe sosiale lewensisteme in gebruik. Hul woon in troppe, meestal vir veiligheid en verdedigingsdoeleindes, maar daar is ook 'n sterk interpersoonlike verbinding tussen lede van hierdie groepe. Die fyner aspekte van hul kommunikasiestelsels word deur hierdie soort interaksie gevorm, en oor en weer bevestig.

Ander spesies wat ook, wanneer dit kom by intelligensie en kommunikasievermoë, onder die hoër diere plek inneem, is onder die water te vind: walvisse en veral dolfyne. Albei hierdie soorte toon ook 'n sterk sosiaal georiënteerde bestaan, met hoogs komplekse kommunikatiewe sisteme. Buiten menslike kommunikasie is dit by hierdie diere waar daar miskien die meeste aandag en studie aan die kommunikatiewe prosesse geskenk is.

Hierdie onderwater wesens stuur boodskappe uit wat so veel as honderde kilometers ver opgevang en verstaan kan word. Hier is weer 'n voorbeeld van 'n werklik intelligente taalsisteem. Dit is miskien een van die beste voor

beelde van 'n kommunikatiewe stelsel, in terme van kompleksiteit, aan die wetenskap bekend — menslike ingesluit.

Hierdie stellings oor watertale is natuurlik hoogs kaptisies. Tot dusver is daar baie min oor die kommunikasie van dolfine en walvisse bekend, anders as 'n kernfeit wat gedurig bevestig word: *hulle werk*. Sommige sogenaamde kenners(?) is van mening dat die tale van hierdie wesens te primitief is vir die wetenskap om te kan ontleed. Aan die ander kant is daar weer die moontlikheid dat hulle miskien te gevorderd is ...

1.5.6 *Menslike kommunikasie*

Die mens, soos reeds hierbo genoem, val onder die kategorie van die hoër diere. Die kompleksiteit van die menslike sosiale stelsel en die geweldige aantal tale binne hierdie sisteem lei daartoe dat menslike kommunikasie beskou word as onder die gevorderdste bekend.

Daar is ook meer oor menslike kommunikasie bekend as oor dié van enige ander spesie. Meer aandag is aan aspekte van menslike kommunikasie geskenk as aan feitlik enige ander interaktiewe sisteem, en dit is vanuit feitlik elke denkbare hoek bekyk, ontleed en geanaliseer. Daar kan selfs so ver gegaan word as om te meen dat daar geen ander vakgebied is waaroor meer bekend is as menslike kommunikasie nie.

Bostaande stellings laat ons kommunikasiestelsels, tale en die werkinge daarvan heel indrukwekkend en belangrik blyk. Daar is ook reeds telkemale hierbo daarop gewys hoe gewichtig kommunikasie, en taal as kommunikasie-sisteem, is. Wat werklik belangrik is, is om te onthou dat alle vorms van kom-

munikasie onmisbaar is vir die gebruikers daarvan, nie net dié van die mens nie.

Selfs meer interessant is dat menslike kommunikasie basies niks verskillend is van dié van enige ander spesie nie. Volgens bostaande definisies van kommunikasie en taal is die onderliggende kenmerke van enige vorm van hierdie konsepte presies dieselfde. Dus, een kan nie werklik van groter belang of indruk wees as 'n ander nie. Die enigste gebiede waar verskille egter wel kan voorkom, is in die geval van die stelsel se gebruikers en sy mate van kompleksiteit.

Wanneer dit kom by kompleksiteit is menslike kommunikasie beslis hoog op die lys. Daar is een basiese eienskap wat die taalsisteme van die mens as kommunikasiemiddel laat verskil van ander tale. Hierdie aspek word hieronder in 1.6 bespreek.

1.6 Menslike afwykende kenmerke

He who is without words, is nobody; but he who speaks does not become somebody, he becomes everybody.

F.G. Droste (Bron Onbekend)

Menslike taal en kommunikasie is nie altyd wedersyds inklusief nie. Wanneer daar kommunikasie is onder mense is daar feitlik in elke geval 'n talige handeling, volgens die definisie van taal opgestel in 1.2.4, betrokke. Talige handeling onder mense het egter nie altyd kommunikasie as uitgangspunt nie.

In hierdie stelling sit veel meer as die vanselfsprekende feit dat gebruikers van verskillende tale, byvoorbeeld Afrikaans en Engels, sonder kennis van die ander se taal mekaar nie sal kan verstaan nie. Die stelling gaan ook verder as die idee dat intersoort kommunikasie nie geredelik deur middel van taal plaasvind nie.

Wat eintlik hiermee bedoel word, is dat gebruikers van dieselfde taal mekaar kan aanspreek met woorde waarmee elkeen vertrouwd is, maar dat kommunikasie steeds kan ontbreek. Hul kan by mekaar verby praat.

1.6.1 *Tekens en seine*

Daar is hierbo in afdeling 1.5.2 opmerkings gemaak oor die gebruik van merke en tekens as kommunikasiemiddels in die natuur. Hierdie middels is, omrede hul beduidenis altyd konstant bly, uiteraard talig. Menslike tekens, in taal, is hoofsaaklik die woorde wat gebruik word, asook die letterlike merke, patrone en kleure waarmee daar assosiasies gemaak word.

In menslike kommunikatiewe omgang word merke en patrone ook feitlik altyd gebruik om sekere gevestigde brokke informasie oor te dra. Hierdie patrone strek vanaf letterlike merke op die persoon, soos byvoorbeeld tatoeëermerke en, in 'n mindere mate, grimering, tot bykomstighede soos juwele en, mees belangrik, die individu²⁷ se kleredrag.

Veral laasgenoemde is 'n groot aanduiding van 'n bepaalde individu se sosiale omgewing, en daar kan in baie gevalle 'n groot deel oor 'n persoon afgelei word deur sy klere. Soms is kleredrag 'n besliste aanduiding van 'n

²⁷ Die benaming *individu* is eintlik hier ironies omdat kleredrag dit dikwels moontlik maak om iemand te kategoriseer binne 'n breë groep.

sekere sosiale sektor, soos dit die geval is wanneer daar uniforms by betrokke is. Soldate, polisiebeamptes, narre, verpleegkundiges en dies meer het feitlik die wêreld oor soortgelyke drag, en is om dié rede in die meeste gevalle onmiddellik as sodanig herkenbaar.

Lede van kleiner groeperings in die sosiale konteks gebruik ook dikwels kenmerkende uniforms om as interne bindende faktor te dien, en om hul as lede van die bepaalde groep uit te wys aan buitestaanders. Die gebruik van uniforms onder kleiner groepe is veral algemeen onder sportlui, waar spanlede eenders aantrek om spangees te behou, en soms ook onder lede van sekere klubs en bendes.

Dit is ook in die geval van bendes waar daar soms meer permanente 'uniforms' gevind word. Sekere bendes het as kenmerk van lidmaatskap bepaalde tatoeëermerke, wat lede moet dra om mekaar aan ander uit te wys. Hierdie merke het dikwels slegs beduidenis vir ingewydes binne die betrokke bende, en sou dus vir 'n buitestaander niks meer as 'n merk of patroon wees nie. Vir bendelede sou dit egter veel meer beteken, en is dus 'n goeie voorbeeld van 'n interne talige kommunikasie, een wat net werk binne 'n bepaalde groep. Nog 'n voorbeeld van hierdie verskynsel is te vinde onder sekere van die sogenaamd meer primitiewe stamme van sentraal-Afrika en Suid-Amerika waar tatoeëring geweldige binnestam betekenis dra aangaande die betrokke individu se lewensgeskiedenis, maar buitestaanders net merke sien.

Sommige merke het as gevolg van wêreldwye mediaverspreiding feitlik universeel geword onder die mensdom. 'n Puik voorbeeld van so 'n teken met

universele betekenis is die berugte swastika, wat die wêreld oor regsgeindheid en Fascisme voorstel. Dit is ironies dat hierdie teken, voordat dit deur die Nazi beweging as simbool opgeneem is, in die Middeleeue die belangrikheid van die son gerepresenteer het (Cirlot, 1993). Deesdae is daar slegs die Nazi-verband wat wyd bekend is, terwyl die vroeër betekenis weggeval het.

Dit is in hierdie verwysing na, byvoorbeeld, die swastika waar die kern van menslike talige kommunikasie te vinde is. Dit is nou nie te sê dat die swastika die sleutel is tot taal nie, maar dat dit 'n voorbeeld is van wat menslike talige kommunikasie fundamenteel verskillend maak van talige kommunikasie onder enige ander spesie. Die menslike kommunikasiestelsel is 'n *besliste en doelgerigte sisteem van betekenis-representasie aan die hand van vasgestelde norme*.

Een van die interessantste gevalle, vanuit 'n wetenskaplike gesigspunt, van representatiewe tekens in taal is die van 'n sjimpansee genaamd Washoe (Atkinson et al, 1990). In die sestigerjare het hy Amerikaanse gebaretaal aangeleer en deur hierdie middel redelik ingewikkelde kommunikasie, in die vorm van basiese gesprekke, gevoer met sy afrigter. Washoe het beide self gesein en seine van ander geles, en het naderhand seine begin adapteer in sekere abstrakte situasies.

Dit is hierdie abstraktheid wat die taal van die mens skei van die taalsisteme van die natuur. Woorde, die boublokke van menslike kommunikasie, is dit wat die kern van die abstraktheid van menslike taal vorm. Woorde *is* nie wat hul beteken nie; hul verteenwoordig net die idee daarvan.

In 1.6.2 en 1.6.3 hieronder word twee elemente eie aan menslike taal kortliks bespreek: die metafoor en die simbool. Dit is die verteenwoordigende eienskappe van hierdie konsepte waarop die bespreking van primordialiteit in hoofstuk 2 hieronder grotendeels berus.

1.6.2 *Die metafoor*

Die konsep metafoor kom naby aan 'n beliggaming van die essensie van (menslike) taal. Woorde is, soos reeds genoem, nie die sake waarna hul verwys nie, maar slegs representasies, plaasvervangers vir hierdie konsepte. Hul is weergawes van die idees wat met die konsepte geassosieer word.

So ook met die metafoor. Hier is ook aan die orde representasies of plaasvervangers, maar op 'n effe meer disjunkte vlak. Volgens Michel Bréal ontstaan die metafoor deur "the instantaneous perception of the resemblance between two objects" (1964:117). Metafoor is dus nie 'n willekeurige representasie-teken wat 'n saak denoteer nie. Dit kom voor wanneer 'n saak gebruik word om 'n ander met soortgelyke eienskappe voor te stel. Daar kan gepraat word van 'n metafoor as 'n representatiewe vergelyking.

In Abrams se *A Glossary of Literary Terms* (1993) word dit egter gestel dat in die geval van metafoor "a word or expression which in literal usage denotes one kind of thing or action is applied to a distinctly different kind of thing or action, without asserting a comparison." Hier is tog sprake van 'n vergelyking. Die kern van Abrams (1993) se stelling is egter dat in die geval van 'n metafoor daar nie met lokwoorde soos, byvoorbeeld, "soos" daarop attent gemaak word dat die gelykenis getref word nie.

Trouens, metafore is eintlik glad nie vergelykings nie. Daar is wel vergelykbare elemente tussen die sake wat in die metaforiese representasie gebruik word, maar die een saak neem eintlik die plek in van die ander, en stel die tweede saak, aan die hand van die gesamentlike eienskappe, voor binne die nuwe konteks.

Sekerlik die beste verduidelikking vir die saak metafoor is te vinde in Merwe Scholtz se *Die Teken as Teiken*, waar Stanford se verklaring verwerk word:

Daar is sprake van 'n metafoor wanneer die woord X (wat dus X beteken) die saak X in so 'n konteks noem dat die saak X geprojekteer word op 'n saak Y sodat daar 'n saamgestelde saak XY tot stand kom deur die sintese van X en Y. Die sake X en Y behou hulle selfstandigheid in die nuwe eenheid waarna X verwys behalwe dat die saak X in 'diensbare' hoedanigheid die saak Y kwalifiseer.

(Scholtz, 1978:103)

Hierdie omskrywing is redelik verwarrend. Om dit makliker te stel: X word in 'n bepaalde konteks gestel waarin Y die geskikte saak is. X en Y het sekere kenmerke in gemeen, en hierdie gemene kenmerke (van X) is binne dié konteks gepas. Dus word X vir Y, al is dit 'n disjunkte verhouding, aanvaar. Die nuwe verstaan van X, binne die bepaalde konteks, sluit nou ook al die ander kenmerke van die saak X, sowel as die kenmerke van saak Y, in om 'n verstaan van 'n verbindende saak XY, met al hierdie kenmerke, te vorm. X en Y behou hul eie betekenis, maar binne die bepaalde konteks word die aan-

vaarde saak Y nou geles in die sin van XY, wat opgestel is deur die gebruik van X om Y te verteenwoordig. X is dan binne dié konteks 'n metafoor vir Y.

In *Mirakel en Muse* stel Henning Snyman dat die metafoor hom "by uitnemendheid [laat] ... ken deur 'n disjunksie in (a) die verhouding tussen woord en sinsbetekenis, en (b) deur die ontkenning van die normale waarheidskondisies van die sin" (1983:18). Hierdie stelling staaf die verduideliking hierbo dat saak X 'ongepas' is in die konteks om sin te maak. Dit is net die gemeenskaplike kenmerke wat met Y, 'n saak wat wel in die konteks sou pas, gedeel word wat sin gee binne daardie bepaalde konteks.

Sommige metafore word redelik algemeen en so dikwels gebruik dat hul naderhand binne feitlik enige konteks steeds metaforiese verwysings na ander sake dra. In hierdie kontekste gaan die aansluiting tussen hul gemene kenmerke soms verlore, en hul word simbole. Alle metafore is eintlik simboles van aard (Norton, 1991), maar 'n simboliese verhouding en 'n simbool as literêre verskynsel is baie verskillend van mekaar.

1.6.3 *Die simbool*

Wanneer daar oor simbool gepraat word, het ons weer te doen met 'n idee van representasie. In hierdie geval is daar egter geen blykbare vergelykende aansluiting tussen twee sake nie. Die verhouding is heel dikwels tradisioneel.

Van die mees bekende simbole is die (rooi) roos, wat die liefde aandui, en die wit duif, wat vrede simboliseer. Hierdie konnotasies is baie wyd bekend, maar die ontstaan van hierdie assosiasies minder so. Die roos is veronderstel om voltooiing en volmaaktheid te representeer, wat emosies is wat dik-

wels met die liefde gepaard gaan, terwyl daar sekere kulture is wat glo dat die siele van dooies in duiwe verander, en sodoende vryheid en vrede bereik. Die kennis van die ontstaan van heelwat bekende simbole het deur die jare verlore gegaan, en dit is net die 'betekenis' wat behoue bly.

A Reader's Guide to Literary Terms: A Dictionary stel dit soos volg:

Symbols are more complicated than signs ... for they sum up a large number of ideas and attitudes and can mean different things in different circumstances.

(Beckson and Ganz, 1961)

Dit is op hierdie manier dat die simbool in wese verskil van die metafoor. Terwyl laasgenoemde net binne die bepaalde konteks van sy gebruik as metafoor werk, kan 'n simbool feitlik selfstandig, buite 'n teks, as sodanig gelees word.

Metafore is konteksgebonde, terwyl simbole meer intertekstueel²⁸ te werk gaan. In die *Concise Oxford Dictionary of Literary Terms* word die sentrale kenmerk van simbool bondig gestel:

Images suggesting further meanings and associations in ways that go beyond the simple identification of metaphor and simile are often called symbols ... A symbol differs from a metaphor in that its application is left open as an unstated suggestion.

(Baldick, 1990)

²⁸ 'n Bespreking van hierdie konsep volg in 2.2.4

1.6.4 *Taal as simboliese representasie*

Presies hoe die metafoor en simbool werk uit 'n literêre oogpunt is nie wat ter sake is vir die doeleindes van hierdie studie nie. Sperber en Wilson gee 'n goeie teoretiese insig oor die meganiek van hierdie taalverskynsels in hul *Relevance* (1988).

Die rede waarom hierdie konsepte tog betrek is, het te doen met hul basiese kenmerk: representasie. Taal is geheel en al gebaseer op 'n representatiewe verhouding tussen dít wat gestel word, en dít wat bedoel word.

Die ware essensie van taal, en dus van kommunikasie, lê opgesluit in hierdie twee eienskappe. Dit is in 'n uittreksel uit die outobiografie van Helen Keller dat daar 'n insiggewende blik na vore kom op die essensie van talige verwyssing na sake in die realiteit:

Someone was drawing water and my teacher placed my hand under the spout. As the cool stream gushed over one hand she spelled into the other the word *water*, first slowly then rapidly. I stood still, my whole attention fixed upon the motion of her fingers. Suddenly I felt a misty consciousness as of something forgotten - a thrill of returning thought; and somehow the mystery of language was revealed to me. I knew then that "w-a-t-e-r" meant the wonderful cool something that was flowing over my hand.

(Swann, 1989:28)

1.7 **Natuursisteme vs menslike taal**

It is through such fresh combinations of words ... that we have our only way of creating new worlds.

Gardner (1985:77)

We should constantly strive to use the most common, little, easy words (so that they are pure and proper) which our native language affords.

Wesley, in Daintith et al (1987:371)

Daar is heelwat kenmerke wat gemeenskaplik is tussen menslike en nie-menslike kommunikasiesisteme. Trouens, enige kommunikatiewe stelsel moet, as taal, voldoen aan die kenmerke van taal soos aangedui in die definisie van 1.2.4 hierbo.

Daar is egter een groot verskil wat menslike talige kommunikasie skei van ander taalstelsels, en wat dit noodwendig in 'n aparte kategorie plaas. Hierdie kenmerk word hieronder in 1.7.1 en 1.7.2 kortliks belig.

1.7.1 *Natuurtaalsisteme*

Daar moet eerstens gelet word dat die benaming van natuurtaal teenoor menstaal nie heeltemaal gepas is nie, omdat die menslike taalsisteem ook 'n natuursisteem is. Menslike taalsisteme is as 't ware 'n onderafdeling onder die natuurtaalsisteme. Daar is egter kenmerke wat die menslike tale onderskei van ander kommunikatiewe sisteme, dus moet die benaming hierdie skeiding reflekteer.

Die verskil lê in die kenmerk dat taal altyd *konvensionele reëls toepas om bepaalde waardes aan bepaalde kunsmatige tekens te heg vir samehangende kommunikasie*. Natuursisteme voldoen wel geheel en al aan hierdie vereiste: die tekens, betekenis en reëls wat toegepas word is ten volle konvensioneel.

Om dit miskien beter te stel: kommunikasie waarby natuursisteme betrokke is, is volkome logies. Elke teken het 'n bepaalde betekenis wat deur die ontvanger gemerk word. Die verskil tussen hierdie sisteme en menslike kommunikasie is aan die hand van hierdie logika te vinde.

Natuurkommunikasie is simplisties. Dit wil sê, by hierdie kommunikasiesistels vind ons 'n enkelvoudige representatiewe sisteem: een teken, een betekenis. Hierdie simplistiese kommunikasie is ook volkome logies, en verg betreklik min van wat Sperber en Wilson (1988) interpretatiewe moeite noem.

1.7.2 *Menslike kommunikasiesisteme*

By die kommunikasiestelsels van die mens word al die kenmerke van die natuursisteme gevind — en sekere unieke aspekte daarby. Dit is laasgenoemde aspekte wat menslike taalsisteme so te sê in hul eie liga plaas.

Daar is steeds bepaalde konvensionele waardes wat aan bepaalde tekens geheg word. Die verskil is dat daar egter hier dikwels veelvoudige moontlike betekenis wat aan 'n bepaalde teken gebonde is. Die gepaste betekenis word bepaal aan die hand van die konteks waarin die teken gebruik word.

Dus, die enkelvoudige logika van natuursisteme is nie altyd van pas as dit kom by menslike kommunikasie nie. Omrede daar meer as een moontlike betekenis by sommige tekens in die menslike kommunikasie is, is daar ook vanselfsprekend veelvoudige interpretasiemoontlikhede betrokke. Woordspelings in taalgebruik is, onder andere, 'n goeie voorbeeld hiervan.

Menslike kommunikasie is dus multivlakkig, waar natuursisteme weer enkelvlakkig is in terme van interpretasie. Menslike kommunikasie verg ook

dikwels betreklik groot interpretasiemoete, want daar is verskeie moontlikhede waarvan die mees gepaste binne konteks gekies moet word.

In albei gevalle is daar logiese interpretasie betrokke. Selfs by sekere van die natuurverskynsels waar daar, soos in 1.5.2 hierbo genoem, met verneukery en 'leuens' te doen is, is daar steeds logiese kommunikasie. Die tekens dra trouens altyd dieselfde betekenis, al is die realiteit van die sender soms verskillend van die boodskap se inhoud.

Die feit bly dat die voorneme van die sender in, byvoorbeeld, die geval van 'n koningslang (sien hierbo) saamhang met die interpretasie van die ontvanger. Die merke van die onskadelike slang stuur steeds die interpretasie uit dat hy eintlik 'n doodsgevaarlike koraalslang is, en dat hy giftig is.

Die potensiële roofdier word dus hopelik deur hierdie informasie afgeskrik, en die "koraalslang" word met rus gelaat. Die bedoelde boodskap word dus oorgedra aan die hand van die bepaalde konvensionele tekens (die merke), en logiese kommunikasie vind hier plaas, *al is dit feitelik onwaar*.

By menslike kommunikasie is daar egter dikwels die geval waar meer as een gepaste interpretasie aan die hand van konvensionele tekens gemaak kan word. Hierdie multivlakkige oordrag van informasie lei soms daartoe dat daar nie altyd volledige kommunikasie plaasvind nie. Die verkeerde interpretasie van 'n uiting word soms gemaak vir die bepaalde konteks, al is die interpretasie van die konvensionele tekens korrek.

Daar moet onthou word dat kommunikasie slegs plaasvind as die bedoelde informasie van die sender na die ontvanger oorgedra word. Anders is dit net

’n uiting, en ’n verkeerde interpretasie daarvan. Dit is trouens nie kommunikasie nie.

Hierdie multi-vlakkigheid van die menslike betekenisstelsel lei daartoe dat menslike taal die enigste stelsel is wat konvensioneel korrek gebruik kan word, sonder dat kommunikasie noodwendig plaasvind.

1.7.3 *Gevolgtrekking*

Menslike taal is ’n natuurlike kommunikasiestelsel, en bevat die eienskappe van taal in die sin van die definisie opgestel in 1.2.4. Tog is daar sekere aspekte wat menslike taal onderskei van ander natuurlike tale, waarvan die multi-vlakkige betekenisstelsel die mees opvallend is. Hierdie eienskap lei soms daartoe dat menslike taal heeltemal akkuraat gebruik word sonder dat kommunikasie plaasvind.

Die feit bly egter dat die menslike taalsistelsel tog werk. Mens wat verskillende wêreldtale gebruik, kan steeds soms met mekaar kommunikasie tot stand bring, deur middel van byvoorbeeld gebaretaal. Maar, moet daar onthou word, soms is daar geen kommunikasie tussen gebruikers van dieselfde taal nie. Dit gebeur as gevolg van verkeerde interpretasie van ’n bepaalde uiting, soos dit deur die sender bedoel is.

Daar is ook gevalle waar daar kommunikasie plaasvind tussen verskillende spesies, tussen insekte, plante en diere, byvoorbeeld. Hulle gebruik verskillende tale, en selfs taalsisteme. Tog kommunikeer hulle soms met mekaar. Daar is ook voorbeelde van kommunikasie tussen gebruikers van die verskillende hooftaalgroeperings: tussen mens en dier. Honde, katte, sjimpansees

en verskeie visse, reptiele en plante kommunikeer met die mens na gelang van verskeie merke, klanke en gebare, en ook andersom.

Menslike taal toon 'n ander groot verskil van natuurtale, wat 'n direkte gevolg is van die meervoudige interpretasiemoontlikhede daaraan verbonde. Dit word gedurig deur sy gebruikers gemodifiseer, uitgebrei en vergroot. Tog kan gebruikers dikwels 'n nuwigheid in die taal, soos 'n onbekende konstruksie, sonder veel moeite ontleed en kommunikatief interpreteer.

'n Ander merkwaardige eienskap van menslike taal is dat daar juis so veel verkillende tale bestaan. Elke menslike taal het 'n eie grammatika en, mees belangrik, 'n eie leksikon; 'n woordeskat. Gebruikers van verskillende tale gebruik dus verskillende woorde om na dieselfde saak te verwys, soos byvoorbeeld *kat* (Afrikaans), *cat* (Engels), *gato* (Spaans) en *felis* (Latyn). Elkeen van hierdie woorde verwys na die konsep wat aan gebruikers van Afrikaans as 'kat' bekend staan.

Daar is 'n paar belangrike vrae wat hieruit ontstaan: is die name in elke taal die ware "naam" van die konsep? Indien nie, is daar een taal waarvan die woord die 'regte' "naam" is? Is daar miskien 'n ander, onbekende naam vir die saak? *Het* die saak tog 'n "naam", of 'n eie identiteit as konsep? Indien wel, waar lê dit?

Daar is verskeie aanduidings dat elke saak tog 'n eie identiteit moet hê om op so veel verskillende wyses in algemene kommunikatiewe gebruik opgeneem te word. Hierdie identiteit is die propositionele eenheid wat aanleiding gee tot die gedagte aan 'n konsep. Dit is as 't ware die 'naam' van die saak, wat

eintlik onbekend is. Dit is, kan gesê word, soos die verlore, onbekende naam van God.

Dit is die eerste naam van 'n konsep. Daar moet gelet word dat die term *naam* in hierdie geval gebruik word spesifiek as verwysing na die begrip identiteit, en nie soseer na die meer algemeen aanvaarde idee van (talige) benoeming nie. *Naam* hier is die oerbenaming van die saak, sy essensie, wat bestaan het nog voor die ontstaan van taal en betekenis²⁹.

En dit lê in die primordiale ...

²⁹ Dit is belangrik om te let dat talige betekenis 'n direkte gevolg is van die representatiewe aard van talige kommunikasiesisteme.

HOOFSTUK TWEE

Die Primordiale Dimensie

I am not yet so lost in lexicography, so as to forget that words are the daughters of earth, and that things are the sons of heaven. Language is only the instrument of science, and words are but the signs of ideas: I wish, however, that the instrument might be less apt to decay, and that signs might be permanent, like the things which they denote.

Johnson (1755)

Words are small shapes in the gorgeous chaos of the world; shapes that bring the world into focus, corral ideas, hone thoughts. They paint watercolours of perception.

Ackerman, in Morgenrood et al³⁰ (1995:139)

2.1 Inleidend

Na gelang van die bespreking in hoofstuk een hierbo, kom sekere belangrike kenmerke van die relasie tussen taal en betekenis na vore. Vrae soos dié gestel in 1.7.3 lei tot sekere nuwe gesigspunte waaruit die studie van taal as kommunikasiemiddel beskou moet word.

Deur middel van taal word idees en konsepte, propositionele eenhede³¹, van sender na ontvanger versprei. Dit is hierbo gestel dat die funksie van taal die oordrag is van informasie. Hierdie stelling kan ietwat verder geneem word deur te sê dat taal eerder te doen het met die oordrag van betekenis.

Die feit dat kommunikasie gereeld plaasvind, nie net onder gebruikers van dieselfde taalsisteem nie, maar soms oor die grense tussen tale, tussen kul-

³⁰ Morgenrood, King en Spencer-Smith (1995)

³¹ Hierdie benaming is gebruik om na die idee van die betrokke konsep te verwys, soos dit in die definisie van Atkinson et al (1990) oor taal voorkom.

ture, en inderdaad tussen verskillende spesies laat 'n belangrike vraag oor die essensie van informasie en betekenis voor die dag kom. Die oordrag van betekenis is wat in alle kommunikatiewe gevalle bereik word. Hierdie verskynsel laat mens begin wonder: hoe?

2.1.1 *Agtergrond*

Reeds vanaf die vroegste tye het denkers gepostuleer oor 'n oersisteem wat aan alles onderliggend is. Skrywers, filosowe, digters, en psigoloë onder meer maak verwysings na so 'n oerrasionaliteit wat die basis is waarop alles rus. Hierdie konsep is veronderstel om die beginpunt, die essensie van alles, en die ware identiteit van elke saak of idee te bevat.

Dit is hier waar die eintlike Realiteit³² te vinde is, en waarna verwys word met elke gebruik van 'n representatiewe teken. Dit is waarop talige kommunikasie, idees, gedagtes, skrif en selfs metaforiese en simboliese omgang berus. Hierdie oersisteem is die oorsprong van betekenis.

Hierdie "platform", wat so te sê in 'n ander dimensie lê, word ook verskillend benoem en beskryf onder verskeie dissiplines. In psigologiese werke word daarna verwys as die onderbewussyn of die onbewuste. Ander ken dit weer as die oer, of die allereerste, die primitiewe, die voorwêreldlike of die fundamentele. 'n Ander benaming, wat gebruik word deur verskeie dissiplines om na hierdie konsep te verwys, en wat voortaan in hierdie bespreking as sodanig gebruik word, is die *primordiale*. Primordialiteit is die term wat verwys na die studie van die primordiale gegewe.

³² Let daarop dat "Realiteit" hier met 'n hoofletter geskryf word omrede dit die absolute Realiteit van die primordiale dimensie voorstel. Daar word ook in hierdie studie daarna verwys as die Werklikheid, die Waarheid en die Wesenlikheid. Enige konsep wat voortaan in hierdie studie met 'n hoofletter geskryf word, is veronderstel om die absolute vorm van hierdie konsep in sy primordiale sin voor te stel.

2.1.2 Die betekenis “agter” taal

Hierbo is die stelling gemaak dat dit in die primordiale dimensie is dat betekenis lê. Daar word verder gestel dat die primordiale ook die ware Realiteit insluit. Albei hierdie stellings het, veral in die sin van kommunikasie en taal, gelyk.

Daar moet onthou word dat woorde maar net seine of tekens is vir idees waarna daar verwys word. Dit is hierdie idees wat *beteken* word wanneer die gepaste woord of teken gebruik word in talige omgang. In nie-talige verkeer is daar geen vaste representatiewe verhouding tussen ’n bepaalde teken en ’n gegewe konsep nie. Let op dat *konsep* hier verwys na “idee” eerder as na talige entiteit. Kommunikasie kan egter feitlik nooit deur middel van onvaste representatiewe verhoudings bereik word nie. Daar is wel soms gevalle waar hierdie stelling verkeerd bewys kan word, maar dit gebeur baie selde.

Dat daar egter soms tog kommunikasie in ’n “nie-talige” situasie kan plaasvind, gee aanleiding tot die idee van ’n onderliggende universele betekenisstelsel. Sulke kommunikasie is ook nie die enigste aanduiding van so ’n betekenisstelsel wat letterlik *agter taal* lê nie.

Taal is maar net die stelsel wat gebruik word om, deur middel van geordende representasies van bepaalde idees, gewoonlik in die vorm van bepaalde tekens soos woorde, merke of simbole, konsepte as informasie oor te dra tussen individue. Die konsepte moet tog bestaan in die een of ander vorm, en word nie slegs met die gebruik van die betrokke teken *veroorsoak* nie. Die konsepte bestaan wel, ewig, in die dimensie van die primordiale.

In weergawes van een van die oudste bekende dokumente, die Bybel (1973), staan daar die volgende in Johannes I:

In die begin was die woord, en die Woord was met God, en die Woord was God.

(Johannes I: Vers 1-2)

Dit is die idee van die woord in die begin wat hier ter sake is. 'n Sekulêre interpretasie van hierdie stelling hang nou saam met die idee van wat die oer-woord genoem kan word. Dit is hierdie oer-woord, wat hier as verwysing gelees moet word na die onderliggende naam van enige bepaalde konsep, wat die basis is vir betekenis.

Die aanhaling uit Johannes I verwys nie na die "woord van God" nie: intendeel, die Woord³³ hier is God. Daar kan assosiatief 'n beeld afgelei word dat Woord, soos God, skepper is, waaruit alles talig ontstaan. Dit is hier by die oer-woord waar die beginpunt, die skepping, van alles talig lê.

Die feit, soos ook reeds hierbo genoem, dat taalsisteme verskillende geordende tekens gebruik om te verwys na dieselfde konsep is miskien die sterkste aanduiding van 'n universele betekenis. Verskillende wêreldtale gebruik natuurlik verskillende tekens of woorde om na dieselfde saak te verwys³⁴, maar daar is 'n verdere bewys, wat miskien meer gebiedend is, dat daar tog 'n vlak van onderliggende betekenis agter taal lê.

In sy inleiding tot die eerste volwaardige woordeboek van die Engelse taal, waarvan 'n uittreksel hierbo staan, merk Samuel Johnson dat "things are the

³³ *Woord* word hier met 'n hoofletter geskryf omdat dit verwys na die oorpronklike woord vir, en die ware identiteit van, die konsep. Hier is Woord betekenis. Dit is *Naam*.

³⁴ viz. *kat, cat, gato, felis* hierbo in 1.7.3.

daughters of Heaven" (1755). Sy standpunt is dat die 'dinge', die konsepte waarna verwys word, 'n kreasie is van die Hemel, dat hulle bestaan deur middel van hierdie skepping, en dat woorde, wat representatief is van hierdie 'dinge', aards, mensgeskape, is.

2.1.3 Hoofstukplan

Die mikpunt van hierdie hoofstuk is om die aard van betekenis uit te lig as primordiale element. Dit is die bewering dat betekenis "agter die taal" lê wat aanleiding gee tot hierdie denkrigting.

Daar word in 2.2 gekyk na primordialiteit in meer besonderheid, met 'n kort bespreking van die agtergrond tot die studie van die primordiale konsep. Daar word ondersoek ingestel na beskouings van laasgenoemde in sy verskeie gedaantes as onderliggende element in ander dissiplines, naamlik die psigologie, filosofie en die wiskunde.

Daar word verder in hierdie hoofstuk melding gemaak van, en bespreking gevoer oor, die onderlinge definisies van hierdie konsep binne bostaande verskeie studieveldde. 'n Kort uiteensetting van die intertekstualiteit word hieronder gegee, as deel van die bespreking van die primordiale, wat as't ware die oerbron, die intertekstuele oerteks, vorm.

Omrede daar betreklik min oor die primordialiteit *per se* bekend is, en miskien selfs minder daaroor nagevors word, word daar in hierdie hoofstuk 'n teorie oor die essensie van die primordiale, veral in verband met taal, opgestel.

Die eintlike mikpunt van hierdie studie is om ondersoek in te stel in kaats- en watersimbooliek as moontlike sleutels tot die primordiale, veral na aanleiding van die werk van digter en skrywer, Wilma Stockenström. Daar word ook in

hierdie hoofstuk kortliks 'n bespreking gevoer oor die hoofsimbole in Stockenström se bundel, *Spieël van Water* (1973), wat dien as kernteks vir hierdie ondersoek.

Die bespreking van simbole van die spieël, water en die waterspieël dien as agtergrond vir die bespreking van hierdie bundel. Ook hierop gebaseer is die bespreking van die gepaardgaande simboliek in verband met taal en primordialiteit, en die kommentaar hierop wat blyk in die werk van Stockenström.

2.2 Primordialiteit

Painting is a blind man's profession. He paints not what he sees, but what he feels, what he tells himself about what he has seen.

Picasso, in Daintith et al (1987:268)

Daar is verbasend min werk gedoen in die studie van die primordiale. Hierdie stelling is nie juis onvanpas nie, veral as die essensie van hierdie konsep in ag geneem word.

Die premis van die primordiale is dat dit onderliggend is aan alles. Die primordiale element skep so te sê 'n ander dimensie waar die ware identiteit van elke konsep te vinde is. As sulks is dit die woonplek van betekenis, en die tuiste van verstaan.

Elke woord, teken, simbool, klank of sein wat talig betekenis dra, verwys na 'n idee van 'n konsep in die primordiale dimensie. Dus kan dit gestel word dat die primordiale die beginpunt is van taal³⁵. Dit is juis hier waar kommunikasie sy uiteinde vind, en taal, as middel vir kommunikasie, sy ontstaan.

³⁵

Taal hier word gebruik om te verwys na elke taal; taal in die algemeen.

2.2.1 *Die primordiale*

Daar is hierboon 'n aantal stellings gemaak oor die aard van die primordiale. Die belangrikste kenmerk van die primordiale is dat dit, in sy verskeie gedaantes en identiteite, die basis vorm vir alle verwysings en betekenis.

Dus vorm dit ook die basis van alle denke, van alle teorieë en van alle studieverde. Dit maak nie saak in watter vorm hul voorkom nie, alle idees en denke is altyd gegrond op primordiale konsepte. Dus, enige voertuie vir die denke is maar net, soos alle talige kommunikasiemiddels, representasies van die konsepte waarvoor gedink word. Teorieë is trouens geordende idees, en is dus gegrond op primordiale konsepte.

Dit is dan ironies dat die teorie van die primordialiteit eintlik, volgens interne logika, in die primordiale, dit wat die teorie eintlik probeer verduidelik, sy ontstaan vind. Hier het ons amper weer te doen met die sirkelredenasie van 1.1.2³⁶.

Dit is moeilik om die bestaan van konsepte te rym met die ontstaan van denke en uitings oor hierdie konsepte. Volgens die primordiale teorie is daar eintlik geen ontstaan van 'n konsep nie: hul bestaan almal ewig in die primordiale dimensie. Hulle word vorm gegee, 'n idee wat hieronder in fyner besonderheid bespreek word, deur middel van die talige 'uiting', al is dit woorde, prente of gedagtes, van hierdie konsepte.

Daar kan gestel word dat die primordiale dimensie die bergplek is vir konsepte. Dit is nie 'n vaste, bepaalbare plek nie, maar dit 'bestaan' tog. Die primordiale dimensie bestaan, as dit wel as bestaan beskou word, op die-

³⁶ viz. Die voorwerp is *timd* soos n *gnorf*.

selfde manier as wat abstrakte konsepte soos goed, kwaad, liefde, die Hemel, die bese en dies meer bestaan. Die primordiale konsep is 'n abstrakte entiteit wat bestaan in 'n staat voor talige verwerking. Dit bestaan dus ook voor die invloed van konteks, en moet trouens beskou word as 'n neutrale saak.

2.2.2 *Primordialiteit in ander dissiplines*

Al is daar tot dusver nie veel studie in die primordialiteit, en die primordiale konsep, gemaak nie, is daar tog feitlik sedert die ontstaan van die denke en die wetenskappe bewustheid van 'n onderliggende bron. Een van die vroegste skakels met hierdie onderwêreld, die hipnotiese beswying, is ook miskien die mees toeganklike voorbeeld, saam met die slaap en die dood, wat die aard van die primordiale blootlê.

In verskeie wetenskappe en menslike studieveldde is daar verwysing na, en selfs studie van, hierdie onbekende, onderbewuste dimensie. Trouens, by die psigologie en psigiatrie, veral in die werk van Freud en Jung en hul volgelinge, word hierdie element selfs die Onbewuste ("the Unconscious") genoem. Die onderbewussyn word ook in ander mediese velde bestudeer, maar nie in soveel diepte as by bogenoemde nie.

By die kunste, veral die skeppende kunste soos beeldhou, poësie of skilderwerk, is daar ook dikwels sprake van 'n onderliggende dryfveer wat die kunstenaar as gids dien, en selfs soms as instrument vir die skepping van die kuns gebruik. Miskien die mees algemene benaming vir hierdie verskynsel is die inspirasie. 'n Meer gewilde term onder die 'kunstige' kliek is "die Muses".

Volgens die psigoanalitiese teorieë van Sigmund Freud (1927, 1949) en sy navolginge is sommige herinneringe, impulse en begeertes nie vir die bewuste denke toeganklik nie. Psigoanalitiese teorie skryf dié aan die onderbewuste toe. Freud meen dat sekere emotief pynlike herinneringe en wense verdring of onderdruk word – dit wil sê, hul word omgelei na die onderbewussyn.

Van hier kan hul soms ons aksies en handelinge beïnvloed, al is ons nie van hulle, of van hul uitwerking op ons lewens, bewus nie. Idees en drange wat tot in die onderbewuste onderdruk is, kan nie, volgens Freud se teorie, die bewuste denke binnedring nie, maar hul kan tog ons gedrag op indirekte of ‘vermomde’ wyse affekteer.

Freud en Jung het uiteenlopende idees oor die eintlike aard en rol van die onderbewussyn in die menslike psige, maar stem tog ooreen oor sekere hoofaspekte daarvan.

Freud se siening van die menslike psige verdeel hierdie konsep in drie afsonderlike, dog verwante, afdelings. Hul is die ego, wat die eintlike persoonlike eienskappe van die individu kontroleer, die superego, wat die invloede van die samelewing op die individu inhou, en die id, die primêre drange van die individu, soos honger, die seksdrang en so meer.

Jung (1964, 1972) se teorie gaan in wese gepaard met Freud se siening. Jung neem die konsep van die onderbewussyn verder. Die basiese konsepte in die id, en ook in mindere mate, die ego, word gekombineer. Hierdie kombinasie, wat dan die basis van die individu se psige vorm sonder enige konvensionele invloede van die samelewing (soos by Freud se teorie) word ver-

der verdeel deur Jung. Hy meen dat elke mens se innerlike persoonlikheid verdeel is in twee argetipes: die animus en die anima.

Hierdie verdeling geld vir alle individue, en is gebaseer op die premis dat elke mens se psige beskik oor 'n manlike en 'n vroulike geestelike element. Volgens Jung stel die animus (die manlike gedeelte) en die anima (die vroulike) die innerlike drange van die mens, wat met die bepaalde geslag geassosieer word, voor. Jung se anima is die kontroleerder van "vroulike" kenmerke, soos teerheid, en die animus weer "manlike" eienskappe soos aggressie. Volgens Jung verduidelik hierdie argetipes die verskynsels van, byvoorbeeld, aggressiwiteit in 'n vroulike individu.

In Freud se teorie is dit die id, wat die primêre elemente van die individu se onderbewuste bepaal, wat die meeste in verband hou met die primordiale. Daar kan gestel word dat die *id* eintlik die grootste elemente van die primordiale in die mens representeer.

By Jung word daar weer gekyk na die bron van sy argetipes, wat hy as 'n *kollektiewe onderbewussyn* bestempel. Hierdie teorie stel voor dat elke gebeurtenis oor die ganse menslike bestaan sy bydrae maak tot die lewe van elke hedendaagse persoon in die vorm van 'n "spesie-geheue". Die eind-totaal kennis wat deur die eeue deur die kollektiewe mensdom opgedoen is, gaan nie verlore nie. Inteendeel, die opgegaarde kultuur en kennis van die mensdom word by geboorte in die psige vasgelê, in die vorm van Jung se kollektiewe onderbewussyn.

Die oerkennis, -belewenisse en -drange wat voorgestel word in verband met Freud se id, en Jung se argetipes en kollektiewe onderbewussyn sluit op ver-

skeie maniere aan by die konsep van die primordiale. Hul kan egter nie as representasies van die primordiale dimensie beskou word nie. Daar is steeds elemente wat ontbreek vir 'n volledige verstaan van hierdie konsep.

By die skeppende kunste word daar heel dikwels melding gemaak van 'n onderliggende dryfveer wat die rigting van 'n bepaalde skepping reguleer. Soos hierbo genoem, is aan hierdie verskynsel hoofsaaklik twee name gegee: inspirasie en die Muses.

Inspirasie, wat amper altyd as die "spontane" ontstaan van 'n idee beskou word, word nie net met die kunste geassosieer nie. Dit is die verduideliking vir hoe talle idees in feitlik elke faset van die lewe hul ontstaan vind. Elke teorie wat opgestel word, moet gebaseer word op 'n basiese premis. Hierdie idee ontstaan aan die hand van óf waarnemings van 'n bepaalde saak, óf soms maar net, soos die spreekwoord lui, "uit die bloute". Dit is hierdie idees wat blykbaar vanself tot stand kom in die denke van 'n individu wat meermale toegeskryf word aan die inspirasie.

Die woord *inspirasie* word afgelei van die Latyns "*spirare*", en beteken letterlik "om in te asem". Verdere betekenisvlakke van so 'n vertaling, in 'n figuurlike of simboliese sin, kan lei na die elemente van lewegewende aksie, omrede asemhaling met die lewe geassosieer word. Vandaar kan simbolies geredeneer word dat inspirasie te doen het met die verskaffing van lewe aan die bepaalde idee. Meer hieroor in hoofstuk 3.

Daar is twee hoofbenaderings tot die idee van inspirasie, veral onder die skeppende kunstenaars. Albei hierdie sienings kan op verskeie wyses versoen word met 'n teorie van 'n primordiale bergplek vir betekenis.

Daar is dié wat meen dat inspirasie 'n stukrag is in die skepping van kuns, vanaf poësie, beeldhou of skilderwerk tot by argitektuur, musiek en kookkuns. Hierdie siening hou verband met die idee van die Muses, wat volgens die Romeinse mitologie 'n groep van nege beskermgodinne is, woonagtig op die berg Parnassus, en wat elkeen toesig hou oor 'n spesifieke kreatiewe of intellektuele kuns.

Dit was vroeër tradisioneel vir veral digters om die Muses aan die begin van hulle werke op te roep, en te vra vir inspirasie vir die gedig, of om die skepping van die werke aan hul (die Muses) toe te skryf. Dus kan daar in 'n sekere sin beweer word dat die Muses die godinne is vir kreatiewe inspirasie. Daar is heelwat gedokumenteerde bewys van en verwysings na werke wat geskep word terwyl die kunstenaar onder die invloed van die een of ander narkotiese middel is. Drank en dwelmmiddels is reeds vanaf die vroegste tye gebruik om weg te kom van die perke van die praktiese realiteit, veral in die geval van verdowingsmiddels wat die gebruiker in 'n mate "skei" van sy pyn. Selfs betreklike "groot name" in die kunstewêreld maak doelbewus van dwelms gebruik om beter verbeeldingsvlugte en kunswerke uit te lok. Miskien die bekendste onder hierdie figure is Samuel Taylor Coleridge, die digter van *The Rime of the Ancient Mariner* en *Kubla Khan* (Allison et al, 1983), wat naderhand verslaaf geraak het aan opium; Percy Bysshe Shelley, George Gordon, beter bekend as Lord Byron, Ernest Hemingway, DH Lawrence, bekende popgroepe soos die Beatles, die Rolling Stones, die Doors en talle ander. Baie van dié figure se werke is onder die invloed van dwelmmiddels geskep.

Die basiese argument ter wettiging van of regverdiging vir hierdie optrede is dat die kunstenaar vrygestel word van die perke van die sosiale norme, wat hom meer toeganklik maak vir die Muses. 'n Meer logiese siening sou wees dat die kunstenaar inderdaad wegbeweeg van sy realiteit; die beweging is egter binne in homself, tot in sy eie onderbewuste, sy psige. Sy eie primordiale.

Een van die beste voorbeelde van 'n werk wat geskep is na so 'n tog binne in die eie onderbewussyn is die bekende Afrikaanse digter, DJ Opperman, se simboliese verslag van die ontdekkingstog na die Ooste van die reisiger Marco Polo. Hierdie digbundel, *Komas uit 'n Bamboesstok* (1979), word grotendeels geïnterpreteer as Opperman se kommentaar op die skeppende kuns, en veral die geskiedenis van die Afrikaanse poësie.

Die titel maak melding van die komatoestand waarin Opperman hom bevind het as gevolg van ernstige lewerversaking (wat terloops 'n resultaat was van Opperman se drankmisbruik). Die bundel is een van die min werke in die Afrikaanse-, asook die wêreldliteratuur, wat, volgens sekere interpretasies, 'n skakel tussen skepping, die onderbewuste komatoestand van voor kennis, en die oer, oftewel die primordiale, dokumenteer.

Dit is ook by een van Opperman se werke waar daar 'n goeie rekenskap gegee word van die tweede groot siening oor die inspirasie. In sy gedig, "Carrara", uit die bundel *Dolosse* (1975), word opgemerk hoe die beeldhouer, Michelangelo, figure binne die marmerblokke sien nog voordat hy begin werk. Sy taak is om hul vry te laat van die rots wat hul gevange hou.

Die beskouing dat kunswerke reeds bestaan, en dat dit die kunstenaar se verantwoordelikheid, sy lot, is om hul vry te laat uit hul gevangenskap is niks nuuts nie. Hoewel die verduideliking en benadering tot hierdie konsep verskil van die siening van dié van die Muses is die basiese premis dieselfde: die kunstenaar is die instrument om die kuns lewe te gee.

Daar is 'n fundamentele beskouing wat agter so 'n stelling lê: die kuns bestaan reeds volmaak in die primordiale. Dit is die kunstenaar wat die betekenis van die betrokke kunswerk tot uiting bring deur sy bepaalde medium, en dit dan lewe gee deur hierdie blootlegging aan die wêreld van talige verwysing.

Soos egter hieronder in meer besonderhede in veral hoofstuk drie bespreek word, is nie almal van mening dat die oplegging van talige verwysing op 'n konsep lewegewend is nie. Inteendeel.

2.2.3 *Definisies van die primordiale*

Hierbo is verskeie sienings gegee van sake wat verband hou met die kernkonsep in primordiale teorie. Verwysings uit die dieptepsigologie en die kunswêreld na die onderbewuste, die onderliggende, die oerkennis en die inspirasie nieteenstaande: daar is eintlik nog niks genoem aangaande die werklike essensie van die primordialiteit nie.

Die Britse filosoof, John Locke, maak in sy *The Conduct of the Understanding* 'n stelling wat deels die essensie van die primordiale vaslê:

There are fundamental truths that lie at the bottom, the basis upon which a great many others rest, and in which they have their consistency. These are teeming truths, rich in store, with

which they furnish the mind, and, like the lights of heaven, are not only beautiful and entertaining in themselves, but give light and evidence to other things, that without them could not be seen or known.

(John Locke, in Hailey, 1985:376)

Die idee van 'n onderliggende bergplek vir betekenis, vir die oorsprong van rasionele denke, word in bostaande stelling uitgelig. Selfs hier is daar egter nie 'n volledige omskrywing of verduideliking vir die primordiale nie.

Van die benaming "primordiale" self is daar ook nie veel verklarende verwysings nie. In *Collins* (1985) is daar 'n rudimentêre omskrywing wat die kern van die konsep uitlig, maar tog nie enige verduideliking vir die term bied nie. "Primordiale" word hier omskryf as "existing at or from the beginning; primeval ... constituting an origin; fundamental". Die basiese elemente van die konsep kan in hierdie beskrywing gemerk word.

HAT (1988) het dit ook dat die primordiale te doen het met iets "oorspronklik, in eerste aanleg, fundamenteel". Die omskrywings van *Collins* (1985) en *HAT* (1988) stem ooreen. Tog moet gemerk word dat in albei gevalle die term slegs gebruik is as byvoeglike naamwoord, as 'n beskrywende term vir 'n aparte saak. Die konsep van die primordiale waarna verwys word in terme van die primordialiteit is egter 'n selfstandige naamwoord, 'n konsep in eie reg in stede van 'n beskrywing. Dus is *eienskappe* van die konsep betrek, maar nog nie die ware essensie van die term self nie.

In terme van die alchemie is daar verwysings na primêre materie (Cirlot, 1993). Hierdie konsep hou heelwat in verband met die idee van die primordiale, omrede dit verwys na die oorspronklike basisvorm van die alchemis-

tiese proses om goud te skep. Dit word ook simbolies verbind met die bevestiging van die siel, en daar is melding gemaak van assosiasies met die onderbewussyn.

Dit is in die omskrywing van hierdie konsep wat daar meer tastbare aansluiting kom met die kern van die primordiale. Cirlot (1993) merk ook dat die Rosarium die term *primêre materie* beskryf as "die ontstaan van homself" (the root of itself). Uit hierdie beskrywing kan die primordiale element simbolies as beginpunt vir alle verwysing beskou word, wat, myns insiens, die essensie van die konsep vasvang.

Daar is 'n verdere literêre teorie wat betrek moet word voordat 'n werklike omskrywing vir die primordiale, en dus 'n basiese premis vir 'n samehangende teorie oor die primordialiteit, opgestel kan word. Hierdie teorie fokus op die verband tussen alle skepping in verhouding tot bestaande, voorafgaande kennis – die teorie van die intertekstualiteit.

2.2.4 Intertekstualiteit

Verskeie bekende denkers en filosowe het al heelwat te sê gehad oor die verhouding tussen die reeds bestaande en die nuutgeskepe. Volgens die teorie van intertekstualiteit is alle nuwe denke gebaseer op dit wat reeds as kennis bestaan. Dus, in verband met die kunste, is alle kuns 'n refleksie van vorige kunswerke (soos by die parodie), of van vorige belewenis.

Op dieselfde manier is alle interpretasie van enige verwysing gebaseer op voorafgaande kennis, betekenis, ondervinding of belewenis. TS Eliot skryf in sy werk "Tradition and the Individual Talent" (1951) dat geen digter of kunstenaar van enige soort sy volledige betekenis dra aan die hand van sy werk

alleen nie. Inteendeel, sy beduidenis, sy waardering is eintlik die waardering van sy verhouding tot die werke van die voorafgaande digters en kunstenaars.

Ook die politiese teoretikus, Karl Marx, stel 'n mening oor so 'n verhouding in verband met die relasie tussen die hede en die geskiedenis. In Selected Writings merk hy die volgende op:

Men make their own history, but they do not make it just as they please: they do not make it under circumstances chosen by themselves, but under circumstances directly encountered, given and transmitted from the past. The traditions of all the dead generations weighs like a nightmare on the brain of the living ...

(Marx, 1977:300)

Weer eens kan op gemerk word dat daar 'n bepaalde denkrigting is wat 'n besliste skakel tussen die hede en die verlede meld. Volgens die teorie van intertekstualiteit word enige omgang in die hede bepaald beïnvloed deur wat reeds bekend is.

Trouens, 'n Amerikaanse regter, Oliver Wendall Holmes, het gemerk dat dit dikwels gebeur dat idees "grow better when transplanted into another mind than in the one where they sprang up" (Daintith et al, 1987:171). Nuwe sienings van bestaande idees en konsepte, ook van enige werke of hande-linge, ontstaan gereeld wanneer daar 'n nuwe blik op hul gevestig word.

Hierdie nuwe beskouing is niks meer nie as die plasing van die idee binne 'n nuwe of verskillende verwysingsraamwerk. Hierdie verwysingsraamwerk

word aan die hand van die ondervinding of kennis van die betrokke individu bepaal, en bied 'n baie nou verband met die idee van 'n persoonlike konteks. Dus, die interpretasie van enige gegewe word gemaak aan die hand van sy relasie met die interpretatiewe verwysingsveld. Die individu se verwysingsveld is egter eintlik niks meer nie as sy voorafgaande kennis, nie net oor die betrokke saak nie, maar oor sy ganse belewenis.

Die nuwe gegewe of idee word dus beskou, geïnterpreteer of verwerk binne die konteks van die individu se verwysingsveld. Dit word onmiddellik binne die "teks" van die individu se ondervinding geplaas, en dan as deel van die gehele belewenis ontleed. Verder word alle vroeëre bestaande kennis nou ook geïnterpreteer aan die hand van die ganse belewenisteks van die individu, wat nou ook die nuut-geabsorbeerde gegewe bevat. Dit is die essensie van intertekstualiteit.

Intertekstuele verwysing is miskien die grootste katalisator vir enige 'skepping'. Volgens die intertekstuele teorie is alle handeling in die hede gebaseer op die voorafgaande, op vorige kennis. Dus, enige 'nuwe' idee, wat noodwendig in die hede voorkom, word ook deur die voorafgaande bepaal. Al is die idee splinternuut, iets werklik oorspronklik, word die manier waarop dit tot uiting kom, bepaal deur die individu se innerlike teks, sy belewenis en ondervinding.

Veral in die kunste en die wetenskappe word hierdie verskynsel goed geïllustreer. Heelwat van die mees invloedryke teorieë het intertekstueel tot stand gekom. Hul is basies die gevolg van reaksie op talle hipoteses, idees, kommentaar en argumente oor 'n bepaalde saak, wat binne die bestek van

bestaande kennis verwerk word tot hul huidige vorm. Soos vele kunswerke en strominge in die skeppende kunste, is talle rigtings in die wetenskap reaksie op, en bepaal deur, die voorafgaande – die teks van dit wat reeds gebeur het. Die primordiale dimensie kan dan volgens stellings van die intertekstualiteit vereenselwig word met die intertekstuele oerteks — die primêre bron.

2.2.5 *’n Teorie oor primordialiteit*

Dit is bepaald moeilik om ’n teorie van ’n konsep so omvattend as die primordialiteit te suggereer. Of liever, die teorie self is nie die werklik problematiese element nie: dit is hoofsaaklik die definisie van die primordiale self wat die struikelblok bied.

Daar is hierbo melding gemaak van etlike primordiale kenmerke, asook definisies of omskrywings van konsepte wat besliste samehang met dié idee toon.

Daar is ’n sentrale kenmerk inherent in al hierdie konsepte wat hul verbind hul as dele van, of miskien selfs variante van, een beginsel. Hul is almal onderliggend aan die geprosesseerde, geordende uitings wat dien om hul as konsepte uit te beeld. Hul is dus ook onderliggend aan die rasonele prosesse van die logiese denke. Trouens, hulle is as’t ware die vlamspunt vir die rasonele denke, die basis vir rasonele en logiese prosesse.

Daar moet egter onthou word dat die konsepte waarna hierbo verwys is, as primordiale elemente beskou word. Dus moet aanvaar word dat hul eintlik deel vorm van dit wat as die primordiale dimensie uitgelig is, en dat laasgenoemde dus, soos reeds hierbo genoem, ’n bergplek is vir die betrokke kon-

septe. Die primordiale kan volgens hierdie siening beskou word as 'n spesifieke 'sone' waar sulke elemente te vinde is. Dit is dan eintlik, kan dit gestel word, 'n aparte dimensie waar die pre-rasionele gehuisves word.

Verskeie definisies vir wat *primordiale* as konsep eintlik talig beteken, is ook hierbo gemeld, waarvan feitlik almal as eienskappe die skakel getoon het met die konsepte van die oorspronklike, die eerste, die onderliggende of die vroegste beginsels. Hierbo is ook gestel dat die primordiale, weens hierdie skakels, beskou kan word as die tuiste van verstaan. Dit is, myns insiens, die beginpunt van alle denke, en waar elke konsep in sy suiwerste vorm, sy kern, gevind word.

Sodra daar begrip van die essensie van die primordiale as die 'dimensie' waar konsepte in hul rou, onverwerkte vorm, voordat hul deur die rasionele prosesse van die taal en die denke aangetas word, te vinde is, is dit moontlik om die idee van die primordialiteit ook te snap.

Primordialiteit as teorie gaan verder as 'n literêre konsep. Dit sluit elke faset van die bekende en onbekende wêreld in, omrede dit handel oor die oorsprong van enige konsep, voordat dit onder die kunsmatige invloed van taal kom. Primordialiteit as teorie uit 'n literêre oogpunt toon sterk verbande met elemente van die intertekstualiteit, maar gaan dieper in die *oorsprong van die tekste* in as laasgenoemde.

Hier volg 'n kort opsomming van die hoofkonsepte wat betrek word in 'n teorie oor die aard van die primordiale:

Hierdie teorie is gebaseer op die premis dat daar 'n onderliggende vlak of dimensie is waar die kern van elke konsep te

vinde is. Hierdie kern is die natuurlike vorm van die konsep, voordat dit deur taal gekunstel word.

Die stelling van primordiale teorie is dat elke konsep oorspronklik in die primordiale dimensie gegrond is, en dus dat referensieële waarde uit die primordiale ontstaan.

2.3 Spesifieke simbole

A sign is something which can be used to tell a lie.
Something which cannot be used to tell a lie cannot
be used to tell the truth.

Eco (1983)

Die fokus van hierdie studie is om 'n skakel te vind tussen kaats- en watersimboliek, en die primordiale. Die konsepte wat met hierdie simbole geassosieer word, is ook die hoofmotiewe in Wilma Stockenström se digbundel, *Spieël van Water* (1973).

Die aard van die poësie, van betekenis en van skepping word onder meer in hierdie bundel bespreek. Die simbole geassosieer met water en spieëls duik telkemale in die bundel op, dikwels met verrassende nuwe insigte wat uit die tradisionele waardes van hierdie simbole getrek word.

Spieëls en water het albei baie ryk simboliese waardes. Hierdie simbole strek tot in talle fasette van die bewuste en onbewuste bestaan, en toon in verskeie instansies baie nou skakels met mekaar, en die onderliggende, magiese wêreld van die voorbekende. Etlke simboliese assosiasies van hierdie konsepte word kortliks hieronder genoem.

2.3.1 *Die spieël*

Voorwerp van glas of metaal met 'n gepolyste oppervlak wat die beelde van voorwerpe terugkaats.

HAT, 1988

Om die waarde van hierdie simbool volledig te begryp is dit nodig om vertrouwd te wees met beide sy fisieke, sowel as sy assosiatiewe, kenmerke. In elk van hierdie afdelings is daar heelwat eienskappe wat bydra tot die totale waarde van spieël as simboliese entiteit.

2.3.1.1 *Fisiese eienskappe*

Die klaarblyklike eienskap van 'n spieël is dié wat sy mees algemene gebruik moontlik maak. Dit is natuurlik die vermoë om 'n weerkaatsing van 'n voorwerp te vorm.

Daar moet op gelet word dat hierdie gekaatste ewebeeld presies teenoorgesteld is van die oorspronklike voorwerp. Die ewebeeld is, in die geval van 'n gewone spieël³⁷, in elke opsig identies aan die oorspronklike voorwerp in verband met grootte, kleur en ander fisieke eienskappe. Dit is egter ook in elke opsig andersom — 'n inversie van die oorspronklike, van die reële.

'n Tweede belangrike kenmerk wat met gewone spieëls geassosieer word, is dat hul gewoonlik 'n raam het. Hierdie raam beperk hul grootte, en dus die grootte van hul weerkaatsende oppervlak. Op dié wyse word die grootte van die weerkaatsing self beperk. Hier word natuurlik verwys na die oppervlaks-grote van die refleksie self, en nie na die grootte van die gereflekteerde voorwerp nie.

Spieëls kan slegs kaats wat binne gesigsafstand van hulle is. Die posisie van die kyker bepaal ook wat in die spieël gekaats word, omdat dié ook in presies die teenoorgestelde, of gekaatste, posisie is, relevant tot die kyker. Die diagram hieronder (fig. 1) lig hierdie stelling miskien beter toe.

³⁷ Neem aan dat die spieël 'n konvensionele plat silwer spieël is, en nie 'n drogspieël is soos wat dikwels by karnavalle en dies meer te sien is nie.




Fig. 1 Ter illustrasie van die uitwerking van perspektief op die spieëlbeeld.

Hier kan gesien word dat die kykers nie dieselfde beeld sien indien hul vanuit verskillende posisies na 'n bepaalde deel van 'n spieël (hier met lyn A aangedui) kyk nie.

Op punt A sien Kyker Een vir Voorwerp Twee, terwyl Kyker Twee weer op dieselfde plek in die spieël die beeld van Voorwerp Een gewaar. Dus kan daarop gelet word dat die weerkaatsing in 'n spieël nie gebonde is tot 'n bepaalde plek op die oppervlak daarvan nie, maar dat dit afhang van die posisie van die kyker. Dit is trouens 'n relatiewe beeld, wat van die bepaalde kyker se perspektief afhang.

Indien die twee kykers die ander beelde wil sien is dit nodig dat Kyker Een fokus in die omgewing van die punt gemerk B, en Kyker Twee op C. Hier word die eienskap van die wisselende posisie van die weerkaatsing op die spieël se oppervlak, na gelang van die kyker se ligging in relasie tot beide die spieël en die voorwerp wat gekaats word, redelik duidelik uitgebeeld. Dus,

die posisie van die gereflekteerde beeld is nie konstant nie, en word bepaal deur die relatiewe posisie van die kyker.

Spieëls, soos alle materiële objekte, is onderhewig aan verval. Hul weerkaatsende oppervlak kan verdof, geskraap word en selfs breek. In al hierdie gevalle word die weerkaatsing op 'n soortgelyke manier beïnvloed, en word die beeld in die spieël effe verdraai ten aansien van die reële. In 'n versplinterde spieël, byvoorbeeld, is die refleksie verstar, 'n onvolmaakte, multi-vlakkige representasie van die ware voorwerp.

Sowel as die fisiese kenmerke van spieëls en weerkaatste beelde, is daar ook heelwat verwante tradisionele verwysings en konvensionele gebruike wat met bepaalde sosiale en simboliese waardes geassosieer word.

2.3.1.2 *Tradisionele spieëlsimbool*

Miskien die mees bekende tradisionele simbool wat die beeld van 'n spieël as katalisator gebruik is die konsep wat in Disney se bekende rolprent *Snow White and the Seven Dwarfs* gewys word: "Mirror, mirror, on the wall, who is the fairest one of all?" (1937:rolprent) — die selfsug, ydelheid en trots word feitlik altyd met spieëls en weerkaatsing geassosieer.

'n Verdere tradisionele verbinding met spieëls is die konsep van geluk. Eintlik het hierdie stelling nie heeltemal gelyk nie, omrede die assosiasie meer geneig is na die ongeluk, of teenspoed, wanneer daar 'n spieël breek. Sewe jaar se teenspoed word met 'n gebroke spieël gekoppel.

Die eienskap wat 'n spieël het om 'n beeld van 'n voorwerp weer te gee, lei onder meer na die siening dat dit die beeld eintlik in 'n mate vasvang en absorbeer, of betrap (Cirlot, 1993). Die spieël as beeld-*houer* word as gevolg

van hierdie beskouing nou ook beeld-*strik*, of selfs beeld-gevangenis. Die essensie van die beeld as weergawe van die reële voorwerp word nou deur die kaatser verdring en eintlik herbepaal, sodat die beeld meer afhang van die reflektor as van die oorspronklike voorwerp self. Dit is in hierdie opsig dat die bekende drogspieëls van karnavalle en pretparke miskien beter inwerking op die konsep het.

’n Ander tradisionele gebruik van die spieël-assosiasie staan ironies genoeg in direkte teenstryd met laasgenoemde beskouing. In heelwat gevalle word die simbool van spieël en weerkaatsing eintlik geles as openbaring van die ware essensie van die reële voorwerp. Die spieëlbeeld word hier gesien as ’n perfekte representasie van die oorspronklike, en glad nie as bedrukte gestruktureerde weergawe nie. ’n Puik voorbeeld van hierdie soort simboliek is te vinde in Oscar Wilde se roman, *The Picture of Dorian Grey* (in Foreman, 1973), waar die beeld in die portret verouder en die ware innerlike gesig van die man uitbeeld, terwyl hy skynbaar werklik steeds jonk en aantreklik bly. Dit is sy ware innerlike beeld wat deur die portret gereflekteer word.

Die laaste groot tradisionele simboliese waarde waarby die spieël self betrek word, is die beskouing van spieël as poort of ingang tot alternatiewe ‘wêreld’. Daar is twee oënskynlik uiteenlopende sienings wat hierdie faset van spieël-simboliek navolg.

Die spieël word soms beskou as die hek of oorgangspunt tussen die lewe en die dood. Om dié rede word spieëls in die huis van ’n pasoorledene dikwels omgekeer sodat die gees nie in die spieël vasgevang word nie, en veilig die tog na die Dood kan maak.

Die konsep van die spieël as deurgang na 'n ander dimensie kom sekerlik in sy mees bekende vorm in Lewis Carroll se *Through the Looking Glass* (1983) na vore. Alice beweeg deur die spieëlglas na 'n ander wêreld waar die gewone, aanvaarde orde nie geld nie. Carroll skryf van hierdie nuwe dimensie dat "It's as large as life, and twice as natural!" (1983:196)

Daar is 'n verdere, myns insiens belangrike, spieëlbeeld wat sterk simboliese waardes dra, veral in verband met die konsepte wat ter sprake is in hierdie studie. Die idee van 'n lugspieëling word nie geredelik met die konsep spieël verbind nie, maar daar moet onthou word dat dit op dieselfde fisiese beginsels as 'n gewone weerkaatsing gebaseer is.

Ons het hier te doen met 'n beeld wat blykbaar drywend is. Dit is eintlik 'n refleksie van 'n ware toneel of voorwerp, maar dit is gevorm as gevolg van die verbuiging van ligstrale. Die lugspieëling is meestal heeltemal geskei van die reële oorsprong van die beeld. Om dié rede is die simboliek hiermee geassosieer feitlik altyd dié van bedrog, valse verwagtinge en onbereikbaarheid. Dit is veral hierdie assosiasie wat ooreenkomste toon met die verhouding tussen taal en die primordiale, wat uitvoeriger in hoofstuk vier hieronder bespreek word.

2.3.1.3 *Spieël en die primordiale*

Die skakels tussen die spieël, sy simboliek en die konsep van die primordiale is almal gebaseer op die idee van representasie van 'n oorspronklike entiteit. Die verbindings hier is basies vanselfsprekend, wanneer die eienskappe van die betrokke konsepte in ag geneem word.

Die spieël en sy beeld is, soos hierbo genoem, altyd beskou in relasie tot die oorspronklike objek wat weerspieël word. Die relasie tussen die representasie en die oorspronklike is ook wat ter sake is wanneer daar oor die primordiale bespiegel word.

Bostaande is veral van belang as daar onthou word dat die geordende representasie van die bekende wêreld, byvoorbeeld deur middel van taal, maar net 'n weergawe, 'n beeld is van die oorspronklike primordiale konsep wat aanleiding daartoe was. Soos die spieëlbeeld, blyk dit identies te wees, maar die vraag ontstaan of die 'vertaling' tog getrou is aan die oorspronklike.

2.3.2 *Water*

Water, water, everywhere,
And all the boards did shrink;
Water, water, everywhere,
Nor any drop to drink.

Coleridge, in Allison et al (1983:570)

'Wouldst't thou' – so the helmsman answered –
'Learn the secret of the sea?
'Only those who brave its dangers
'Comprehend its mystery!'

Longfellow, in Daintith et al (1987:220)

Water beteken baie dinge in heelwat kontekste. Dit is feitlik onmoontlik om die belang van water vir die bestaan, fisies en simbolies, af te baken of te bepaal, omdat die invloed van hierdie konsep so wyd strek.

Hieronder word enkele opmerkings gemaak oor die aard van water as fisiese entiteit, en oor die inwerking van water as simboliese verwysing na die lewe, die letterkunde en die ganse bestaan. Die tradisionele relasie tussen water en primordiale elemente word ook kortliks hieronder belig.

2.3.2.1 *Fisiese eienskappe*

Water is H₂O, hydrogen two parts, oxygen one,
but there is a third thing, that makes it
water
and nobody knows what that is.

Lawrence (1929:106)

Die fisiese eienskappe van water dra geweldig by tot die toediening van simboliese waarde aan hierdie stof. Die mistiek wat ook dikwels met die waters van die wêreld gekoppel word, is nog 'n beduidende faktor in die toeskrywing van assosiasies aan water as simbool.

Water is, saam met suurstof, die noodsaaklike element vir die behoud van die lewe soos dit aan ons bekend is. Water is ook 'n sentrale bestanddeel van elke lewende wese; feitlik alle plante en diere het water as minstens vyftig persent van hul fisiese samestelling. Ons planeet self het amper driekwart van sy oppervlak deur water bedek, wat water ook een van die mees wydverspreide verskynsels ter wêreld maak.

Omrede water so nodig is vir die lewe, en dit ook so prominent in die fisiese samestelling van ons wêreld is, kan daar beweer word dat water beskou kan word as 'n kern van bestaan. Dit is egter nie net die belang van water in die lewe nie, maar ook sekere van hierdie element se fisiese eienskappe wat lei tot die toekenning van water se simboliese waardes.

Die voor die hand liggendste eienskap van water is natuurlik dat dit vloeibaar is. Dit het geen eie vaste vorm nie, maar neem geredelik die vorm aan van enige houder waarin dit geplaas word, en spreid maklik op 'n plat area uit. Die vloei van water word deur swaartekrag bepaal en volg die baan wat die

minste weerstand bied. Dit het egter ook die vermoë om enige hindernisse deur die krag en vaart van die vloed te verwyder.

Water neem nie net die vorm aan van sy houer nie, maar ook die kleur van enige element wat daarin opgelos word. Hierdie eienskap word goed belig in die geval van die see, wat dikwels groen of blou lyk. Water neem dus, in 'n mate, ook die eienskappe aan van sy houer, sowel as van sy bestanddele.

Tradisionele waardes wat aan water toegeken word, om simboliese interpretasie en sieninge in die taal en letterkunde te laat geskied, is 'n belangrike skakel wat die verhouding met die primordiale betrek. Hieronder word hierdie stelling in meer besonderheid toegelig.

2.3.2.2 *Tradisionele watersimboliek*

Limitless and immortal, the waters are the beginning
and the end of all things on earth.

Cirlot, 1993:364

Die kern van watersimboliek hang baie nou saam met die lewegewende eienskappe van hierdie stof. Simbolies is water lewe. Die drang na water om lewe te behou het hierdie term amper sinoniem gemaak met die konsep van lewe in 'n verhouding wat in baie maniere verby die simboliese strek.

In 'n ironiese wending het water, die steunpilaar van oorlewing, ook simbool geword van gevaar. Hierdie ommekeer is as gevolg van twee verskillende assosiasies met die waters bereik. Hul is ook met twee verskillende aspekte van watergevaar gekoppel: fisiese gevaar, en die vrees vir die onbekende.

Fisiese gevaar wat met water gekoppel word is ook meeffassetig. Daar is altyd by water die moontlikheid van verdrinking. Dus gaan die konsep van die dood, sowel as die lewe, met water gepaard. Watergevaar is ook ter

sprake wanneer die krag van vloedwaters in ag geneem word. Daar is bra min wat water, na genoeg tyd, nie kan verwoes nie; selfs die berge en landmassas van die aarde is grotendeels deur die aksie van water vorm gegee.

Water as middel van verwoesting is egter nie die enigste skakel tussen water en gevaar nie. Die tweede soort gevaar wat simbolies met water geassosieer word, is miskien meer beduidend as die tasbare bedreiging van vernieling: dit het trouens te doen met die gevaar van wat eintlik totaal nie tasbaar is nie – die gevaar van, en vrees vir, die onbekende.

Hierdie assosiasie ontstaan hoofsaaklik uit die beskouing van die see, wat grotendeels die saak water betrek. Die mens is nog nie daartoe in staat om die see te tem nie, en daarom is dit die natuurdeel wat nog die minste deur die mens beheer is. Die see is ook die streek wat nog die minste verken is deur die mens, en om dié rede stel dit ook die groot onbekende voor.

Daar is 'n natuurlike vrees vir dit wat nie bekend is nie. Hieruit ontstaan die assosiasie dat water simbolies 'n element van vrees en gevaar inhou. Die vrees vir die onbekende is 'n baie sterk faktor in die menslike onderbewus-syn, en die onbeheerde see stel in 'n mate die essensie van die konsep van die onbekende voor, met die geassosieerde gevare wat dit inhou.

'n Verdere ommekeer in die polarisering van beskouings van water as simbool vir die onbekende kom na vore in die wending dat die onbekende ook dikwels nuwe moontlikhede bied, wat water dus ook assosieer met nuwe insigte en skeppings. Water word hieruit simbool vir die potensiële, sowel as vir die vreesaanjaende onbekende.

In *Mirakel en Muse* beweer Henning Snyman dat water ook beskou word as “simbool van ondergang, van letterlike en geestelike desintegrasië” (1983:136). Hierdie beskouing hang saam met die afbrekende eienskappe van water, wat terselfdertyd ook ironies opbouend is, na gelang van die nuwe skepping wat in die vernieling gevind word. In die ondergang vind mens dus ook die (her)skepping, want die essensie en vorm van die voorwerp is tydens die verwoesting gedurig besig om te verander, om omskep te word.

Daar is ’n onderskeid wat in Cirlot (1993) en ander simboolstudies gemeld word tussen wat tradisioneel beskou word as die opperste en onderste waters. Hieroor word die volgende standpunt gestel:

The former correspond to the potential or what is still possible, the latter to what is actual or already created ... Moreover, the primaeval waters ... also contained all ... bodies before they acquired form and rigidity.

(Cirlot, 1993:364)

Dus, die grondslag vir ’n beskouing van waters as simbool vir die primordiale entiteit, die toestand voor enige formele etikettering, is reeds gelê in vroeër studies van simbole.

Verdere getuienis om hierdie beskouing te staaf, is ook in verskeie simbooltekste te vinde. Daar is besliste steun vir die beskouing van die waters, uit ’n modern-psigologiese oogpunt, as simbool vir die onderbewuste. Meer bepaald is hierdie siening gefokus op wat Cirlot noem “the non-formal, dynamic, motivating, female side of the personality” (1993:365). Hieruit,

gekoppel met die lewegewende aspekte van water, spruit ook die idee dat water verbind word met die moedersimbool en intuitiewe wysheid.

Miskien die mees relevante beskouing van water as tradisionele simbool is soos volg in Cirlot³⁸ aangemeld:

The waters, in short, symbolize the universal congress of potentialities, the *fons et origo*, which precedes all form and creation.

(Cirlot, 1993:365)

Daar kan uit heelwat van die bestaande simboliese assosiasies opgelet word dat daar 'n besliste skakel is tussen water en die voor-formele. Hierdie elemente kan almal herlei word tot die potensiele, wat in die primordiale dimensie vasgelê word. Dus kan daar gestel word dat daar 'n tradisionele skakel is tussen watersimbooliek en die konsep van die primordiale.

2.3.2.3 *Water en die primordiale*

I do not know what I may appear to the world, but to myself I seem to have been only like a boy playing on the sea-shore, and diverting myself in now and then finding a smoother pebble or prettier shell than ordinary, whilst the great ocean of truth lay all undiscovered before me.

Newton, in Daintith et al (1987:249)

Die skakel tussen die tradisioneel-simboliese waardes van water en die idee van die primordiale is hierbo in 2.3.2.2 belig, maar nog nie bespreek nie.

³⁸ Dit mag miskien effe partydig voorkom dat die bevindinge van J. E. Cirlot heel dikwels vir die doeleindes van hierdie studie aangehaal word, maar ander tekste wat ook as naslaanwerke gebruik is, dra min of meer dieselfde basiese informasie as hierdie bron. Cirlot (1993) se werk is egter, myns insiens, merendeels meer breedvoerig as ander relevante tekste, met slegs n paar uitsonderings.

Hieronder volg 'n kort beskouing van water as simbool wat spesifieke verwysing na, en skakels met, die primordiale dimensie toon.

Een van die mees relevante beskouings van water in relasie tot die primordiale is hierbo gemeld in 'n aanhaling wat lui dat water die universele kongres van die potensiele simboliseer, en dat hierdie potensiele alle vorm en skepping voorafgaan. Water word dus simbolies onder meer beskou as representasie vir die voor-ordelike toestand van bestaan.

Die uiteensetting van die konsep van die primordiale is hierbo in 2.2.4 bespreek. Die omskrywing van die primordiale dui aan dat dit te doen het met die natuurlike vorm van die konsep, die kern van die idee, voordat dit deur enige kunsmatige sisteem aangetas word. Die primordiale bevat elke konsep waarna daar deur middel van referensiële sisteme, soos enige talige stelsel vir konvensionele kommunikasie, verwys word in die suiwerste vorm.

Die primordiale het ook, volgens definisies en omskrywings van die konsep hierbo gemeld, te doen met 'n onderliggende vlak, feitlik 'n ander dimensie, waar hierdie oorsprong van konsepte en betekenis gehuisves word. Hierdie onderliggende element hang saam met die beskouing van die onderste waters, wat volgens Cirlot (1993) hierbo ooreenslaan met die potensiele, die steeds moontlike, in teenstelling met die bestaande of gevormde konsep.

Hierdie sienings klop egter nie heeltemal met die siening van die primordiale as die tuiste van die voor-ordelike konsep nie. Ter verduideliking, die konsep bestaan wel ewig in die primordiale staat, maar in sy oorspronklike natuurlike vorm.

Die beskouing wat in laasgenoemde verwysing uit Cirlot (1993) voorkom, blyk aan te dui dat die primordiale staat slegs die potensiële konsep voorstel, en dat dit slegs as gevolg van die ordening van 'n referensiële sisteem soos taal kan bestaan. Die volle essensie van die konsep *primordiaal* blyk dus nie in die tradisionele simboliek van water te vinde te wees nie.

2.3.3 *Die waterspieël*

Daar is 'n paar interessante en hoogs relevante verskynsels wat na vore kom wanneer die sentrale simbool in hierdie studie se fokusteks betrek word in verband met die primordiale. Die hoofsimbool wat in Stockenström se bundel *Spieël van Water* (1973) deurlopend gebruik word, is in sy titel te vinde: die waterspieël.

Hierdie konsep het uit eie reg sekere tradisionele en gebruiklike simboolwaardes wat elemente van beide samestellende simbole betrek, asook etlike nuwe aparte representatiewe waardes. Hul is nie nuwe simbole nie, maar is selfstandig ten opsigte van die konsepte van spieël en water, en kom net tot stand deur die betrekking van laasgenoemde twee simbole op die nuutopgestelde begrip van die waterspieël.

Dieselfde formaat word hier gebruik as by die kort uiteensettings van die simbole van *spieël* en *water* in 2.2.1 en 2.2.2 hierbo. Daar word hieronder ook kortliks melding gemaak van etlike fisiese en tradisioneel simboliese kenmerke wat met die waterspieël gekoppel word, en gekyk na enige skakel tussen hierdie simbool en die primordiale.

2.3.3.1 *Fisiese eienskappe*

Op 'n fisiese vlak is die eienskappe van 'n waterspieël slegs 'n kombinasie van dié van die konsepte spieël en water. Die spieëlende kenmerke bly presies dieselfde as dié van die spieël daarin dat dit 'n gladde blink oppervlak bied wat weerkaatsings vorm van voorwerpe in die reële wêreld.

Daar is egter een groot verskil wanneer dit kom by die fisiese eienskappe van die water-element in hierdie samestelling. Die water moet presies stil wees om 'n gladde spieëlende oppervlak te kan vorm. Dus is die elemente van watervloed en -woeling nie konsekwent wanneer dit kom by die beskouing van 'n waterspieël nie. Op elke ander wyse bly die kenmerke van water, soos by die idee van spieël, presies dieselfde as in die geval van hierdie konsep wanneer dit selfstandig en in eie reg beskou word.

Daar is ook by die idee van die waterspieël 'n raam, wat gevorm word deur die omvang van die houer waarin die water betrap is, al is dit 'n beker, 'n kom, 'n emmer of 'n kalm meer. Die beeld wat in die waterspieël gevorm word, is ook beperk tot die grootte en posisie van hierdie raam, en word weer, soos by enige spieël, "vasgevang" op die kaatsende oppervlak binne die raam.

Daar is 'n interessante verskynsel wat soms voorkom wanneer water as spieëlende oppervlak gebruik word, as gevolg van water se eienskap van deursigtigheid. Die gereflekteerde beeld word gevorm op die oppervlak van die water, soos by die spieël, maar dit wat onder die water is kan ook soms deur die water gesien word. Dus word 'n multivlakkige beeld gevorm, wat eintlik twee aparte visuele aspekte bevat. Hierdie beeld is, anders as die

oppervlakkige beeld in die spieël, multi-dimensioneel, omrede die een beeld fisies onderliggend is aan die ander, en dat hul nie terselfdertyd volledig beskou kan word nie. Slegs die een óf die ander word gesien, en nie albei gelyk nie.

Miskien is die interessantste verskil tussen waterspieël en konvensionele spieël dat, al is beide daartoe in staat om te versplinter en die beeld te laat verstar, die waterspieël herskeppend is. By 'n glasspieël is die verstarring permanent, maar die spieël van water keer, mits sonder verdere sturing, terug na die stil kaatsende oppervlak. Hierdie eienskap het sterk konnotatiewe assosiasies met die primordiale, wat verder hieronder bespreek word.

2.3.3.2 *Tradisionele simboliese waardes*

Daar is hoofsaaklik net een simboliese konnotasie wat onmiddellik met die konsep waterspieël gekoppel word. Hierdie beskouing word in die Narcissus-legende uit die Romeinse mitologie gevind en die simboliek word ook hierin gegrond.

Volgens die mite het 'n jong man, Narcissus, sy eie weerkaatsing in 'n poel water gewaar en verlief geraak daarop. Sommige weergawes van die mite het dit dat Narcissus so aangetrokke was deur sy beeld in die water dat hy in die poel geval en verdrink het. Ander variasies stel weer dat hy in so 'n mate betower is deur die spieëlbeeld dat hy hom nie kon wegskeur van die poel nie, en dat hy daar op die plek weggekwyn en van die honger gesterf het.

Die idee van waterspieël dra dus ook die konnotasies en simbole wat aan die Narcissus-figuur geheg word. In Cirlot (1993) word Joachim Gasquet se siening gemeld dat hierdie mite op 'n primordiale vlak die eenselwige, self-

beskouende en self-behoudende konsepte uitbeeld. Op die uiterlike vlak versinnebeeld die waterspieël dan ook die hoogmoed, wat dikwels gekoppel is aan 'n valse beskouing van die realiteit.

Simbolies gesproke is die waterspieël as simbool meestal 'n samestelling van die mees konvensionele waardes van die simbole van water en spieël. In eie reg het die waterspieël geen spesiale simboolkonnotasies behalwe die wat aan die Narcissus-mite gekoppel is nie, en die gepaardgaande assosiasies met die simbole van spieël en water wat sluit met die simboliek in die Narcissus idee.

Die fassinering met die waterbeeld wat in die Narcissus-mite aangedui word, lei tot verdere insigte in sekere aspekte van beide spieël- en watersimboliek. Die geloof in die beeld as realiteit, in stede van weergawe daarvan, word baie sterk in hierdie mite na vore gebring. Dat die beeld op die water gevorm word deur die weerkaatsing van die realiteit het ook sekere sterk simboliese konnotasies, veral in verband met die primordiale.

2.3.3.3 *Waterspieël en die primordiale*

Die beskouing van 'n valse realiteit as werklikheid in eie reg word gevorm as gevolg van die water, wat soos hierbo genoem tradisioneel gekoppel word met die primordiale werklikheid. Hierdie kenmerk het 'n geweldige impak op die beskouing van waterspieëlsimboliek in verhouding met die primordiale.

Die valse realiteit word as't ware op die simbool van die werklike Realiteit (die water) gevorm. Trouens, daar kan simbolies gesproke beweer word dat die beeld geplaas word, eintlik gesuperponeer word, op die werklike. Die Realiteit word dus sodoende versper en onderdruk deur die weergawe daar-

van. Daar is steeds, soos hierbo in 2.3.3.1 genoem, spore van die onderliggende werklikheid wat deurkom, maar dit word merendeels deur die deklaag van die beeld versper. Dit is hier waar die essensie van die primordiale kwessie in verhouding met taal myns insiens lê.

2.4 Die aard van die primordiale

Lees maar. Er staat niet wat er staat.

Nijhoff (1993)

Die beskouing van 'n primordiale teorie, soos hierbo in 2.2.5 uitgelê, is gebaseer op die premis dat daar 'n onderliggende dimensie of domein bestaan waar die Werklikheid te vinde is. "Werklikheid" hier verwys na die essensie van enige konsep waarna verwys word: dit waarop representasie gebaseer is.

Daar is hierbo 'n hele paar interessante beskouings oor die aard van die primordiale na vore gebring, wat feitlik almal een sentrale idee belig: die primordiale bevat die oorspronklike stadium van elke konsep in sy natuurlike chaos-staat. Daar moet gelet word dat "chaos" hier verwys nie na die meer opvallende interpretasie van anargie en amokmakery nie, maar na die status van wanorde, of ongeorganiseerdheid.

Dit is, myns insiens, ook die essensie van die idee van 'n primordiale teorie. Die primordiale moet beskou word as die staat wat bestaan voor enige ordenende ingryping. Dus, die oer- of natuurlike vorm van alles is die primordiale vorm, en dit is hierop wat die referensie gegrond is.

Konsepte bestaan wel in die primordiale. Trouens, dit is eintlik *net* in die primordiale waar die konsep te vinde is. Sodra dit deur enige representatiewe

sisteem, soos taal, betas word, en hierdeur in 'n verwysingspatroon georden word, verloor dit die eienskap van konsep wees. Dit word dan slegs verwysing na, of, soos by die spieël, 'n beeld, 'n idee, van die ware konsep.

Die Realiteit is in die primordiale te vinde. Woorde en ander simbole verwys na die idee³⁹ van die konsep, maar kan eintlik nie die konsep self 'wees' nie.

Talige verwysing, in enige vorm of taal, het eintlik geen skakel met die konsep self nie. Die waterspieël is amper 'n perfekte metafoor vir die idee van die primordiale en sy verhouding tot die georganiseerde representasie.

Representasie is hoofsaaklik talig, meestal in die vorm van die woord.

“Woord” kan beskou word as slegs 'n beeld wat op die waters van die Realiteit gekaats word, en *waardeur* die essensie van die konsep soms van onder af deurskyn. Die woord is die representasie van 'n idee van die primordiale konsep, en is nie die konsep self nie. Die primordiale is die bergplek vir die gerepresenteerde konsep, en is waar die kern van elke konsep, dit waarna alle idees terugverwys, te vinde is.

³⁹ Die idee van die konsep word opgestel gebaseer op die konteks van die betrokke taalgebruiker. Daar word meer hierop uitgebrei in hoofstuk vier.

HOOFSTUK DRIE

Stockenström en die Primordiale

Ag, ek weet nie. Regtigwaar, as ek my gedigte kon verduidelik dan het ek essays geskryf. Ek dink ek het 'n onregverdige reputasie van moeilik skryf. Ek is seker dis maar net omdat mense konvensioneel na my werk kyk, plaas dat hulle alles vergeet wat hulle geleer het op universiteit; plaas dat hulle dit net léés — en geniet of nie geniet nie, klaar. Nou goed, blykbaar kommunikeer ek nie omdat ek moeilik skryf. Mense verstaan nie my werk nie.

Stockenström, in Odendaal (April 1988:45)

Poetry is not a turning loose of emotion, but an escape from emotion; it is not the expression of personality, but an escape from personality.

Eliot (1951)

3.1 Inleidend

Teoretiese spekulasie oor die aard van taal, kommunikasie en die primordiale is per definisie net dit: bespiegeling. Dit is wetenskaplik niks werd nie sonder voorbeelde ter staving van, of kommentaar op, die uitgangspunte waaroor daar ten aansien van betrokke sake ooreenstemming bereik is.

Die titel van hierdie studie lui: 'n bespreking van die aard van kaats- en watersimboliek as moontlike sleutel tot die primordiale dimensie, met verwysing na etlike werke van Wilma Stockenström. Daar is in hoofstukke een en twee hierbo opmerkings gemaak oor die aard van kommunikasie en taal, die primordiale, en spieël- en watersimboliek, asook oor die relasie tussen dié simbole en die primordiale gegewe.

Die teoretiese grondwerk hiervoor is in die vorige twee hoofstukke belig. Etlke interpretasies van en opmerkings oor die betrokke konsepte word hieronder aangebied. Hul kom na vore uit 'n beskouing van literêre werke, veral uit die oeuvre van die Afrikaanse skryfster, Wilma Stockenström. Werke van sekere ander kunstenaars word ook betrek, maar die klem lê op die werk van Stockenström as voorbeeld en kommentaar op hierdie temas.

3.1.1 *Opsomming van hoofstukke een en twee*

Etlke teoretiese gevolgtrekkings is gemaak oor die aard van sake wat ter sprake kom in hierdie studie. Die hoofpunte hiervan word kortliks hieronder genoem sodat hul in ag geneem kan word by die meer praktiese bespreking wat volg.

Die konsep *kommunikasie* is belig as 'n abstrakte proses waardeur identifiseerbare feite deur middel van 'n geordende kodifikasie- en interpretasiesstelsel akkuraat van een individu na 'n ander in 'n sosiale situasie oorgedra word. Taal is die sisteem waardeur kommunikasie bereik word, die instrument vir die kommunikatiewe proses.

Daar is ook gewys hoe daar in elke sosiale situasie kommunikasie van die een of ander aard plaasvind, selfs tussen individue wat nie dieselfde taal gebruik nie. Daar is selfs kommunikasie tussen individue wat verskillende taalsoorte¹ gebruik, byvoorbeeld tussen verskillende spesies.

'n Kernvraag ontstaan hieruit: hoe is dit moontlik? Dit is as motiverende faktor gebruik in die veronderstelling van 'n onderliggende element in die konsepte van taal en kommunikasie. Die primordiale dimensie is betrek as

¹ Vergelyk die bespreking van verskillende taalsoorte in 1.5 en onderafdelings daarvan.

verduideliking vir die moontlikheid vir nie- en tussentalige kommunikatiewe omgang. Argumente hierbo uiteengesit stel dit voor as 'n onderliggende universele betekenisbasis.

Die stelling van primordiale teorie hierbo is dat elke konsep oorspronklik in die primordiale dimensie gegrond is, en dus dat referensiële waarde uit die primordiale ontstaan. Die basis vir taal, as formele referensiële sisteem, setel dus in die primordiale.

Die kernsimbole vir hierdie studie, dié van spieël en water, en van die kombinasie van die twee konsepte in die vorm van waterspieël, is ook kortliks in hoofstuk twee bespreek. Etlke kenmerke wat die simbole koppel met die konsep van die primordiale is ook uitgelig.

Die simboliek van spieël in assosiasie met taal, as representasie van die reële, kom sterk na vore in die bespreking in 2.3.1 en sy verskeie onderafdelings. Spieël as simbool toon ook tradisionele bewyse van oorgangsassosiasie, soos byvoorbeeld by die beskouing van die spieël as portaal tot 'n alternatiewe dimensie (*vide* Lewis Carroll).

Water het as tradisionele simbool veel meer verwantskap met die onderliggende, die oorspronklike en die primordiale chaos². Dit is, uiteenlopend, terselfdertyd die simbool van die Dood, van verwoesting en ondergang, sowel as simbool van Lewe en die potensiële. Die primordiale verband lê in die beskouing van die onderste waters as die tradisionele oertoestand voor enige formele ordening.

² Daar moet op gelet word dat chaos gebruik word in die sin van die ongeordende, en nie in die meer geredelike sin van anargie nie.

Die saamgestelde simbool in die waterspieël het verdere sluitbande met die primordiale. Dit koppel eintlik die belangrikste assosiasies in verband met taal en die primordiale in een beginsel: die refleksie of beeld, 'n weergawe van die oorspronklike realiteit, word gevorm deur weerkaatsing op die water, simbool van die primordiale staat. Dus, die beeld word, simbolies gesproke, oppervlakkig gevorm met die Realiteit as basis.

Daar is ook die idee genoem dat die oorspronklike dus in 'n mate versper en onderdruk word deur die oppervlakkige weergawe daarvan. Daar word verder hieronder, veral in hoofstuk vier, uitgebrei op hierdie stelling. Die woord, die teken, word gebruik om te verwys na 'n weergawe van die oorspronklike konsep. Dit is slegs as wegwysers bedoel, 'n assosiatiewe verwysing na die konsep, wat volgens die teorie in die primordiale dimensie te vinde is.

Daar is op gelet dat die woord of sein dus 'n verwysing na die primordiale element is, en nie 'n plaasvervanger vir die konsep nie. *Die teken is nie die konsep nie.* Dit verwys net na 'n weergawe daarvan. Hier lê, myns insiens, die kern van die konsep taal as assosiatiewe kodifikasiesisteen.

3.1.2 Hoofstukplan

In die derde hoofstuk van hierdie studie van die relasie spieël- en watersimbooliek met die primordiale word etlike letterkundige werke betrek waarin kommentaar oor betrokke sake voorkom.

In 3.2 hieronder word sommige werke uit die algemene letterkunde belig in verband met hierdie konsepte, en melding gemaak van sekere beduidende literêre beskouings hiervan. Kort interpretasies in verhouding met die primordiale word ook gegee oor etlike van hierdie. Werke in 3.2 betrek, is geensins

die enigste, of selfs miskien die beste, voorbeelde om te gebruik in terme van hierdie studie nie. Hul is tog, na my mening, voldoende ter illustrasie van sekere kenmerkende beskouings oor hierdie sake in die literatuur.

Die kernpunt van hierdie studie in die bespreking van die hoofkonsepte kom in 3.3 met die analise van etlike werke uit die oeuvre van Wilma Stockenström. Daar word nie soseer 'n kronologiese beskouing van die werk van Stockenström gegee in verband met bogenoemde simboliek, taal en die primordiale nie, omrede elemente hiervan in 'n groot deel van haar werk na vore kom.

Die bespreking van Stockenström se werke word gemakshalwe losweg behandel met hul formaat as basis. Die bespreking van enkele saaklike elemente uit van die skrywer se prosawerke kom in 3.3.2.1, met 'n algemene beskouing van Stockenström se poësie³ in 3.3.2.2. Die kernbundel vir hierdie studie, *Spieël van Water* (1973) word in meer besonderhede bespreek in 3.3.2.3.

Die uitgangspunt van hierdie hoofstuk gee 'n kort opsomming van die belangrikste elemente wat in hierdie besprekings belig is. Daar word ook 'n moontlike interpretasie gegee van wat, na gelang van haar werke, die beskouing is van die skrywer oor die verhouding tussen taal en die primordiale.

³ Hierdie algemene beskouing betrek net tekste wat nie in die bundel *Spieël van Water* (1973) verskyn nie.

3.2 Letterkundige behandeling van hooftemas

... hierdie woorde sal nooit geweet word en nie bly nie:

dit was kortstondig, was verbygaan aan die lawwe dinge van ons aarde en ons aard.

van Wyk Louw (1975:90)

Die skeppende en beeldende kunste het 'n ryk tradisie van spekulاسie oor die aard van die onderliggende, die pre-rasionele, en sy verhouding met die taal. Die hoofsimbole wat betrek word, is ook goed gevestig in die algemene letterkundige en ander skeppende oeuvres.

Daar word dikwels verskillende aspekte van dieselfde simbool uitgelig deur kunstenaars wat 'n eie interpretasie voorstel van die betrokke konsep se mees beduidende waardes. Daar word hieronder melding gemaak van voorbeelde uit die algemene letterkunde van hierdie simbole en konsepte, in 'n poging om van hierdie onderskeie gesigspunte uit te lig.

Van die bekendste figure in verband met die betrokke konsepte in die letterkunde is diegene wat onder die hoof seevaarderfigure gekategoriseer kan word. Karakters wat avonture meemaak op die oop see, of die avonture ter see begin, is volop. Sindbad, die matroos uit *The Arabian Nights* (1994), is maar een voorbeeld van 'n figuur wat die see oorsteek na verskeie ander mitiese realiteite.

Uit die Romeinse mitologie kom die karakter Aeneas wie se avonture as seevaarder legendaries geword het in Virgilius se *Aenead* (Daintith et al, 1987). Die Griekse helde, Jason, uit die bekende mite oor die soektog na die Goue Vlies, en Ulysses, ook as Odysseus bekend, maak ook 'n groot deel van hul

togte en ondervindinge mee in 'n alternatiewe realiteit: ter see. Die medium om by die nuwe wêreld uit te kom, is in feitlik elke geval per skip oor die oseaan na die mitiese onbekende.

'n Ander belangrike figuur, waarna baie kortliks hierbo verwys is, is die ou matroos in Coleridge se *Rime of the Ancient Mariner* (Allison et al, 1983). Hierdie figuur se hele tog na die wêreld van die Dodes en die ellende vind per skip plaas. Die waters speel in hierdie epiese gedig 'n geweldige rol as skakel tussen die realiteit en die onbekende, en vorm hier die basis vir die nuutgevonde onbekende wêreld waar die matroos en sy skip vol dooie makkers hul bevind.

In Herman Melville se klassieke teks, *Moby Dick* (1987), is daar 'n besliste progressie in verhouding met watersimboliek, wat te sien is in die twee hoof-figure. Dit is veral by Ahab, die skeepskaptein, waar die kwellende soeke na die onbereikbare element in die waters sterk na vore kom. Wanneer Ahab uiteindelik daarin slaag om sy majestueuse wit walvis te bowe te kom, is dit — ironies — ten koste van sy eie lewe. Hier is 'n sterk simboliese skakel met die idee dat die ware primordiale Realiteit, wat in die waters te vinde is, nooit werklik volledig deur enigeen bereikbaar is nie.

Samuel Clemmens, wat onder die skuilnaam Mark Twain (1993) gewerk het, se karakter Huckleberry Finn maak ook aan die hand van water 'n oorgang van een toestand na die ander. Sy tog saam met Jim teen die Mississippi-rivier af dra hom nie net van die een geografiese plek na die ander nie. Dit is ook in 'n mate sy oorgang tussen kindwees en volwasse word. Watersimbooliek word weer eens gebruik om die oorgang, en die verskil, tussen twee state uit te beeld.

Jules Verne se wetenskapsroman, *20000 Leagues Under the Sea* (1876), dui deur middel van die figuur, Kaptein Nemo, en sy wonderlike watertuig, die Nautilus, ook etlike belangrike elemente van watersimbooliek aan. Hier is die konsep van water as simbool vir die potensiële baie sterk uitgelig, asook die idee van die gevare van wat die ongeordende waters kan inhou. Hier word spesifiek verwys na die maalstroom en die verskriklike monsters wat in die see skuil (byvoorbeeld die reuse pylinkvis). Die gevare van die ongeordende onbekende is sterk simbole in hierdie roman.

'n Bekende Afrikaanse literêre figuur wat heelwat verwys na elemente van die primordiale in sy werke is D J Opperman. Daar is veral melding gemaak van die primordiale in verband met eerste beginsels in sy laaste bundel, *Komas uit 'n Bamboesstok* (1979). Vroeër werke van Opperman toon egter ook sterk primordiale konnotasies wat relevant is vir hierdie studie.

Joernaal van Jorik (1949) dra feitlik deurgaans water- en spieëlassociasies met die primordiale. Dit is veral in "Duikboot" waar watermotiewe sterk uitblink, as Jorik eers sy identiteit gegee word wanneer hy na sy verblyf onder die water aan wal gaan. Hier is 'n sterk simboliese skakel tussen die onbe-

noemde bestaan in die primordiale waters wat, sodra dit buite die waters van die onbekende geplaas word, onmiddellik naam kry, etiket ontvang. Konsepte word op hierdie wyse gekontroleer deur middel van talige benaming. Die simboliek van die primordiale chaos, die waters, as beginpunt vir die potensiële word baie goed in "Duikboot" uitgebeeld:

maar die see is 'n ewige eierstok
en ryke groei met die groeiende maan.

(Opperman, 1949:4)

In "Kamera" word 'n beeld gebruik wat die aard van die woord goed belig in terme van sy relasie tot die primordiale, en van die tradisionele beskouing van die Realiteit.

Hy weet met die weerkaatsings in die ruit
vlakke van beelde skuif deur alles heen
en niks is in sy tyd en stof gesluit
maar alles stroom deur grens en eeu aaneen.

(Opperman, 1949:15)

Hier kom die kern van die representatiewe aard van die woord na vore. Die weerkaatsings in die ruit, wat sluit met die speëlmotief, is simbolies van die woord, van taal. Die vlakke van beelde wat deur die ruit skuif kan as verskillende interpretasiemoontlikhede van elke woord beskou word. Die ruit, die speël, is in hierdie beskouing dus simbool vir die woord self, waar die moontlikhede altyd volgens die perspektief en die konteks verander. Die verklaring van 'n woord is nooit 'n vaste saak nie, maar het gewoonlik ver-

skeie vlakke van interpretasie⁴. Dit is hierdie veelvoudige interpretasie-moontlikhede wat die woord sy oorspronklike stelling kan laat verloor. Dit kan sodoende lei tot die afbreek van enige bedoelde sinvolle kommunikasie. Daar is ook verwys na die onbeperktheid van die konsep. Die woord, so word dit gestel, kan nie as tydelike representasie van 'n saak daardie konsep bepaal nie. Die essensie van die konsep is nooit vasgepen deur die benaming nie, want dit bly behoue "deur grens en eeu aaneen". Die naam is tydelik, tydgebonde, en meer beduidend konteksgebonde, terwyl die konsep ewig en tydloos is.

Die duikboot self kan miskien ook gelees word as metafoor vir die woord as verwysingsmiddel. Hierdie tuig vaar onder die water, dus binne die terrein van die primordiale. Opperman se duikboot is "deur 'n dun staalvlies omsluit, drie duim van die dood" (1949:5), wat aandui hoe onseker die posisie van die woord is in verband met die Realiteit van die primordiale. Die woord is volgens hierdie simboliese interpretasie, soos die duikboot, trouens 'n kunsmatige indringer in die natuurlike situasie. Die oorweldigende mag van die primordiale essensie blyk baie maklik daartoe in staat te wees om die tenger woord se onseker posisie te oorrompel, soos die see die duikboot kan verpletter.

Daar is heelwat ander werke in Opperman se oeuvre wat die primordiale betrek, veral in verband met die waters. Glaukus (1979) wat terugkeer uit die primordiale en 'n nuwe realiteit skep, Doors Dubbeldop (1970) se wederkoms, asook die Titanic (1979) wat sy heropwagting maak is maar 'n paar.

⁴ vide 1.5.5 en 1.6

Daar is 'n gedig van Opperman wat, myns insiens, die aard van die verhouding tussen taal en die primordiale baie goed belig: "Man met Flits" (wat weergegee word as Appendiks A in die bylaes hieronder⁵), uit *Negester oor Ninevé* (1947). Hierdie gedig bevat miskien 'n volmaakte metafoor vir die woord, as instrument van die taal, in verhouding met die primordiale. Daar word die idee voortgesit van 'n "klein wit kol" (reël 1) in die wete van die individu. Dit is net binne hierdie kol lig dat dit moontlik is om te sien wat in die duisternis lê.

Die flitsligkol is volgens hierdie interpretasie metafoor vir die woord in hierdie teks. Waar die woord gebruik word om die donkerte van die primordiale onbekende te "belig", kan net 'n fragment van die geheel beskou word. Simbolies word hier kommentaar gelewer oor die onvermoë van die woord, in sy hoedanigheid as representatiewe teken, om die volle omvang van enige konsep te belig.

Daar word verder in reël 8 melding gemaak van die onvolledigheid van die konsep binne die "lig" van die woord. Die "twee ogies" wat in die flitslig verskyn, is slegs een baie klein faset van die hele wese wat hul metonimies aandui. Dit is weer 'n aanduiding van die onvermoë van 'n baie klein representatiewe element (die woord) om 'n veel grootser konsep uit te beeld.

Die twee ogies, sowel as die idee van die bok (reëls 4 en 5), verdwyn baie vlugtig uit die lig van die flits. Hier word gewys hoe die skakel tussen die woord en die verteenwoordigde konsep nie 'n permanente verhouding is nie. Inteendeel; die representasie is kortstondig, en kan beskou word as niks

⁵ Let asseblief dat elke verwysing na "Appendiks ..." die aandag rig op die betrokke gedig in die bylaes wat opgeneem is na hoofstuk vier hieronder.

meer nie as 'n vlietende glimp van wat die ware konsep veronderstel is om te wees. Die konsep self word nooit kompleet deur die woord belig nie.

Die beeld in die lig stol (reël 2), en word dus 'n oombliklike weergawe van die nie-statische⁶ wese waarop geskyn word. Die konsep wat deur die lig van die woord, die teken, betrap word, is soos die bok wat skrik en botstil staan in die flietslig voordat hy weghol. Die representasie van die konsep deur die woord, wat reeds as tydelik aangedui is, is dus 'n oombliklike, onveranderlike verwysing na slegs een deel van 'n hele konsep⁷.

Die woord kan dus geensins beskou word as voldoende representasie van 'n konsep nie. Die "klein wit skyn" (reël 9) van die woord maak feitlik geen indruk op die "duister land" (reël 13) van die primordiale onbekende waarin die spreker, die taalgebruiker, as gevolg van sy verwysing, verdiep word nie. Dit is interessant dat die woord "skyn" gebruik word, want dit kan ook woordspeling wees op die idee van 'n "skyn"-realiteit wat deur middel van die woord opgestel word.

Heelwat ooreenkomstige beskouings van die verhouding taal en die primordiale wat kom na vore in die werk van Wilma Stockenström. Bespreking van 'n aantal voorbeelde hiervan, sowel as 'n beskouing van die skrywer se meer bepaalde sienings in verband met hierdie sake, soos in verskeie werke uit haar oeuvre uitgelê, word hieronder in 3.3 gemaak.

3.3 Stockenström se werke

⁶ Daar moet in ag geneem word dat die woord veranderende interpretasie uitlok, gebaseer op die bepaalde taalgebruiker se konteks.

⁷ Die interpretasie wat wel aangeneem word, is egter binne die taalgebruiker se betrokke konteks 'n ermanente gegewe.

Die kwessie van die primordiale, en veral die verhouding tussen talige representasie en die konsep, word feitlik deurgaans in die oeuvre van Wilma Stockenström betrek. Soms word daar net melding gemaak van hierdie verhouding. In ander gevalle weer word indringende bespreking daarvoor gevoer, en besliste kommentaar gelewer.

Verskeie aspekte van hierdie beskouings soos dit in die werk van Stockenström getoon word, word hieronder bespreek, met verwysing na etlike tekste uit haar oeuvre. Daar word interpretasie gemaak van verskeie van Stockenström se werke met betrekking tot beskouings oor hierdie sake wat, myns insiens, uit die oeuvre gelig word.

3.3.1 *Inleidend*

Wilma Stockenström is 'n volwaardige kunstenaar in die Afrikaanse- en wêreldliteratuur. Haar werk, soms omstrede, is hoog aangeskryf, en sy blyk ewe tuis te wees in die prosa, die drama en die poësie. Stockenström het 'n reputasie vir werke wat nie verklaarbaar is nie, en vir te moeilik skryf.

Hierdie kritiek is, myns insiens, ironies 'n kompliment. Dit beteken die skrywer word nie beperk deur die konvensionele nie. Dit is egter die leser wat beperk word deur dit wat reeds bekend is, en Stockenström se werke val soms buite die norme van hierdie kunsmatig opgestelde verwysingsraamwerk. Stockenström merk self, in 'n onderhoud met Welma Odendaal (1988), dat mense moet ophou lees uit die perspektief van wat hul reeds ken. Dan, meen sy, kan die sin van haar werk beter begryp word.

Daar is elemente van oorkoepelende temas wat op simboliese vlak deur haar hele oeuvre te vinde is, met deurlopende kommentaar oor die aard van hier-

die onderwerpe wat die gaping tussen verskillende werke oorsteek en in nuwe gedaantes in verskeie tekste hul opwagting maak. Die mees relevante tema vir hierdie studie se doeleindes, wat inderdaad in 'n mate as katalisator vir die ondersoek in die aard van die primordiale gewerk het, is dié van Stockenström se beheptheid met die woord as norm en sy verband met die Realiteit.

3.3.2 *Tekste*

Die tekste van Stockenström, in veral die genres prosa en poësie, het 'n baie sterk element van eenheidsprogressie aan hulle verbonde. In die selfstandige gedig, die digbundel, die kortverhaal of die volwaardige roman word die motiewe in feitlik elke geval sterk uitgelig.

Kommentaar oor die status van die woord in verhouding tot die Realiteit is 'n tema wat in 'n mindere of meerdere mate feitlik dwarsoor die oeuvre verskyn. Om hierdie rede word die bespreking van hierdie kommentaar nie kronologies beskou nie, maar word gemakshalwe eers ten opsigte van etlike prosa-werke, en dan van gedigte, uiteengesit. Die bespreking van die kernbundel, *Spieël van Water* (1973), wat meer direk fokus op betrokke begrippe, word apart gevoer. Dit word in so 'n mate betrek dat dit saamhang met die diskussie van ander werke in die oeuvre.

3.3.2.1 Prosa

Hoewel die prosa van Stockenström deurlopend kommentaar lewer op die woord en die aard van die primordiale, is daar hoofsaaklik elemente uit twee tekste wat vir hierdie studie betrek word. Die simboliese bespreking van hierdie sake het veral interessante insigte wat in *Uitdraai: 'n Roman* (1980) en *Die Kremetartekspedisie* (1988) na vore kom. Hieronder word voorbeelde van hierdie beskouings aan die hand van etlike uittreksels uitgelig.

3.3.2.1 (a) Uitdraai: 'n roman⁸

In *Uitdraai* (1980) is daar veral een treffende simboliese blik op die onderskeid tussen die primordiale Realiteit en die kunsmatige mensgemaakte werklikheid te vinde. Die beskouing van die bos wat die grens vorm tussen Cornelie en Flip se plase, Enkelvlei en *Uitdraai*, toon sterk elemente van kontras en antitese. Dit kan beskou word as simboliese of metaforiese verwysing na die verskil tussen kunsmatige orde en primordiale chaos.

Op Enkelvlei staan ook 'n bos, 'n populierbos waar sy, omdat dit op haar pa se grond staan, al 'n paar maal was. So dig groei die populiere omdat hulle nooit uitgekap word nie dat 'n mens slegs op die smal paadjies wat deur die bos loop, kan beweeg, en plek-plek langs die paadjies lê hopies akkies van piekniekgangers wat die kweek voor die populierbos en die stroompie wat daar verby vloei, vir 'n Saterdag- of 'n Sondagmiddag se ontspanning benut het. Oorblyfsels van hulle piekniek smyt hulle sommer in die bos waar die kreupelhout dit genadiglik bedek. Daarom is die populierbos net van buite mooi.

⁸ Gemakshalwe word daar voortaan in hierdie studie verwys na betrokke roman as *Uitdraai*.

Maar hierdie bos wat sy nou vol verwondering en so 'n ticseltjie vrees betree, is 'n versorgde bos, of was dit vroeër. Daar is tekens dat groot, ou bome afgekap is. Sonder dat sy weet hoe dat 'n bos in toom gehou word, kan sy duidelik sien dat mense-hande hier doenig was ter wille van die behoud en die groei van die bome, en nie doenig was om te bemors nie. Dis 'n rein bos ... Waar sy haar nou bevind, kan sy net nasteby raai, maar sy vermoed dat sy na alle kante deeglik afgesluit is.

(Stockenström, 1980:15)

Daar kan in die beskrywings van albei plase se bos elemente uitgelig word wat na die kunsmatige orde én die primordiale chaos verwys.

Enkelvlei se populierbos het besliste primordiale eienskappe wanneer dit simbolies beskou word. Die ongeordenheid van die bos self, met digte toegroei van die paadjies sodat daar net op sekere plekke binne die bos beweeg kan word, het konnotasies wat sluit met die idee van die primordiale chaos.

Die invloed van die mens op die bos self is, soos uit die uittreksel blyk, 'n afbrekende en vernielende aksie. Dit hou verband met die besmetting van die bos deur die piekniekgangers wat daarin beweeg. Dit is egter nie net op die fisiese vlak wat die mens die primordiale eienskappe van die Enkelvlei-bos besoedel nie.

Buite en behalwe die rommeltekens wat die mens in die bos agterlaat is daar ook die beskouing van die bos as konsep wat versteur word. Die bos word as "net van buite mooi" beskryf. Die primordiale elemente wat die bos natuurlik volmaak laat wees word besmet deur die mens se indringing.

Dit is nie net die tekens van die menslike betreding wat in die rommel te vinde is wat die beskouing van die bos as primordiaal perfekte element ver-

ander nie. Die verborgenheid van die bos self, die misterie van die ondeurdringbare onbekende, word verloor deur die wete dat die mens die bos tog in 'n mate betas het. Dit is nie meer die geheimsinnige, skrikwekkende element wat dit op die oog af lyk te wees nie. Menslike invloed lê die bos vol, en die tekens van indringing in die Realiteit van die bos is van binne af maklik sigbaar.

Uitdraai se bos is anders. Hier is die misterie wat in die populierbos op Enkelvlei verlore gegaan het, steeds te vinde. Die menslike invloed in hierdie bos is ook meer openlik, want Cornelie sien dit maklik raak. Dit het egter nie die negatiewe konnotasies wat met die mense in die populierbos geassosieer word nie. Enkelvlei se bos bied beide goeie en slegte elemente in albei invloede: van die mens en die natuur.

Cornelie beskou Uitdraai s'n as "‘n rein bos". Al word daar meer te werk gegaan om hierdie bos te versorg, en die menslike invloed op die bos self dus meer duidelik is, is dit nie afbrekend soos by die populierbos nie. In Enkelvlei se bos is daar geen positiewe menslike invloede te vinde nie. Intendeel: die beskrywing is negatief teenoor die mens, beide in verband met die mens se bemorsende invloed daarop en die bos se algemene ondeurdringbaarheid vir mense, behalwe op die smal paadjies wat deur die bos oopgeloop is.

Primordiale simboliek in verband met die taal is in hierdie beelde oorweldigend: dit blyk dat die primordiale net deur die tradisionele, of gebruiklike, binnegegaan kan word. Die paadjies wat die bos binnegaan, is hier metafoor vir taal (en woorde). Hul is gevorm deur invloede van buite, menslik en dierlik, wat gedurig met dieselfde pad deur die onbekende beweeg. Die pad is simbool vir die bekende aspekte van die woord. Die onbekende primordiale eienskappe van die bos groei buite hierdie smal streke van die kennis, die geordende, al hoe digter en sluit die primordiale bos om die paadjies af.

Die woord, die bekende teken wat veronderstel is om die primordiale konsep te verteenwoordig, is net daartoe in staat om, soos die paadjies deur die primordiale bos, daarna te verwys. Wat buite die paadjie lê, is binne die primordiale onbekende, en is dus aan die gebruikers van die paadjies onbekikbaar. Hul invloed in die primordiale is slegs van 'n verstrooiende aard, want dit is trouens gebruiklikheid wat orde en kennis skep.

Die invloed in die primordiale bos self kom uit die insmyt van voorwerpe, wat soms net rommel word, sonder dat dit enige ordenende invloed het. Inteendeel: dit gaan ook naderhand verlore, soos die paadjies wat nie meer in gebruik is nie, en dan sal "die kreupelhout dit genadiglik bedek". Die talige elemente is soos die paadjies wat getrap word deur die bos. Indien hul nie in gereelde gebruik is, en sodoende as tradisionele of gebruiklike kennis opgestel word nie, dan word hulle soos rommel versteek in die primordiale.

Hierdie beskouing bied beide positiewe en negatiewe konnotasies in verband met die aard van die taal. Die woord bly slegs behoue indien dit gereeld gebruik word. Die tradisionele gebruik van die woord, as simbool en teken vir 'n bepaalde konsep, word dus opgestel as kennis. Maar, dan word alles wat binne die bestek van die woord-paadjie lê ook daarin vasgeval. Dit wat die primordiale buite die paadjie binnedring, gaan naderhand verlore, deur die primordiale (bos) verswelg.

Dus kan daar weer opgemerk word dat slegs die kleinste deel van die primordiale deur die woord, die taal, aangebied word (*vide* Opperman, 1947, "Man met Flits", Appendiks A). Wat buite die paadjie van die woord val, is nie deel van die gebruikelike kennisgebied nie, en is dus nie aan die paadjie-gangers beskikbaar nie. Hul weet dit is daar, maar kan dit nie bykom om te verken nie, omdat daar geen ingang, geen paadjies, is nie.

Negatiewe elemente is ook te vinde in die menslike invloed op Uitdraai se bos. Die versorging van die bos word verdraai deur die verwysing dat hy hierdeur in toom gehou word. Hier word miskien die grootste motief in die werk van Stockenström in verband met die aard van die woord gevind. Die mens probeer om die onbekende, die primordiale, deur middel van die orde te beheer. Woord en taal word as ordenende beginsel gebruik om betekenis-kennis op die primordiale toe te pas en die onbekende, wat nie beheer is nie, as't ware deur die benaming te bedwing.

Flip se bos is 'n metafoor vir wat die mens met die woord probeer uitrig in verband met die ordening van die wêreld. Selfs in die positiewe bedoeling word die negatiewe beeld van die onderdrukking van die onbekende deur die

woorde “in toom” uitgelig. Cornelia se bos verteenwoordig, myns insiens, wat die taal se verhouding eintlik, volgens Stockenström, met die primordiale is. Dit is interessant dat die skeiding tussen die twee bosse die stroompie is. Hier word die tradisionele simbool van die primordiale chaos as grens tussen twee uiteenlopende weergawes daarvan geplaas. Die stroom, gewoonlik die waters as tradisionele primordiale simbool, word eintlik nie in hierdie bespreking as sodanig betrek nie. In die volgende uittreksel uit die roman word daar weer kommentaar gevind oor die woord se onvermoë om die primordiale binne te dring.

[Dit is] asof hy haar met skerp klippe sou wou bestook, maar net die ronde keie van woorde het om afgemete oor die water te gooi ...

(Stockenström, 1980:24)

Die assosiasies in hierdie uittreksel is interessant. Die klip word, as element, teenoor die waters gestel. In hierdie sin is die klip simboliese verwysing na die aardse, wat ook, volgens Cirlot (1993), vastheid en samehang voorstel. Hier is ’n paar ingrypende teenstellings te vinde, wat verder gaan om die disjunksie tussen woord en saak uit te lig.

Die keie, klippe, wat Flip oor die water na Cornelia gooi, is eintlik die woorde wat hy vir haar skree. Die vergelyking met keie is deur die skrywer gebruik in ’n knap antitetiese beeld wat die talige en die primordiale onmiddellik van mekaar skei. Aardse assosiasie met klippe stel hul ook in sterk verband met die aardsgesinde, mensgemaakte, eienskappe van die woord.

Verskeie idees kom hier na vore. 'n Konsep wat baie sterk in hierdie uittreksel belig word, is die idee van iemand wat klippe op die water laat spring. Die klippe in hierdie aktiwiteit raak net plek-plek die oppervlak van die water voordat hul weer in die lug opskiet en verder bo-oor die water voortgaan. Hier kan ook simbolies geïnterpreteer word van die klippe, die woorde, wat net rakelings met die oppervlak van die primordiale Realiteit in kontak kom, maar nie die essensie daarvan bereik nie.

Daar word egter nêrens in bostaande uittreksel gestel dat die water wel getref word nie. Flip se woorde trek, volgens die aanhaling, oor die water na Cornelia. Daar is dus geen sprake van enige kontak met die primordiale waters nie. Die woorde beweeg egter *bo-oor* die stroom na die ander kant. Geen primordiale invloed word dus op hierdie woorde uitgeoefen nie, en hul word as feitlik selfstandig uitgebeeld.

Ook die beskrywing waar die woorde met ronde keie vergelyk word, staaf 'n soortgelyke beskouing. Ronde voorwerpe is simbolies van afgewerktheid. Weens die teenstelling met die skerp klippe wat Flip klaarblyklik vir Cornelia mee wil bestook, is dit ook 'n verwysing na die mensgeskiedenis, die kunsmatigheid, van die woord. Hul word afgemete uitgestuur, wat 'n besliste element van doelbewustheid en opsetlikheid aan die gebruik van hierdie woorde, inderdaad van alle woorde, koppel. Die ordenende rasionaliteit van die taal kom in sterk teenstelling met die idee van die primordiale Realiteit.

Die ongeordende eienskap van die primordiale woord eintlik deur die voorbedagtheid van die woord en die taal onderdruk. Die essensie van die konsep, wat uit die primordiale ontstaan, word dus ook deur die inperking van woord-

toepassing onderdruk. Die woord vang die aard van die konsep vas, net soos die spieël die beeld, representasie van die reële, deur sy raam vasvang. Daar word hieronder, in die bespreking van die verhouding tussen die spieëlbeeld, die woord en die primordiale in Stockenström se poësie, meer aspekte van hierdie saak uitgelig.

’n Verdere interessante benamingsverskynsel in *Uitdraai* (1980) te vinde, maak ’n beduidende aanslag op die verhouding tussen woord en konsep. Die name van die karakters self is hier ter sake. Dit is die manier waarop hulle aan mekaar bekend staan wat die essensie van die benaming tuisbring en binne perspektief plaas.

Hulle is nie net Flip en Cornelia nie. Trouens, die onderlinge identiteite behandel nie soseer wie hulle is nie, maar *wat* hulle verteenwoordig. Hul word benoem in verbinding met die naam van hul plase, die ordeningsbeginsel in die bepaalde streek waar die roman hom afspeel: Cornelia Snyman Enkelvlei, Ina- en Flip Vermeulen *Uitdraai*. Die naam is dus nie gebaseer op die konsep nie, maar op dit wat verteenwoordig word deur die konsep. Dit plaas die konsep dus binne die perke van wat die naam representeer. Flip merk selfs (1980:24) dat minnaars nie na Cornelia vry nie, maar na Enkelvlei, wat sy verteenwoordig. Die beskouing van die konsep word dus deur die naam bepaal, en nie, soos dit hoort, andersom nie⁹.

3.3.2.1 (b) *Die Kremetartekspedisie*

Ek sweer ek sal trou bly. Elke skoot dat ek my volstruiseierdop in die stroompie se kabling doop, prewel ek:

Water ja water

⁹ Op hierdie stelling word uitgebrei in hoofstuk 4.

jy lewe in die riet se bed
en in die holtes van die kremetart
water jy kom uit die lug
water jy wel op uit die aarde
jy bedek die aarde
jy woon onder hom en bo hom
jou gees is so groot in 'n druppel
as in watersnood en storms
ek vang jou op en drink jou graag
water jy is in my

Soet smaak die water in die stroompie ...

Stockenström (1988:62-63)

In *Die Kremetartekspedisie* (1988), miskien Stockenström se bekendste roman tot dusver, word daar heelwat kommentaar gelewer op die relasie tussen taal en die primordiale. Die verhaal van die oud-slavin wat in die kremetartboom woon, toon soms verbasende insigte in die aard van die benaming, en kommentaar op die beskouing oor water, en haar watergees.

Die verhaal van die slavin se herinneringe word deur een kommentator as puur "tegniese eksperiment" (*Tydskrif vir Letterkunde*, XX, 1982:78) bestempel. Hierdie opvatting word verder geneem met die beskouing dat *Die Kremetartekspedisie* (1988) nie as leesroman slaag nie. Ongeag die meriete, al dan nie, van hierdie stelling, is daar etlike ander uitsprake in hierdie resensie waarmee die beskouings van hierdie studie sterk uiteenlopend is.

Gerrit Olivier (*Standpunte*, XXXVI, 1983:9) meen dat die slavin deur middel van die taal probeer lewe gee aan die niet. Hierdie benaming is interessant weens die feit dat dit verwys na die onbenoemde, die onbekende, per definisie die primordiale. Assosiasie in die betrokke verband met die konsep

“niet” sou dan voorstel dat dit wat sonder naam is eintlik nie bestaan nie¹⁰. Sake kom dus, volgens hierdie idee, tot stand slegs wanneer hulle naam kry. Hierdie beskouing hang nie saam met ’n deurlopende motief in die oeuvre van Stockenström nie. Dit kom ook in direkte teenstryd met die konsep van die primordiale soos in hoofstuk twee hierbo uiteengesit. Daar word verder hieronder aangedui hoe hierdie idee van lewegewing aan die primordiale in direkte teenstelling staan met die konsep taal in verskeie tekste van Stockenström, insluitend *Die Kremetartekspedisie* (1988).

Olivier het, myns insiens, wel gelyk wanneer hy stel dat daar ’n poging is om die niet vorm en gestalte te gee deur die taal. Die idee dat dit die niet eintlik laat bestaan, is egter beslis ’n onjuiste beskouing. Sake bestaan reeds in die primordiale. Taal is ’n poging om na hul te verwys vir kommunikatiewe oordrag van hierdie konsepte. Die woord is egter nie daartoe in staat om die konsep te laat ontstaan nie.

Die slavin word deurlopend geplaas in die rol van bewuste vormgewer. Sy probeer haar werklikheid, soos met haar drang om die verloop van tyd af te meet, deur die noem van sake in haar wêreld te orden. By die slavin is dit oorspronklik ’n poging om haar omgewing binne perspektief te plaas:

Vir hierdie vrug wil ek ’n naam gee. Maar ek kan aan niks pasliks dink nie. Ek noem dit: die rooi stekelvrug van die rankplant wat in die winter die kameelspoorboom teen daardie hoogtetjie tooi.

(Stockenström, 1988:36)

¹⁰ Hierdie stelling word gemaak vanuit ’n linguïstiese oogpunt. Die konsep bestaan sonder naam *talig* nie.

Die benaming word eintlik weer, soos by die karakters se name in *Uitdraai* (1980), 'n beskrywing van die konsep. Dit is verwysing na die konsep deur middel van die beskrywing daarvan. Die naam van die konsep word later assosiatief as beskrywing van, en naderhand selfs plaasvervanger vir, die saak waarna verwys word.

Die niet, wat die primordiale voorstel, is 'n heel gepaste beskrywing/benaming vir hierdie konsep. "Niet" verwys, soos hierbo genoem, na waar niks bestaan nie, of na wat geen waarde dra nie. Dit is in verband met hierdie twee konsepte wat die aard van die primordiale dimensie as bergingsplek vir die Realiteit nader beskou kan word. Soos genoem, die konsepte bestaan tog reeds hier, al dra hul nie talige identiteit nie.

Dus het hul geen waarde nie. Die waarde wat hiermee bedoel word, is *talige* waarde: referensiële waarde. Die niet verwys dus wel na die primordiale, na die onbekende. Dit verwys nie na die onbestaende nie, maar na die *onbeskryfde*. Hier lê 'n kernverskil tussen talige en primordiale konsepte.

Daar word deurgaans in die roman oor die waarde van referensie bespiegel. Die neiging van die orde om die primordiale chaos te onderdruk, as 't ware uit te wis, word goed gesien in die volgende aanhaling:

Met sy dolklem krap hy aan een van die verspotte tekeninge. Iemand se tydverdryf, besluit hy. Dit het met kuns niks te doen nie. Dit registreer niks nie, dit wil niks meedeel nie, dit wil nie estetiese bevredig nie. Dit is funksieloos. Hoe meer die vreemdeling praat, hoe meer vererg hy hom oor die rotstekeninge en begin hy hulle nou sowaar af te krap.

(Stockenström, 1988:86)

Die oertekeninge op die rotswand kan nie, soos dit volgens sy beskouing hoort, geklassifiseer word in enige bestaande kunsrigting nie. Dit het dus *vir hom* geen waarde nie; dit bestaan nie binne sy verwysingsveld van kunswerke nie¹¹. Die primordiale oertekeninge kan nie georden, en sodoende beheer, word nie, wat in 'n sin bedreiging inhou vir die oudste seun. Hulle word dus uitgewis.

Ordering van die Realiteit is nie net 'n poging tot die beheer en herkenning daarvan nie; die mens probeer, soos die slavin, deur die name die Werklikheid te besit. "Ek kan sê: dis myne. Ek kan sê: dis ek. Dis my voetspore. Dis die assies van my vuurmaakplek. Dis my maaklippe. Dis my krale. My skerwe." (Stockenström, 1988:11). Inderdaad, die name *is* die eiendom van die gebruikers daarvan, maar bevat nie die Werklikheid van die aangeduide konsep nie. Die konsep self behoort aan niemand nie.

Die idee dat die woord tog in 'n sekere sin die essensie van die konsep bevat, kom baie duidelik simbolies na vore in die volgende beskrywing van hoe die slavin water haal:

Ek skep die stroompie se kabbeling in my presentvolstruis-eierdop. Ek hou die dop so in die helder boog water wat oor 'n skurwe klip spring, dat ek die lig en die geluid opvang. Meermale skep ek so en gooi die watergees se flikkering en gemurmel in my presentkleipot uit. Dan hys ek die vol pot stadig met albei hande tot op my kop ...

(Stockenström, 1988:8)

¹¹ Dit bestaan nie binne sy konteks nie.

Water is 'n algemene simbool vir die primordiale, die Realiteit. Wanneer die slavin water in haar eierdop opskep, en wanneer sy dit in die kleipot oorgooi, is sy metafories besig met dieselfde proses as wanneer sy 'n woord gebruik. Sy tap (beeld) die Realiteit in die woord in, wat as houer dien vir die betekenis. Die primordiale word deur die houer ingeperk, en verloor sy vloei, sy eie dinamiek. Die watergees, die lewe van die primordiale, word vasgevang deur die woorde, wat dan dien as talige houers van betekenis.

'n Verdere aspek van die slavin se togte water toe hou verband met 'n saak wat reeds hierbo in verband met *Uitdraai* (1980) bespreek is: wat sy as "my voetspore" bestempel. Dit is "die paadjie water toe wat ek al byna herkenbaar getrap het" (1980:5). Die paadjie is weer 'n metafoor vir die aard van die taal. Soos met die bespreking van *Uitdraai* (1980) se paadjies deur die bos, kan gemerk word dat die tog na die primordiale bron op vasgestelde norme berus. Dit berus op die konvensionele roete wat altyd gevolg word, en "byna herkenbaar" gemaak word deur die aanhoudende gebruik.

Dit is belangrik om daarop te let dat die paadjie "water toe" is, en nie "water-in" nie. Weer eens word die idee belig dat die mens nie die primordiale dimensie deur die konvensionele kan bereik nie. Die woord plaas die *verhouding* met die primordiale, die Realiteit, binne bereik. Die primordiale essensie self word egter nooit daardeur binnegedring nie.

Stockenström gebruik die konsep van die woord as houer vir die betekenis weer met nuttige effek met die beskrywing van die papegaai. Hy herhaal 'n woord sommer so, sonder dat hy iets daarmee bedoel. "Hy dop taal om sodat die betekenis uitval en niks gesê kan word nie" (Stockenström, 1988:29).

Die belang van die woord vir die taal word met hierdie stelling heeltemal ondermyn, sodat dit blyk die woord slegs 'n beker is wat met betekenis gevul word. Dit word eintlik, soos reeds hierbo gestel, slegs gevul met *verwysing* na betekenis wat bestaan in die primordiale Realiteit.

Die beskouing van water, en die waterspieël, as weergawe van die Realiteit, word in 'n mate deur Stockenström ondersoek. Dit word egter weerlê in die beskrywing van die slavin se wassery in die rivier.

Soms wanneer ek my in die rivier was, beskou ek in 'n kalm poel krities my weerkaatsing en probeer ek vasstel in hoe 'n mate ek ouer geword het. Dit gaan swaar want al is ek en die water nog so roerloos, daar is 'n gedurige fyn rimpelende verwringing van my beeld, 'n waterrimpeling wat die moontlike verrimpeldheid van ouerdom vervang. Ek gooi 'n klip in myself. Ek wieg grotesk op en neer en trek in swelsels uiteen. Rustelose ek. Dan onttrek ek my van my verdeelde self in die water.

(Stockenström, 1988:64)

Die waterspieëlsimbool word selfs verder geneem as wat tradisioneel aanvaar word. Die beeld, of weergawe van die Realiteit, wat hier op die primordiale waters geëkspek word, is nie perfek nie. Dit bly trouens aan die verander na mate die waters roer. Beskouing van 'n saak wat op die primordiale gebaseer word, is dus, metafories uit hierdie beeld, onvolmaak, want dit kan nie as vaste weergawe bepaal word nie. Dit word ook weer voorgedra as tydelik, nie permanent nie.

Dit is ook interessant om daarop te let dat die slavin, al weet sy dat sy na die weerkaatsing van haarself op die water verwys, dit steeds met die beskrywing "ek" bestempel. Weer eens word die tendensie aangedui om die weergawe as die saak self te aanvaar.

Daar word melding gemaak van die benaming as "speletjies speel met kennis" (1980:44). Die mag en wil wat die mens oor die primordiale probeer uitoefen deur die benoeming van sy elemente word met hierdie stelling van Stockenström binne perspektief gebring in relasie tot die Werklikheid. Name is arbitrêr, dus ongeldig in die groter geheel "... want self bepaal ek die skyn en die werklikheid. Ek beheer. Ek droom na buite en met die selfversekerdheid van diegene wat lankal agtergekom het dat alles net skyn is ..." (1988:99-100).

Die bewustheid van die woord, die naam, as ongeldig vir die skepping van 'n kunsmatige orde kom hier na vore. Die besef kom dat die mensgemaakte werklikheid, wat deur die taal geskep word, nie naastenby die primordiale Realiteit betrek nie.

Daar is 'n ander kritiek wat meer indirek op die idee van die benaming gelewer word in die teks, *Eers Linkie, dan Johanna* (1979). Die idee van ordening, van 'n beperkende rangskikking van sake, word hier afgekeur met verwysing na die ontugwet. Klassifisering van mense in groepe is dieselfde as dié van sake. Om die mens self as individu met 'n beskrywing in te perk, en sodoende binne hierdie beskrywing vas te vang sodat hy nooit daarbuite of daarsonder beskou kan word nie, is presies wat met enige konsep gebeur sodra dit met naam, woord, beskrywing, bestempel word.

Die slavin in *Die Kremetartekspedisie* (1988) is bewus van die “waarde” van die benaming. Sy weet dat sy niks met die name wat sy geskep het, kan doen nie. Hul is “rammelaars maar” (1988:98). Hulle is soos die woorde van die papegaai: leeg, vorm sonder inhoud. Hierdie beskouing is ook vroeër deur die slavin uitgespreek, maar nog nie met ’n volle begrip van die beduidenis daarvan nie.

Ek sê hardop die naam van die boom, die naam van water, van lug, vuur, wind, grond, maan, son en alles beteken wat ek hulle noem. Ek sê my eie naam hardop en my eie naam beteken niks. Maar ek is nog.

(Stockenström, 1988:63)

Daar word in hierdie aanhaling ’n belangrike stelling gemaak oor die relasie tussen die naam en die saak. Die slavin se beskouing is dat “alles beteken wat ek hulle noem”. Dit ontlok vrae oor wat presies met die woord “beteken” bedoel word. Een beskouing is dat die woord gebruik word om die saak te *be-teken*, dit wil sê, om referensiële teken op die saak toe te pas. Insluiting van die saak self in die woord word nie onder hierdie begrip verstaan nie.

Dit is interessant dat die slavin stel dat haar eie naam niks beteken nie. Haar woorde, meen sy, beteken wat sy hul noem, waarna sy verwys. Hulle word deur haar geskep om die wêreld om haar in perspektief te bring, te orden sodat sy daarin kan leef. Wat hieruit blyk is dat sy, as naam, nie binne haar eie geordende kunsmatige realiteit kan bestaan nie. Sy, as naamskepper, kan nie self deur haar eie woord-naam vasgevang word nie. Maar sy “is

(X)

nog". Sy bestaan primordiaal, sonder naam, want die essensie kan nie deur die naam bedwing word nie. Tog bly taal 'n poging om juis dit te verrig.

Met bostaande stelling bereik die slavin eintlik dit waarna sy op soek is. Sy verlang na 'n wegbreek van die orde, na die "ekstase van nooit wees. Dit is die enigste ware oorwinning: nog die dood, nog die lewe het betekenis. Dit is ewening. Dit is die volmaaktheid van nie-wees" (1988:105). Deur die ontsnapping van die woord, in die wegkom van taalorde, word daar 'n dimensie van bestaan sonder wees¹² binnegegaan.

Wees word bepaal deur die dra van 'n naam, deur die orde van die taal; die *bestaan*, in 'n primordiale sin, egter nie. Primordiale bestaan word hier beskou as die "volmaaktheid van nie-wees". Die bestaan sonder die inperking van die saak se essensie deur 'n naam word as volmaak beskou, en is, glo ek, 'n aanduiding van Stockenström se siening van die woord in relasie tot die primordiale. Daar is volgens hierdie siening volledigheid in die primordiale, en verderf in die taal.

3.3.2.2 *Gedigte*

Die digwerk van Wilma Stockenström lewer ook deurlopend kommentaar op die waarde van taal as referensiële sisteem. Dit is nie net tradisionele simbole, wat hierbo as veral spieël en water uitgelig is, wat met betrokke konsepte gekoppel word nie. Sy pas ook nuwe beskouings van ander beelde toe om verdere insigte in die aard van hierdie sake uit te lok.

¹² Die onderskeid tussen die *wees* en *bestaan* van 'n onsep kan belig word deur die toepassing van 'n edelik eenvoudige vraag: wat is dit? 'n aak kan sonder naam *bestaan* in die primordiale, maar sodra dit verduidelik of beskryf moet word deur middel van 'n naam, begin dit te *wees*. Dit is iets.

Miskien die mees beduidende hiervan is etlike verdraaide beskouings van die Dood. Dood in hierdie instansie verwys na 'n beskouing van die finale rusplek, wat oënskynlik heel tradisioneel is. Die nuwe insig kom na vore wanneer die finale rusplek gekoppel word met die status van pure blyheid en genot. Volgens Stockenström se deurlopende motief, wat veral na vore kom in *Die Kremetartekspedisie* (1988), dat die pure geluk slegs bereikbaar is in die loëning van die menslike drang om die lewe te kategoriseer, word die Dood geassosieer met hierdie staat van onbenoeming.

Hieronder word enkele gedigte uit die oeuvre van Wilma Stockenström kortliks betrek as voorbeelde van hierdie skakel met bostaande simboliek. Hierdie voorbeelde word hoofsaaklik gebruik as tema-inleiding vir 'n meer deeglike bespreking van die gebruik van hierdie motiewe in die kernbundel, *Spieël van Water* (1973).

Die gekose tekste is goeie voorbeelde van die variërende gebruike van die betrokke simboliek, en word ook onderling vergelyk om deurlopende temapatrone uit te lig. Dié tekste is, onder meer, veral "45" ("Kraak die aardbol ...", Appendiks B), "Die skedel lag al huil die gesig" (Appendiks C) en "Dwaas met bril" (Appendiks D). Elemente uit verskeie ander Stockenström gedigte word ook in mindere mate betrek ter voorbeeld van betrokke temas.

Elk van die gedigte behandel oënskynlik een van die benoemde motiewe: dit wil sê laasgenoemde word sterk na vore gebring in die gedigte. Daar moet op gelet word dat van die ander idees ook in elke gedig verskyn, al is dit in hierdie gevalle op 'n skynbaar mindere vlak.

Die teks, "45" (Appendiks B), kan gelees word as kommentaar op die mens se benoemingsdrang. Die gedig word geskryf in die vorm van 'n resep of 'n handboekie, wat presies verduidelik hoe om die geluk van "leegheid" (reël 16), wat vereenselwig kan word met die niet waarna hierbo verwys is, te bereik. Dit is interessant hoe die konsep van benoeming met hierdie bepaalde benadering uitgelig word, want die resep-vorm is 'n aanduiding van 'n korrekte proses wat gevolg moet word om 'n bepaalde doel te bereik. Dit gee amper 'n tradisionele kwaliteit aan die idee van die taal (wat terloops reeds hierbo as sulks uitgelig is), en lei tot assosiasies van taal as 'n formule vir die ordening. Taal word hierdeur as opsetlike entiteit uitgelig, 'n beplande benaming.

Veral die eerste strofe van die gedig word in die styl van 'n resep geskryf, en die vorm is baie metodies en prakties. Die saaklike toon wat geskep word, word ook amper onmiddellik weerspreek met die woorde "moenie worry nie" (reël 5). Hier word 'n intiemer verhouding tussen spreker en lesers aangedui, 'n soort komplisiteit wat bereik word deur die kommunale gebruik van die resep. Dit is miskien 'n poging om die lesers te betrek in die komplot van die taal as gemeenskaplike entiteit.

Daar is geen uitvoerige taalgebruik hier nie, en die amper wetenskaplike benadering in bogenoemde strofe wys die proses stap vir stap uit. Dit verduidelik ook wat om te verwag sodra elke stap voltooi is. Die stappe is basies dié van die uitdop van 'n eier: (1) kraak oop, (2) dop uit, (3) gom die helftes vas, (4) beskou die resultaat.

Die beskrywing van die aarde in hierdie konteks, dié kleinheid, beeld die mag uit wat die mens deur middel van taal oor sy omgewing uithou. Die mens domineer sy wêreld deur middel van sy ordening. Mense is tradisioneel bang vir die onbekende. Laasgenoemde is trouens die ongeïdentifiseerde, die onbenoemde. Sodra dit naam kry, blyk dit uit die werk van Stockenström, is dit, soos hierbo aangedui, oënskynlik deur die benoemers beheer.

Maar, as die benoeming plaasvind, word die individualiteit, die ware primordiale essensie onderdruk, en die konsep tot gevangenskap verdoem. Die naam wat die mens, die taal, toepas op 'n konsep kan beskou word as die Dood¹³. Stockenström se “nuwe aarde, lig, leeg, lief” (reël 10), het “niks meer te beskryf nie” (reël 12). Dit is die ideale stand van sake vir 'n primordiale Lewe, wat slegs te vinde is in die onbenoemde bestaan.

Hierdie stelling blyk egter ironies te wees. Hoe is dit moontlik om lewe te hê as daar niks is wat bestaan nie? Daar moet onthou word dat, volgens die idee van die primordiale, die konsepte wel onderliggend bestaan, en as't ware lewe sonder naam. Sodra hul egter naam kry, word die vrye lewe van die primordiale konsep uitgewis, wat die woordelike ‘dood’, die wees van die saak¹⁴, meebring.

Nog 'n ironiese probleem wat in hierdie teks uitgelig word is dat die aarde, al word dit betrek in die poging om van benoeming te ontsnap, self steeds betrap word deur die etikettering: “aarde” (reël 10) en “aardbol” (reël 1). Al

¹³ Dood word hier gebruik weens die antitese met die lewe van die saak, die vryheid en lewe wat in die onbeperkte primordiale te vind is.

¹⁴ Sien voetnoot 12 hierbo.

word die aarde deur die resep vrygestel van die nood om te beskryf, bly dit self steeds binne die sisteem vasgevang.

Die "groterige kewer" (reël 3) wat binne die aarde te vinde is, word beskryf as "doodverskrik" (reël 4). Dit is 'n gepaste woordspel, omdat die kewer binne die aarde vasgevang word, soos 'n fossiel. Dit is aards, deur die naam versteen (reël 4) om nooit te verander nie. 'n Andere interpretasiemoontlikheid in verband met hierdie beskouings is dat die aardbol eintlik die woord, of die naam, voorstel. Die kewer verteenwoordig dan die saak wat binne die woord vasgevang is. Die element van verstening dra konnotasies van die oerheid. Die oorsaak, volgens hierdie beskouing die primordiale konsep, word dus versteen, betrap sonder enige moontlikheid van verandering, binne die woord. Dit is verreweg die beste voorbeeld in die teks van hoe die woord die konsep, en trouens ook die konteks, vasgevang.

Die mens word as "intelligent" beskryf omdat hy as "skepper van leegheid" (reël 16) beskou word. Ironies, volgens hierdie primordiale teorie, was die perfekte leegheid eens gevul met die onbekende. Sodra die konsep egter naam gekry het, kan dit weggesmyt word "in die al" (reël 7). Dit is nou as saak getem. In hierdie staat verdwyn dit eintlik as *saak*, soos hier voorgestel: "en die myte verdwyn spoedig in die buik van wording" (reëls 14-15). Wording is die proses van begin *Wees*, 'n idee wat hierbo in verband met die bestaan verduidelik is. Die "buik van wording" dra dus, in terme van die primordiale Lewe, die negatiewe konnotasie van die benaming, die bepaling, die wees. Die mens self, omdat hy so benoem word, is weer eens ook letterlik en simbolies betrap deur die woord, en deur die wo(o)rding. (Hierdie teks

kan dan moontlik as ironiese, amper sarkastiese lof vir die benoeming geïnterpreteer word.)

Dit is moontlik dat die skrywer hier 'n drang openbaar om totaal van die woord ontslae te raak. Sodra die woord se interpretasies almal gebruik word, is daar nie meer iets "om na te delf, niks te splyt, niks meer te beskryf of uit te lê" (reëls 11-12) nie. Die lêë woord is die volmaakte woord, want daar is nie interpretasieprobleme daaraan verbonde nie. Die woord kan as verwysing nooit die hele saak betrek nie. Dit blyk uit die teks dat die skrywer miskien die Dood van die woord wil voortbring sodat die mens van sy benamingsdrang bevry sal word. Die mens kan, ironies genoeg, dus vir sy eie primordiale ondergang die skuld gegee word, want hy móét dinge ken om te beheer. Hy moet ken om te lewe.

Die skrywer maak daarop attent dat die enigste bevryding van die benaming dus die werklike Dood moet wees. Sosiale lewe het die woord nodig vir voortgang. Dit word egter terselfdertyd ironies deur die woord vernietig. Wat oorbly is die Dood, want dit benodig die woord nie. Die woord "Dood" is maar net 'n verwysing na die konsep, want dit is aanvaar as 'n ware onbekende¹⁵. Dit is dus nie 'n benoeming van die saak nie, want die woord kan nie die skeiding oorsteek na die onbekende 'anderkant' nie. Dit is trouens 'n benoeming vir 'n *idee* van die saak.

¹⁵ Daar moet gelet op word dat hierdie verhouding eintlik realisties, volgens primordiale teorie, geld vir alle woord-saak verbindings. Dit is miskien makliker verstaanbaar in hierdie voorbeeld: Dood - "dood".

Hierdie siening word verder getoon in die gedig, "Die skedel lag al huil die gesig" (Appendiks C). Die titel self, alleen sonder die gedig, wys bogenoemde tema baie goed uit, as dit vanuit 'n simboliese oogpunt gelees word. Die skedel is tradisioneel 'n simbool van gevaar en, meer bepaald, van die Dood. Omdat dit geen lippe het nie, lyk die skedel asof dit altyd grinnik. Die gesig simboliseer hier, weens die opvallende antitese, die lewe. Volgens bostaande beskouing van taal in verband met die primordiale kan ook ander interpretasies van betrokke sake binne hierdie raamwerk gemaak word.

In so 'n beskouing kan gemerk word dat die gesig, die masker van die lewe, die skedel, wat daaronder as basis bestaan, bedek en bedwing. Hierdie situasie is metafories soortgelyk aan die verhouding tussen konsep en woord. Die skedel se tradisionele assosiasie met die gevaar vorm 'n skakel met dié van die primordiale onbekende. Dit is by laasgenoemde waar die Realiteit, wat net in die niet, of volgens Stockenström in die Dood, te vinde is, gehuisves is. Die skedel word nou ook, binne hierdie konteks, simbool vir die onderliggende primordiale element.

Die gesig, wat uitdrukking en interpretasie eien aan die skedel, is dan metafoor vir die woord. Soos die gesig oor die skedel pas, pas die woord oor die konsep. Die primordiale waarheid word deur die gesig-woord oorweldig, maar die onderliggende grinnik dui dat die essensie altyd daar is. Die benaming mag die reële aard van die saak bedek, maar hierdie aard bly tog altyd aan die basis van die konsep. Die interpretasie self word altyd op die

mees primêre vlak deur die primordiale sin van die konsep bepaal, aan die hand van die benaming, binne die taalgebruiker se betrokke konteks.

In reëls 1 en 2 word gewys dat “die dood met laggende skedel trotseer” sal word. Die woord-dood sal altyd deur die onderliggende essensie van die primordiale saak oorkom word. Weer eens moet onthou word dat die woord, volgens konteksgebonde interpretasie, onvas is, terwyl die onderliggende konsep konstant bly. Die onbekende wat die primordiale Dood inhou het geen taal of benaming nie, dus geen manier om deur die taal gevange gehou te word nie.

Die benaming word ook geassosieer met ’n vertoning van die konsep, soos by “’n glaskas in ’n museum” (reël 6). Die belang van die woord in die menslike talige bestaan word hiermee afgekraak tot die status van maar net ’n interessantheid om besigtig te word, in stede van die hoeksteen van die menslike ‘heerskappy’ oor die bestaan. Menslike prestasies en waardes, die “wolkekrabbers” (reël 11), “grabbelende navorsing” (reël 13) en “korfagtig gepakte kluike van belegging” (reëls 17-18) word trouens in hierdie gedig bespot. Die wens vir die niet word weer na vore gebring in reëls 21 en 22 in die voorstel om “alles onherhaalbaar [wegkoms van die taal] in allerlaaste oplaaiing woes skoon [te] ... laat ontbrand.”

Die drang na die beëindiging van taal word uit ’n verdere gesigspunt belig in die teks “Dwaas met bril” (Appendiks D). Weer eens word die menslike behepthed met die belang van die woord en die benaming as ordeningsmiddel belaglik gemaak. Die mens self, as aanhanger van hierdie einste beskouing, word in hierdie teks afgeskeep. Die benaming van ‘dwaas’ word

op die mens toegepas in hierdie bespreking van die saaklikheid van die woord.

Die bril hier is, myns insiens, simbool vir die taal, die naam. Sodra die naam nie gebruik word nie, word die beskouing van die realiteit "my eie wêreldjie ... ten minste my eie" (reëls 8-11). Dit word persoonlike entiteit. Kommentaar oor die taal wat hieruit blyk, gaan oor die gemeenskaplike aard van die woord; dit word deur die samelewing opgestel om deur elke individu gebruik te word.

Die individu wat die "nuttige toestel" (reël 4), die taal van die gemeenskap, nie gebruik nie, word dus ook nie deur die raam van die gemeenskaplike siening ingeperk nie. Soos die raam van die spieël word die raam van die bril beskou as dit "wat my gesig tot perspektief dwing" (reël 25). Dit plaas die beskouing van die saak binne 'n raamwerk, sodat dit, en die beskouer, hierin vasgevang word.

Die vrou wat in die gesigsveld van die spreker verskyn, blyk volgens hierdie interpretasie metafoor te wees vir die beskouing dat die taal se onderdrukking van die Werklikheid beëindig moet word. Die mond word betrek as oorsprong van woord, en daar word deurgaans gepoog om dit te versper. Teen die einde seëvier die mond tog, maar die triomf gaan ironies teen die taal in. Die persoonlike uiting van die spreker se kreet, wat ontalig is, verwoes die glas van die bril, die taal. Die persoonlike element van die beskouing, wat in die teks as nader aan die Reële aan die lig kom, word oorwinnaar oor die gemeenskaplike natuur van die formele talige benadering.

In die teks, "8" ("Die mens? Vergeet hom.", Appendiks E), uit *Monsterverse* (1984), word weer die mens se ordening en verkenning van die bestaan tot tema geneem. Die skrywer gebruik hier ironies die mens se drang om sake te bepaal, relatief tot ander sake, om hom self as entiteit af te kraak: "Gemeet aan al wat groter, al wat kleiner is in die al registreer hy nouliks" (reëls 2-4).

Die teks lewer afbrekende kritiek op die mens, as taalskepper, in verhouding tot die bestaan. Die siening hier is dat "niks is die al in hom niks vir hom" nie. Hy verstaan nie deur die taal enigiets van die Werklikheid nie. Die taal kan nie die konsepte waarna dit verwys verteenwoordig nie, en dus word die Ware Bestaan vir die mens, wat net taalgebruikend (kan) leef, onbereikbaar.

Verdere kommentaar op die gemeenskaplikheid van taal word na vore gebring in die gedig "Lêer van 'n leeftyd" (Appendiks F). Die ordeningsproses van die mens word hier op die self toegepas, soos aangedui in die feit dat die mens se lewe georden en bepaal word. Dit word eintlik geklassifiseer sodat dit geliasseer kan word volgens een of ander sisteem. Hierdie sisteem is soos die taal, wat in die volgende uittreksel vergelyk word met 'n nuwe huis wat aangekoop word:

Hierop word die spekulasihuis gekoop vir die bewoner
wat sy gewoontes aan die gewoontes van die bure gespe
(Appendiks F, reëls 10-11)

Al is daar die beskouing dat die mens taal volgens eie interpretasie gebruik, word hy steeds deur die gemeenskaplike reëls en interpretasies van woorde beperk. Sy gewoontes in hierdie verband is ook dié van sy taalgebruikende bure. Taal is die produk, en die vloek, van die sosiale samelewing.

Die teks "Gesertifiseer" (Appendiks G) is nog 'n puik voorbeeld van Stockenström se beheptheid met die menslike drang om sy omgewing te beheer: die drang om alles te etiketteer, te benoem, te sertifiseer. Hier is heelwat metaforiese representasies wat geïnterpreteer kan word as beskouings van die woord te vinde in die teks. Elke benoeming is 'n sertifikasie van die saak, wat die mens toelaat om dit binne 'n sekere beskouing te plaas. Die Realiteit word weer hier ingeperk deur die woord.

In hierdie teks is daar weer die smagting na 'n ontsnap van die taal en die woord. Die spreker wil die lewe sonder die kunsmatige "absoluut betroubare fisiologiese hartklep" (reël 5), wat sy bestaan vergemaklik, deurloop. Hy wil "hortend en hinkepink" (reël 7) sy bestaan voer, al is dit sonder die gemak van die taal, want hy weet die "harde reën" (reël 8) van die Realiteit sal eendag seëvier, en "taal in al sy uitinge" (reël 10) laat verval.

As mens, tot pyn in staat, wil ek leef,
die uiterste mens, gesertifiseer mal.

(Appendiks G, reëls 11-12)

Die bestaan sonder die taal word hier, al is dit nie 'n gemaklik geordende lewe nie, as verkieslik voorgestel. Die mens, al kan hy nie beheer nie, word, meer belangrik in so 'n bestaan, nie self deur die samelewing, deur sy eie

taalperke, beheer nie. Sonder taal bereik hy die status van “uiterste mens”, sonder die inperking van talige klassifikasie. Die enigste etiket wat nou aan hom geheg word, is dat hy mal is, ’n primordiale eienskap, omdat dit ’n verwysing is na ’n onbekende, ’n ongeordende. Malheid kan nie deur die taal beskryf word nie, omdat dit nie binne sy perke verstaan word nie.

Stockenström se teks, “Die stomme aarde” (Appendiks H), gee ’n goeie uiteensetting van die siening dat die taal onvolkome is om die primordiale Realiteit te belig. In die volgende aanhaling uit die gedig kan gemerk word hoe die siening van die woord as *ver-taling* van die Werklikheid voorgestel word.

Walms niks. En ons het gemeen die voorvaders
sal met hul grondmonde met ons praat,
rookwoorde vir die onvolkome tolke.

...

nêrens
praat die stomme aarde meer sy kode
vir die onontvanklikes.

(Appendiks H, reëls 1-3, 29-31)

In hierdie teks word selfs verwys na ’n “geheime taal” (reël 24), ’n taal van die aarde wat voor die menslike taalsisteme bestaan het. Dit klop met die idee van ’n primordiale stelsel van identiteit. Die mens, omdat hy sy eie kunsmatige tale gebruik, is nie daartoe in staat om die aardetaal te bekom nie; hy word onvoldoende om hierdie taal te interpreteer, en word as *onontvanklike* bestempel. Uit hierdie beskouing volg dit dat die mens nie

daartoe in staat is om die natuurtaal, die primordiale taal, te verstaan nie, en dit bly buite sy bereik. Dit bly dus ook buite sy bestek.

Beskouings wat uit etlike gedigte van Stockenström, hierbo bespreek, navore kom, is veral dat die mens as taalgebruiker deur sy eie konstruksie vasgevang word. Dit gebeur op verskeie vlakke. Die mees geredelike is dat die menslike beskouing van sake deur sy benoemings en assosiasies ingeperk word, en dat hy dus nooit daartoe in staat is om enige konsep as geheel te beskou nie. Daar kan nooit taalgebruikend die essensie van enige konsep betrek word nie.

Die tekste lig ook die menslike drang uit om te ontsnap van die taal, om weg te kom van die inperking en klassifisering wat met benoeming gepaard gaan. Hierdie drang word belig in die menslike smagting na die niet, die Dood, as middel van ontsnapping van die metaforiese woordkettings van die lewe. Die uiteenlopende drange wat die mens streef om te benoem en te beheer, asook die begeerte om van die benamingsdrang te ontsnap, word dus toegelig. Die niet word in hierdie verband met die primordiale vereenselwig. Die Dood, die niet, word ook hier as primordiale Werklikheid uitgebeeld teenoor die woord se skynwaarheid.

Hierdie beskouings word hieronder verder geneem in die bespreking van Stockenström se bundel, *Spieël van Water* (1973). Die bundel as geheel word bespreek, sowel as enkele tekste wat uitgelig word ter voorbeeld van sekere beskouings oor die aard van die primordiale, en dié se relasie met die taal.

3.3.2.3 Spieël van Water

Stockenström se bundel, *Spieël van Water* (1973), het as deurlopende motief 'n bespreking van die relasie tussen taal en die Realiteit. Dit word deurgaans gestaaf deur nuwe en tradisionele verwysings na veral spieël- en watersimboliek. Van die skrywer se mees opvallende sienings oor hierdie saak word kortliks hieronder uitgelig as deel van die bespreking van die bundel as geheel.

Daar word deurgaans in die bundel onderskeid getref tussen die Realiteit van die primordiale, en die "realiteit" soos bepaal deur die talige norme van die samelewing. Hierdie onderskeid word gemaak deur gedurige beligting van kontrasterende elemente te vinde in *Spieël van Water* (1973) tussen hierdie twee beskouings van wat werklikheid is.

Daar kan sprake wees van 'n eksistensiële benadering in hierdie bundel. Eksistensialisme, die beskouing van 'n groep filosowe, onder wie Sartre, het dit onder meer dat idees ondergeskik is aan feite. Volgens primordiale teorie hierbo word daar, skynbaar in teëspraak, gestel dat dit egter die konsep is wat primêr bestaan. Hierdie beskouings het eintlik tog gelyk wanneer hul van naderby bekyk word.

Volgens bostaande primordiale teorie is die primordiale konsep die kern van die saak. Dit is trouens die *feit*. Die woord, as weergawe of representasie van daardie konsep, verwys na die *idee* van daardie feit. Volgens eksistensiële-, sowel as primordiale teorie hierbo, is die woord, die taal, dus onderhewig aan die konsep. Hierdie siening word deels as premis geneem vir die

interpretasie van hierdie bundel, asook vir die bespreking van die hoofkonsepte wat betrek word.

Die interpretasie van die bundel wat hier gebied word, is as ondersoek in die aard van die Realiteit. Kommentaar word deurgaans in *Spieël van Water* (1973) gelewer oor die uitwerking wat taal het op 'n beskouing van Realiteit, en oor die invloed van die samelewing se formalisering op die Werklikheid.

Die belangrike vraag wat die bundel vra is, glo ek, dít: is daar deur middel van taal die moontlikheid van 'n egte Realiteit vir die mens? *Stockenström* wys deurgaans uit dat die mens 'n persoonlike realiteit probeer skep om die Realiteit, die Onbekende, te beheer. Die mens se benoemingsdrang, wat ook baie sterk klem ontvang in die bundel, is 'n resultaat van die menslike ingewing om te reguleer wat om hom is.

Bepaling van die "realiteit" word bereik deur inname van enige betrokke konsep in die verwysingsnetwerk van taal. Dus, enige *beskouing* van iets in die Realiteit word deur die beskouer as die "realiteit" aanvaar. Hierdie beskouing word egter binne konteks aan die hand van talige verwysing, die woord, bepaal.

Hier word 'n groot ironie in die aard van die taal uitgelig. Die taak van taal is om alles te benoem sodat dit identiteit kan kry, en deel kan word van die samelewing se verwysingsraamwerk. Een ironiese aspek is dat die konsep tog wel onafhanklik primordiale identiteit dra, wat eintlik onderdruk word deur die toepassing van 'n kunsmatige naam. Die ware identiteit word trouens deur die toepassing van talige identiteit verloor.

Die eintlike ironie in die aard van taal is egter dat daar deur middel van taal die Realiteit probeer bereik word: die woord probeer die konsep 'n talige "realiteit", of waarheid, maak. Dit streef om die konsep 'n talige "feit" te maak, maar slaag intendeel daarin om die feit van die Reële konsep slegs 'n idee, 'n weergawe¹⁶ daarvan, te laat wees. Alles word benoem om deel te word van die talige "realiteit" van die samelewing. Die ware Realiteit van die konsep gaan egter ironies sodoende verlore vir die taalgebruiker.

'n Sterk deurlopende verskynsel in die bundel is 'n amper primêre konfrontasie tussen die idee van die ware konsep in die Realiteit en die woord-konsep in die talige skynrealiteit. Hierdie worsteling tussen die sieningspunte oor die aard van die reële woord gevoer aan die hand van die vernaamste simbole in die bundel: soos reeds uitgelig, dié van spieël en water.

Die simbole word in die bundel hoofsaaklik tradisioneel gebruik, met die primordiale Realiteit wat deur waterbeelde betrek word, en die talige deur spieëlsimboliek. Daar word egter ook 'n paar interessante nuwe insigte oor hierdie beelde gebied, waarvan sommige hieronder uitgewys word.

Dit is ooglopend dat die titel van die eerste gedig, "Antieke Spieël" (Appendiks I), en dié van die slotgedig, "Watergraf" (Appendiks J), die bundel se twee belangrikste simbole betrek. Daar kan sprake wees van 'n soort progressie in *Spieël van Water* (1973) op grond van hierdie verskynsel: die spieëlbeeld idee dat elke woord se interpretasie 'n eie realiteit skep, word as probleem aan die beginpunt uitgelê, met die waterbeeld in die slotgedig wat

¹⁶ Die woord *weergawe* word hier baie los gebruik. Die *term* vir 'n konsep is nie 'n weergawe, plaasvervanger of representasie vir daardie saak nie. Dit is slegs 'n verwysing na 'n beskouing van die betrokke saak. Hierdie stelling word verder hieronder uitgebrei.

die idee van 'n pure Realiteit onder die primordiale waters as oplossing aanbied.

Hoewel hierdie gedigte, wat ook hieronder van naderby beskou word, myns insiens kerntekste in die bundel is, is dit egter nie net hulle wat bogenoemde progressie openbaar nie. Dit word trouens deurlopend in die bundel gehandhaaf. Die kwessies van die menslike benoemingsdrang, die konsep van 'n valse talige realiteit, en 'n moontlike oplossing in die ongeordende primordiale Realiteit, word deurgaans sterk belig.

Die bespreking van die bundel hieronder word gemaak aan die hand van die twee kernfaktore wat betrek word vir bogenoemde debat. Daar word gekyk na etlike tekste wat melding maak van die bestaan van die primordiale Realiteit, en van watersimbole wat daarmee geassosieer word. Daar word ook sekere tekste wat die idee van die spieël en die talig-geskepe realiteit bespreek, betrek. Daarbenewens word etlike gedigte wat elemente van beide gesigspunte dra, geanaliseer, met die doel voor oë om hul te betrek in 'n verklaring van die motiewe van die bundel as geheel.

'n Interpretasie van deurlopende motiewe in hierdie bundel moet, myns insiens, begin by die sleutelgedig. Dit is in hierdie kwatryn waar die kernbeginsels van die bundel geopenbaar word, en as sake ingewy word vir die leser.

'n Distel sê sy sagte woord.
Dit val, dit tuimel, dit swewe
oervloediglik. Sowat van oorgawe
is om te glo die woord lewe.

(Stockenström, 1973:5)

Die konsep dat dit eintlik die woord, dus taal, is wat hier ter sprake is, word met hierdie gedig daargestel. Die woord is metonimies 'n verwysing na die taal, en dus ook na die invloed van die talige samelewingsnorme op die beskouing van die wêreld.

Weens die distel se eienskap as kwaadaardige struik kan die vallende, tuimelende woord (reël 2) as 'n saad beskou word. Die saad gee aanleiding tot die idee van 'n konsep, 'n nuwe plant, in die ontvanger se konteks. Die nuwe idee is nie noodwendig dit wat aanvanklik bedoel word nie, want elke begrip word bepaal deur 'n persoonlike siening. Hierdie idee is behandel deur Jackendoff (1986), onder meer, met die teorie van 'n geprojekteerde werklikheid. Dit is dus kennelik waar om te sê, weens die opvatting dat daar baie verskillende begrippe is vir een woord, en dat die woord se interpretasie- en betekenismoontlikhede dus konteksgebonde verander, dat "die woord lewe" (reël 4).

Daar word 'n blik gegee op die skrywer se beskouing van taal deur die gebruik van die woord "oortloedig" in reël 3. Die term *oortloed* kan omskryf word as 'n groter hoeveelheid of mate as wat vereis word. Die swewende, vallende verspreidingsaksie van die woord word beskryf as oortloedig, wat 'n aanduiding bied van die idee dat die interpretasiemoontlikhede van enige betrokke woord dikwels te veel is om enige besliste verklaring daarvan te kan maak. Hierdie beskouing dat taal, weens sy eie georderdheid en kompleksiteit, miskien nie daartoe in staat is om akkurate kommunikasie te laat geskied nie, word verder hieronder uitgebrei.

Ook die gebruik van “oorgawe” in reël 3 toon ’n siening aan van die verhouding tussen taal en Realiteit. Hierdie siening blyk veelvoudig te wees, veral met betrekking tot die taalgebruiker. Bostaande word het verskeie interpretasiemoontlikhede, wat dit trouens self ’n goeie voorbeeld maak ter staving van die punt hierbo geopper. Tog kan elkeen van die ooglopendste ontledings vir die term beskou word as saaklik vir hierdie interpretasie van die gedig.

Oorgawe in die sin van toewyding is gewigtig in die kontekste van beide die gedig en die bundel as geheel. Hierdie interpretasie lê klem op die gehegtheid van die taalgebruiker aan die sisteem. Ook die idee van oorgee wat met die term gekoppel word, sluit hiermee, en wys hoe die mens, as taalgebruiker, sig aan sy eie stelsel oorgee. Dit wys hoe die taalgebruiker onderhewig raak aan sy eie stelsel en as’t ware daardeur bedwing word.

’n Verdere betekenis van oorgawe, wat miskien dieper beduidenis dra vir ’n beskouing van die relasie taal en die primordiale, is dié van sessie: die idee van afstand doen van iets. Hierdie interpretasie is egter miskien nie so ooglopend as die ander hierbo gemeld nie, want daar is ’n amper disjunkte proses van interpretasie aan verbonde. Die afstand het te doen met die menslike neiging om, deur die gebruik van die woord, te berus in die weerlegging van die ware Realiteit ten bate van die skynrealiteit wat opgestel word deur die talige verwysing.

Die konfrontasie tussen die ware Realiteit en dit wat talig as realiteit beskou word, word uitgelig deur deurlopende tekstuele verwysing na simboliek wat losweg tradisioneel met hierdie konsepte gekoppel word. Sommige simbo-

liese gebruike van hierdie beelde is egter nie-tradisioneel, en is in 'n mate nuwe beskouings van die simboolkonsep wat toegepas word ter wille van die bundel se argumentstruktuur. Van die spieël en water se reeds bevestigde, en nuwe, simboolgebruike in *Spieël van Water* (1973) word baie kortliks hieronder aangegee vir makliker verwysing by die bespreking van die bundeltekste.

Soos reeds uitgewys, is 'n spieëlbeeld tradisioneel simbolies van die amper presiese weergawe, binne perke, van 'n saak in die werklikheid. Die spieël self kan dus, veral in die konteks van hierdie bundel, metafoor word vir een van twee dinge: óf die mens se persoonlike psige, óf die invloed van die samelewing op die individu se beskouing van die Werklikheid. Die beeld wat in die spieël opgevang word, is dan 'n simbool vir die mens se siening van die Werklikheid, binne die raam van laasgenoemde perke.

Die menslike "realiteit" is, afgesien van psigologiese steurings, gewoonlik 'n redelik goeie weergawe van die betrokke saak in die Werklikheid. Daar moet egter onthou word dat dit gevorm word deur 'n persoonlike siening, en dat dit beperk word deur die individu se identiteit as mens. En mens is sosiale wese.

Om hierdie rede word die menslike siening beperk deur die samelewing se normesistiem vir talige bepaling. Net soos die beeld in die spieël binne die raam pas, so moet die persoonlike beskouing binne die raamwerk val wat opgestel is deur die samelewing. Daar is ook hierbo gemerk, dat die mens se eie identiteit, dit wat sy interpretasie van die Realiteit bepaal, sy siening van self, binne dié sosiale raamwerk geplaas, en as't ware gevorm word.

By 'n waterspieël word die idee van 'n beeld van die Realiteit selfs verder bemoeilik. Water is onvas, en dus geneig om te beweeg, om die beeld, al is dit binne die perke van die water se oppervlak gekaats, te versteur en te verdraai. Selfs 'n beeld amper in aanraking met die Realiteit, simbolies gevorm op die oppervlak daarvan¹⁷, kan nie hierdie Werklikheid binnedring nie. Sodra dit gebeur word die oppervlak versteur, en die beeld verniel.

Tot dusver in hierdie afdeling is die skynrealiteit van die spieëlbeeld behandel, maar nog nie genoeg aandag is bestee aan die beeld van water as die Realiteit nie, 'n benoeming wat die skrywer sterk belig in die bundel. Die Waarheid, volgens die redenasie van *Spieël van Water* (1973), is dit wat nie deur die mens beïnvloed is nie.

Die see, soos vooraf gewys, is nie deur die mens heeltemal beheer of verken nie, en is dus amper die volmaakte metafoor vir die Wesenlikheid. Hierdie idee dat die Realiteit, soos die see, relatief oneindig en onbekend is, word deurgaans in die bundel uitgebuit.

Die kenmerk van water dat dit nie vas is nie, maar wel die vorm aanneem van enige houer waarin dit geplaas word, is weer sinnebeeldig van die verhouding tussen die taal en die Realiteit. In terme van die verhouding primordiale Realiteit en talige, mensgeskape realiteit is dit die mens se siening binne talige perke wat metafories 'n houer vorm waarin Realiteit, soos water, moet aanpas.

In die bundel word die waters, en veral die see, deur Wilma Stockenström onder meer spesifiek gebruik as simbool vir die Onbekende, die ware Reali-

¹⁷ Die water is trouens algemene simbool vir die primordiale chaosstaat.

teit. Die menslike realiteit is die aardse element, wat bo te vinde is, maar onder die waters, waar mense nie hoort nie, is dit die primordiale chaos. Daar moet onthou word dat chaos in hierdie sin nie verwys na 'n staat van anargie nie. Dit is eerder verwysing na bestaan in terme van ongeordenheid, sonder talige etikette.

Soos die feit dat daar geen menslike kennis is wat die hele oseaan bevat nie, is daar ook geen kennis of orde van die mens wat op die Realiteit, as't ware die primordiale Onbekende, deur die samelewing toegepas kan word nie. Die see se waters is ook, soos genoem, in hierdie bundel tradisioneel gebruik as simbool vir die potensiële. Dit is opgestel as die toestand voor enige formele etikettering, en is dus metafories die opgaardam vir Reële konsepte.

Daar word oor en weer onderskeid getref in die bundel tussen die primordiale Realiteit aan die een kant, en die taalgeskape beskouing daarvan aan die ander. Die kunsmatige beskouing van die Werklikheid wat deur middel van taal geskep word, word in die bundel as wisselvallig (*vide* 1.7) aangetoon.

Om teoreties te verduidelik: die Realiteit, water, is vloeibaar. Die talige weergawe as beskouing daarvan is, soos die spieël van water, ook vloeibaar. Die beskouing van die Realiteit is, na gelang van die universele weergawe, wat opgestel word deur die taalgebruikende samelewing, en veral die persoonlike individuele weergawe, gedurig aan die verander na mate die siening van die individu geaffekteer word. Die voorstellig van 'n saak is, al word dit losweg gebaseer op 'n oerkonsep in die primordiale dimensie, talig en binne die interpretatiewe konteks onvas. Dit is dus geneig om met veranderende onstandighede self gedaante te wissel.

Die bespreking van konsepte soos hul in die bundel uitgelig word en na vore kom, kan nie sonder tekstuele verwysing volstaan nie. Daar word hieronder kortliks melding gemaak van, en bespreking gevoer oor, etlike gedigte uit die bundel waar daar goeie voorbeelde van betrokke gesigspunte te vinde is.

Die premis en argument van *Spieël van Water* (1973) kom na vore in die vorm van die skynbare progressie tussen die bundel se eerste en laaste gedigte: onderskeidelik "Antieke Spieël" (Appendiks I) en "Watergraf" (Appendiks J). Die "probleem-oplossing" interpretasie van hierdie progressie lei daartoe dat die volgende beskouing van die bundel in ag geneem moet word: die bundel se argument word gebaseer op tekste wat die Realiteit en verskillende weergawes daarvan behandel.

'n Beskouing dat die "oplossing" eintlik na die "probleem"-afdeling moet volg, is skynbaar geldig, want konvensionele logika werk gewoonlik op 'n vraag-antwoord patroon. In hierdie geval het ons egter te doen met beskrywings en beskouings van twee gegewens: die Realiteit, en die menslike geprojekteerde werklikheid (*vide* Jackendoff, 1986). Die geprojekteerde werklikheid kom tot stand gebaseer op die primordiale Realiteit, en is dus eintlik sekondêr ten opsigte van hierdie studie.

Primordiale teorie beskou dit so dat die Realiteit as basis dien vir alles, en dat dit aan alles onderliggend is. Niks bestaan daarsonder nie. Niks word nie daardeur beïnvloed nie. Die idee van die Realiteit, die primordiale Werklikheid, as oerbeginsel en universele gegewe word deurgaans in die bundel gestaaf, soos hieronder gemeld word aan die die hand van etlike tekste wat betrek word ter illustrasie.

Die idee van die primordiale waters as opbergingsplek vir die Realiteit word goed in die gedig “Koichab se water” (Appendiks K) uitgebeeld. Die oneindigheid van die Realiteit word hier uitgewys, wanneer die water, simbool van die Werklikheid, as “seweduisend jaar se opgebergte sagtheid” (reël 1) bestempel word. Die oerbeginsel van die konsep as primordiale entiteit word in hierdie reël uitgelig, terwyl die deurlopende invloed daarvan vir die bestaan verder onder in reëls 11 en 12 (“deel ... van dop en dam, van afval, en rioolvuil”) betrek word. Die beeld wat met hierdie beskrywing geskep word, is egter ook ’n aanduiding van die mens se negatiewe talige houding teenoor die primordiale, ongeordende konsep, ’n kenmerk wat verder hieronder bespreek word.

Dit is by die gedig “Een aand by Chongoene” (Appendiks L) waar ’n insigwekkende beskouing van die idee van die Realiteit as universele beginsel sy opwagting maak. Heelwat verwysings na die oseaan is te vinde in hierdie teks, en in reël 9 word die oorkoepelende invloed daarvan belig met die stelling dat dit “druisend almaardeur kom en gaan”.

Met ’n interessante woordkeuse in reël 8 word ’n kernverskil tussen die talige realiteit en die universele primordiale Realiteit heel effektief vasgelê: die oseaan word beskryf as “stom”. Hierdie woord word meestal geassosieer met die onvermoë om te praat. Indien die interpretasie daarvan egter ’n stap verder uitgebrei word, kan dit gestel word dat dit verwys na die toestand sonder enige kommunikasievermoë; trouens, sonder taal.

Juis so ’n situasie word eintlik verheerlik in die gedig “Die Ewige Europeër” (Appendiks M), waar die spreker sig verlustig in die analfabeet se vrywees

van die konvensies van taal. Weer by “Een aand by Chongoene” (Appendiks L) word die positiewe aspekte van ’n bestaan sonder taalperke belig. Die spreker se omgang is nie gebaseer op enige taal nie. Trouens, sy is nie eers seker watter taal gebruik word vir die liedjie nie (reël 1), maar “Ek het alles begryp, wel niks verstaan” (reël 6).

Daar is dus wel ’n besliste kommunikasie wat hier plaasvind. Dit strek egter verby die grense van taal, en kom op ’n universele vlak tot stand. Hier is ’n goeie voorbeeld van ’n deurlopende tema in die bundel dat die Realiteit nie afhang van die taal nie. Dit kom nie tot stand as gevolg van enige benaming nie, en word ook nie in wese daardeur ingeperk nie.

Hierdie beskouing word gestaaf in die reël uit “Koichab se water” (Appendiks K) hierbo aangehaal dat die Realiteit deel vorm van alles. Dit vorm beslis ook deel van dit wat deur die mens, deur taal, benoem is. Die reële konsep in die primordiale dimensie vorm trouens die katalisator en basis vir die talige benaming wat tot stand kom.

Hiervan kan afgelei word dat die menslike waarheid miskien wel deels die Realiteit bevat, al is dit ’n gemanipuleerde weergawe daarvan. Die bekende spreekwoord, ‘Daar is nooit ’n rook nie, of daar brand ’n vuurtjie’, is ’n gepaste uitdrukking om dié idee uit te lig.

Die skrywer stem blykbaar egter nie heeltmal saam met bostaande siening nie. In “Aan die Maan” (Appendiks N) wys sy hoe die beeld van die maan bo-op die water dryf. Daar kan hier gemerk word dat die beeld, die talige weergawe van die saak, wel in kontak is met die Realiteit, maar dat dit dit nie kan

binnedring en deel word daarvan nie. Volgens hierdie beeld word die idee uitgelig dat die Realiteit self nooit in enige talige situasie betrek kan word nie. In "Nagapie" (Appendiks O) word die selfstandigheid en vastigheid van die primordiale identiteit goed uitgebeeld. Die stelling "Aap my naam en dié is ek half" (reël 16) lig uit watter invloed die taal het op die primordiale Werklikheid: die saak word herken deur die taalgebruiker aan die hand van sy etiket, sy naam. Dus kan gemeen word volgens die argument geskep in hierdie teks dat die identiteit van die konsep tog *talig* half in die naam lê. Die ware primordiale identiteit word egter nie deur die naam, die taal, beïnvloed of betrek nie. Die taal herken hom as "aap", maar sy ware identiteit as wese kan nie deur die taal beskryf word nie. Die onbekendheid en anonimiteit is deels deur die taal weggeneem, maar die eie identiteit bly tog ondanks die kunsmatige naam behoue.

ek bly springend wat ek is, ontvoerde
maar ek, ingehokte maar ek, steeds
ek

(Appendiks O, reëls 22-24)

Die nagapie kan hier gelees word as metafoor vir die primordiale Konsep. Sy gevangeneskap is sinnebeeldig van die manier waarop die talige verstaan van 'n woord die essensie van 'n konsep inperk, en grootliks verlore laat gaan. Die saak in die Realiteit is, soos die nagapie, "ontvoer" uit sy omgewing deur die taal, en dan "ingehok" deur die woord. Die onderliggende identiteit van die konsep, al gaan dit miskien vir die taalgebruiker, met sy

bepaalde siening, verlore, seëvier tog in die primordiale, en bly "wat ek is" (reël 22).

Daar is verdere verwysing na die onaantasbaarheid en ewigheid van die Realiteit in die teks "Weskus" (Appendiks P). Dit was hier nog "voordat die swael en die lawa was en die lawa lawa was" (reëls 22-23); voordat die mens dit met sy talige identiteit benoem het. Lawa en swael kan hier metafores gelees word as primordiale elemente en konsepte, oergegewens, wat deur taal gekonstrueer word. Die skrywer spot hier met die parrantigheid van die mens, tydelike wese, om die Al te wil bemeester deur pogings om die Waarheid talig te verbuig om hom te pas.

Die futiliteit van die menslike poging om die Waarheid te verbuig word ook weer betrek in die teks "Een Aand by Chongoene" (Appendiks L). Daar word verwys hier na die Werklikheid wat nie, soos die mensgemaakte een, van taal afhang nie. Die mens, en sy taal, is trouens toevallig in die Realiteit, en kan nie hoop om dit vanuit so 'n posisie te wil verander nie.

In "Koichab se water" (Appendiks K) kan 'n belangrike faset van talige houding teenoor die Realiteit gemerk word. Dit word 'n hierdie instansie uitgebeeld as natuurlike hulpbron, wat opgeberg word (reël 1), deur die mens en die taal gestoor, verpak totdat dit nodig gekry word. Dan word dit metafores deur 'n taalkraan uitgetap in die hoeveelheid wat die mens dit wil hê. Die idee dat dit opgeberg is, hang saam met dié dat die mens Realiteit 'verpak' en net uithaal wat nodig is vir sy kunsmatige waarheid.

Die Realiteit word sodoende deur die mens gemanipuleer: dit "vloei deur pype ondergronds en bo na al die aangewese plekke" (reëls 8,9). Hier kan

gemerk word dat die waters van die Realiteit be- en gestuur word deur die taalpype van die mens. Dit word gekanaliseer soos wat die mens dit nodig het — dit word eintlik beheer deur die samelewing se taalsisteem.

Die Realiteit word in hierdie gedig in 'n heel negatiewe lig teenoor die taal uitgebeeld. Die samelewing se talige houding daarvoor word goed belig in die idee dat die Realiteit deel word van die afval en rioolvuil (reël 12). Dat dit geassosieer word met hierdie tradisioneel ongere beelde gee 'n goeie aanduiding dat die onbeheerde, ongeordende Realiteit met 'n besliste element van minagting deur die taalgebruiker beskou word.

Die mens het die taak van noemer aangeneem oënskynlik om die wesens in die al identiteit te gee. Dit is egter ironies uitgelig in “Die Herskepping” (Appendiks Q) dat die mens “dit op homself geneem [het] om dier en vis en albaster [die Aarde] te herskep soos hý meen hul behoort te lyk” (reëls 9 -11). Die ironie kom in die feit dat die werklike essensie van wesens wat die mens deur middel van taal uit anonimiteit wou bevry, nou effektief gevange gehou word deur die benaming.

Die naam is dit wat die mens toelaat om te herken; dus om sy omgewing talig te beheer. Daar is nog 'n ironie wat verskyn met hierdie siening: die mens se eie naam plaas hom binne dieselfde gevangeneskap, en sy identiteit word ook wesenlik deur die taal bepaal en beheer.

Dit is ook werklik net die mens wat voordeel trek uit sy benoeming van ander, want hy orden sodoende die bestaan vir sy eie gemak. Die idee dat dit 'n taak is van die mens, as taalgebruiker, om die wêreld te organiseer, word in

Genesis na vore gebring as Adam beveel word om die wesens van die aarde naam te gee sodat hy sy "meerderwaardigheid" kan bevestig.

Die name het egter geen uitwerking op die benoemdes as taalgebruikers nie teenwoordig is nie. Soos hierbo uitgelig is die nagapie "springend wat ek is" (reël 22). Al word sy anonieme vryheid gedoem deur die etikettering (naam), bly sy geaardheid, sy ware identiteit, ongeskonde, nie vasgevang nie. Hy kwel hom nie oor die mens se geloof dat hul hom met die taal betrap het nie. Hy is in reël 23 die "ingehokte maar ek, steeds ek"; hy bly wese, nie net die taal se *nagapie* nie.

Die mens se drang om sy omgewing te beheer, ontstaan uit 'n "momentele onsekerheid" ("Donskoppie", Appendix R, reël 13); dié dat alles sal verdwyn as dit nie gemerk word nie. Die kind verteenwoordig hier die mensdom. Sy is bang dat alles wat sy nie kan sien nie, nie daar is nie, en dat die wêreld vorm aanneem net vir haar. Hierdie idee is ook deur sommige filosowe uiteengesit met die radikale skeptisisme. Dié teorie stel voor dat alles in die belewenis moontlik nie bestaan nie, en slegs 'n konstruering is van die individuele denke.

In hierdie gedig word die mens se vrees *dat hy sal verloor wat hy nie ken nie* uitgebring. In 'n idee wat in 'n sekere mate gepaard gaan met bogenoemde filosofiese benadering kan in hierdie teks gemerk word hoe die realiteit¹⁸ wel simbolies tot stand kom na gelang van die siening van die taalgebruikende individu. Hy orden dit deur middel van sy 'besitname' (reël 7), want hy is

¹⁸ Let op dat realiteit hier met 'n klein letter aangegee word. Dit verwys hier na die idee van die menslike, talig geskape werklikheid.

seker dat hy die konsep deur sy kennis daarvan, en sy benoeming en beskrywing daarvan, sal te bowe kom en kan beheer.

’n Vraag wat hieruit ontstaan, is dié of die benaming van ’n konsep tog kennis daarvan behels of nie. Daar kan beslis sprake wees van ’n bewustheid van die konsep. Anders sou die naam nie nodig wees nie. Hierdie feit sluit dan ook die idee uit dat die saak slegs tot stand kom as gevolg van die naam daarvoor. Hierdie siening het geen logiese basis nie. Die konsep móét trouens vooraf bestaan om naam te kan kry.

Of die naam egter kennis van die saak inhou, is nog nie duidelik nie, en word verder hieronder ondersoek, veral in 3.3.3 en hoofstuk 4. Wat die naam wel meebring, is *herkennis* van die betrokke saak, want die taalgebruiker weet (gewoonlik) na watter saak met die bepaalde naam verwys word.

Die rol van die samelewing se konvensies in die bepaling van die realiteit is ook heel noukeurig na vore gebring in die bundel. Die teks ‘Hippie’ (Appendiks S) is ’n goeie voorbeeld hiervan. Die beeld wat geassosieer word met die hippie is die idee van iemand wat nie inpas met die aanvaarde norme van die tyd nie. Hy is daarom nie ’n verteenwoordiger van die samelewing nie. Hy is anders, en moet dus beheer word. Die beheersing van die hippie word op kernwyse ingewy met ’n naam wat hom onmiddellik apart stel. Hierdie naam is ’n etiket wat hom opsetlik binne die perke van ’n sekere gesigspunt stel, en hom daarin vang. Dit skei hom ook onmiddellik van die norme van die samelewing, en hy word as buitestaander opgestel. Die naam “hippie” is selfs ’n aanduiding van hoe hy in ’n mate as onmens bepaal word omrede hy afwyk van die norm. Die naam plaas hom tog terselfdertyd ironies

binne die verwysingsraamwerk van die konvensie, en laat sy wegbreek daarvan, wat juis deur die benaming afgedwing word, nutteloos word.

Daar is egter veel meer wat in die hippie sit as net die idee van 'n wegbreek van die aanvaarde kodes van die samelewing. In sy gedagtereise is hy trouens 'n tipe ontdekkerfiguur, 'n pionier wat self die Realiteit soek. Hierdie realiteit is 'n verwerping van die toegepaste norme van die konvensie.

Die hippie se aksies verloop "tot ontsetting van die tuinspinnekop" (reël 12). Dit is interessant dat in die beeld van die tuinspinnekop daar eintlik twee verwysings is na opsetlike geordenheid. Die tuin, as kunsmatig geskape verwerking van die natuurlike plantegroei, is 'n goeie metafoor vir die verhouding tussen taal en Realiteit. Die idee van die web (wat opgeroep word in assosiasie met die konsep spinnekop) dui ook hier 'n beeld van 'n geordende, doelgerigte sisteem. Dit gaan simbolies verder deur 'n heel gepaste beeld te skep vir hoe die norme eintlik ook 'n strik of gevangenskap is vir enige Reële konsep. Die hippie versteur hierdie geordende web van die samelewing deur sy soektog, wat ironies slegs 'n persoonlike waarheid kan bereik.

Dit is interessant dat die spreker se beskrywing van die hippie hom 'n "apostelgesig" (reël 28) toeskryf. Daar is ook sterk simboliese konnotasies aan hierdie kenmerk verbonde, veral met die idee dat die bybelse apostels geassosieer is met nuwe denke en nuwe begrippe. Hulle was dus ook, as sêers van hierdie nuwe idees, rebelle teen die konvensies van hulle samelewing — ook, in 'n sekere sin, hippies.

Selfs in sy wegbreek van die konvensies bly die middele en basis van sy rebellie steeds dié wat hy verwerp. Hy kan nooit op hierdie manier die ware Realiteit bereik nie, en is eintlik op soek na sy persoonlike waarheid in verwerping van die samelewingsnorme. Sý waarheid is egter ook nie die Realiteit nie. Daar word 'n paar moontlikhede gebied vir die uitkoms van sy soektog: die verwagte, geordende wêreld van die konvensionele samelewing soos gemerk kan word in die idee van die "genommerde kamer met 'n Gideonsbybel" (reëls 23-24), sowel as die totaal onverwagte scenario's van 'n malman se hut of 'n oerwoud. Sodra hy egter sy eindpunt bereik, sal dit ook deel word van die algemene verwysingsraamwerk deur sy (sosiale) inname daarvan¹⁹. Hy sal dus ironies self verantwoordelik wees vir die voortplanting van juis dit wat hy verwerp.

In feitlik totale teenstelling met die beeld van die hippie word die karakter van Mevrouw professor doktor Edelvrot voorgestel in "Je Suis Arrivée" (Appendiks T). Sy is die antitese van die hippiefiguur, 'n karakter wat toegekamp word (Reëls 1-2) in die figuurlike tuin²⁰ van haar eie konvensies. Feitlik al haar aksies en opinies wat uitgelig word in die teks is volgens die sosiale norme waarin sy haar bestaan verdiep.

Hoewel Mevrouw professor doktor Edelvrot waarskynlik "Ôfrikôns [prôt]" (reël 30) is dit weer 'n goeie voorbeeld van hoe die Waarheid deur die samelewing verbuig en bepaal word. Dié vorm van Afrikaans is blykbaar binne haar betrokke samelewing die norm, terwyl ander, buite hierdie omgewing, dit

¹⁹ Hierdie soort algemene inname hang grotendeels saam met Jung se idee van 'n universele ondervindingsvermoë, 'n kollektiewe onderbewuste.

²⁰ Vergelyk die tuinbeeld in "Hippie" (Appendiks S) hierbo.

miskien belaglik sal vind. Sy neem selfs gedigte en vertaal hulle in hierdie vorm, verbuig die realiteit van die oorspronklike teks om haar samelewing se norme te pas. Sy verwerp die oorspronklike ten bate van dit waarmee sy en haar samelewing gemaklik is.

Ook haar siening van haar dogter se troue dui haar bekrompe houding aan. Sy kan nie aanvaar dat haar dogter weggebreek het van die verwagte konvensies van haar samelewing nie. Haar houding is egter dat die realiteit en norme van haar samelewing móét geskied, en dat haar dogter (weer soos die hippie) die geordendheid van haar bestaan verbreek. Haar dogter se realiteit verskil klaarblyklik van dié van haar moeder.

Hierdie teks is miskien die beste voorbeeld in die bundel van hoe die beskoude realiteit gekonstrueer word deur die samelewing se norme. Hierdie verhouding word ook baie negatief voorgestel. Een van die mees beduidende konvensies in hierdie gedig is in die naam van die hoofkarakter te vinde.

Mevrou professor doktor Edelvrot het as't ware geen persoonlike identiteit nie. Haar naam is nie haar eie nie, maar is dié van haar man wat sy (konvensioneel) aangeneem het. Haar konvensie het haar van haar eie identiteit, soos dit haar denke en houding beïnvloed, beroof. Die naam Edelvrot self is weer 'n goeie beeld van die negatiewe aspekte van die digter se siening oor talige invloede. Die verbinding van die konsepte *edelheid* in *vrottheid* in haar naam dui hoe die strewe na die gesofistikeerdheid van haar konvensionele bestaan tog vir haar die lewe verbitter, en in 'n mate laat vergaan.

Dit is in die laaste woord van hierdie gedig waar daar 'n moontlike wending gevind word. Die vrou "verveel" (reël 31). Hierdie stelling word baie effektief oop gelaat om 'n dubbele interpretasiemoontlikheid te bied: dit kan geles word òf dat die vrou en haar opsetlik konvensionele blik op die wêreld vervelig is vir ander, òf dat sy *self verveeld word* met haar omstandighede. Dit is veral in die tweede interpretasie dat die negatieweit van die streng konvensionele bestaan, wat te vinde is in die gekonstrueerde toneel (reël 29) van haar lewe, uitgelig word.

'n Kernargument uit die bundel wat voorgesit word in bostaande teks is dat die konvensie se reëls op die Realiteit toegepas word sodat dit gebruik kan word binne eersgenoemde se perke. In die gedig "Weskus" (Appendiks P) word ook gewys hoe legendes en woorde te werk gaan om die Werklikheid vas te vang. Hul "knop die bruin stories van dade, vou die groen oop van herinnering." (reëls 3,4) Op dié manier word die Werklikheid verloor. Dit word vervang deur 'n konvensionele weergawe daarvan.

Weer in die beeld hierbo aangehaal dat herinnering oopgevou moet word, kan die idee gemerk word dat die Realiteit verpak is in die taal. Dit word metafores toegedraai in pakette van woorde wat oopgemaak moet word om betekenis en kennis, die herinnering, vry te stel.

Die Waarheid word ook in hierdie teks as kosbare entiteit uitgebeeld. Dat dit met die idee van die diamantmyne van die weskus geassosieer word, dui hierdie siening heel goed aan. Dié idee is veral merkbaar in die aanhaling dat dit "stoot die glinstering see se bodem toe" (reëls 16,17). Hierdie glinste-

ring kan hier beskou word as die diamante wat vanuit die vulkaanpyp na die see vervoer word om daar na die bodem te sink.

Die glinstering, wat soos reeds hierbo gemeld met die kosbare Realiteit, die primordiale gegewe, vereenselwig kan word, word baie sterk deur hierdie beeld gekoppel met die primordiale. Die Waarheid word onder die waters, simbolies in die primordiale, gevind. Dit moet, soos die diamante, aktief gesoek word, gemyn word, sodat die kosbaarheid na die lig gebring kan word deur menslike middele.

Dit is ook heel interessant om te let dat die taal die realiteit van die daad verminder tot stories daarvan (reël 3). Die essensie van die Werklike word sodoende verloor, en verwysings daarna kan net wees na weergawes, die stories, daarvan. In die teks “’n Naam” (Appendiks U) word ook gewys hoe die omvang van die Realiteit verklein word deurdat die hele daad “Nietemin ’n naam word: WOLTEMADE” (reël 32). Selfs die Realiteit van die daad word hier amper sekondêr teenoor die talige verwysing daarna.

Weer by “Weskus” (Appendiks P) kan gemerk word hoe ’n heel belangrike beeld voorkom wat die aard van taal en dié se rol in die letterlike bepaling van die realiteit²¹ vaslê. Die idee dat die talige realiteit maar net ’n legende, ’n storie is, word goed toegelig in die verwysing na inwoners van ander planete (reëls 26-30).

Dalk, vir hulle, wandel ons soos gode
op voete van agaats oor tieroogstrande.

(Appendiks P, reëls 29,30)

²¹ Let hier op dat realiteit met ’n klein letter geskryf word omdat dit verwys na die opgestelde realiteit van die taalgebruiker, nie na die primordiale Realiteit waarop dit gebaseer word nie.

Hier kom die idee na vore dat enige taalgebruiker deur sy sisteem 'n eie werklikheid opstel aan die hand van hierdie stelsel se perke. Die beeld wat deur hierdie ander taalgebruikers opgestel is, is eintlik binne hulle konteks geensins verskillend van ons eie talige weergawe nie. Hoewel hierdie stelling ietwat verwarrend of vergesog mag lyk, is dit glad nie die geval nie.

Die sleutel tot hierdie uitspraak is in bostaande aanhaling te vinde. Die weergawe wat opgestel word, is *vir hulle* die waarheid. Die weergawe wat ons, as taalgebruikers, aan die hand van taal opstel, is trouens *vir ons* werklikheid. Daar kan nie bepaal word dat een meer geldig is as 'n ander nie omrede albei gekonstrueerde gegewens is. Nie een is die ware Realiteit nie, want albei is maar "stories van dade" (reël 3).

Op bladsy 10 van die bundel verskyn die teks, "Ecce Homo" (Appendiks V). Die opskrif van die gedig is 'n vermaning om die mensdom te beskou – kyk, die mens! In hierdie teks word die essensiële verskil tussen die mens en ander aardse lewensvorme uitgelig: die mens staan regop.

Dit is egter nie 'n positiewe blik wat op dié verskil gerig word nie. Die negatiewe houding word reeds vanaf die eerste reël aangedui met die vraag "Wat het hom tog besiel om te wil regopstaan? Kierts!" (reëls 1,2). Die faktore wat die mens skei van die ander bewoners van die aarde word een vir een weêrlê as die moontlike rede vir bostaande neiging.

Daar word in die teks gemeen dat die mens sonder regopstaan alles sou kon bereik het wat hy nodig het. In reël 16 word trouens gestel dat "Alles gaan." Selfs die menslike strewe na kennis en beheptheid met die wetenskap word

afgewys, "want waarvoor?" (reël 9). Daar word egter een faset, eie aan die mens se lewe, uitgelig as die rede vir die mens se opstaandrang:

Net toneel speel, lyk dit my, sou bedenklik
ingewikkeld, haas onmoontlik en regtig
lagwekkend wees. Regtig. 'n Kruipende
Faust. 'n Klutaimnestra met swengelende
borste. Nee! Drama wil hoog reik!
Daar staan hy nou met sy weekdele bloot,
die mens, die sot, die groot toneelspeler.

(Appendiks V, reëls 17-23)

Daar kan gemerk word aan die hand van hierdie teks dat alles menslik ook essensieel dierlik is. Dit is net in die geval van die drama waar die mens wegbreek van sy dierlike eienskappe. Die mens breek weg van die dierlike oer-Realiteit om te kan toneel speel. Die mens wil hoër reik, en poog dit deur middel van die drama, wat as weergawe ooreenstemminge toon met die begrip taal.

Volgens beskouings hierbo oor die aard van taal en die primordiale kan daar gestel word dat die taal en die drama in wese meer in gemeen het as wat daar op die oog af mag lyk. Taal verbuig die Realiteit, net soos die drama, deur 'n weergawe daarvan weer te gee.

Deur die taal, die drama, probeer die mens hoër reik as wat die Realiteit dit toelaat. Hier kan 'n groot ironie gemerk word oor die menslike beskouing van die invloed van taal: die absolute toppunt van kommunikasie, die doel van taal, is om die Realiteit, die konsep, oor te dra. Die ironie lê in die menslike neiging om egter van die Realiteit te wil ontsnap, om letterlik daarvan ontslae

te raak, deur die taal, soos dit ook in hierdie teks uitgelig word. Dit is weens hierdie verydeling van die eintlike doel van taal dat die mens, as taalgebruiker wat eerder glo in die weergawe in stede van die oorspronklike, benoem word "die sot, die groot toneelspeler" (reël 23).

Dit is interessant dat die toneelbeeld hier gebruik word om die aard van taal mee uit te lig. In die geval van drama, meer bepaald van toneelspel, is die koers van alles reeds vasgelê. Daar is 'n plan vir elke gebeurtenis, en alles verloop, soos in die wêreld van Mevrouw professor doktor Edelvrot, waar daar ook toneel gespeel word, volgens die konvensie van die opgestelde dramateks. Die drama se gebeure is, om dit kort te stel, konvensioneel.

Die drama is afskeibaar van die lewe. Dit is egter nie, volgens hierdie teks, skeibaar van menswees nie. Dit is trouens die een gawe wat slegs menslik is, en dit maak gebruik van die verbuiging van die Realiteit in stede van die kommunikatiewe oordrag daarvan.

Die Realiteit word nie net verbuig en verpak sodat dit meer gebruiklik is vir die talige mens nie. Dit word ook omskep in 'n nuwe realiteit wat deur die woord en die taalgebruiker opgestel word vir eie aanwending. Die mens se woorde word dus gebruik om die Realiteit af te breek sodat dit vir hom makliker hanteerbaar word. Dit word in so 'n mate gedoen dat die weergawe van die Realiteit metafories in die woord verpak is, vir gebruik wanneer dit nodig word.

Die Realiteit word dus vasgevang in die woord wat dit, in die geval van die menslike realiteit, veronderstel is om lewe te gee. Ironies is dit egter die teenoorgestelde wat eintlik die geval is. Die vasvang daarvan is 'n aanlei-

ding tot die figuurlike Dood van die Realiteit. Hierdie ietwat dramatiese stelling dui die feit aan dat die essensie van die Reële konsep uit die primordiale verlore gaan sodra dit met die kunsmatige talige weergawe daarvan vervang word. Die "lewe" van die konsep word beperk deur die naam daarvoor, soos die nagapie in sy hok. Die naam word toenemend as Konsep aanvaar, nie net as verwysing daarna nie.

Deur sy benoemingsdrang probeer die taalgebruiker om sy omgewing te tem, te beheer sodat hy daarin pas. Dit is miskien meer akkuraat om te stel dat die omgewing om die mens moet pas, en nie andersom nie. Die gevaar bestaan egter dat hy, soos Mevrouw professor doktor Edelvrot, self ook binne hierdie opgestelde omgewing vasval. Die taalgebruiker word deur sy sisteem binne 'n kunsmatige situasie ingehok. Hy verloor die moontlikheid om die Realiteit te bereik; dit word trouens onmoontlik vir hom om hom geredelik 'n ander realiteit as sy eie kunsmatige een in te dink. Die benoemingsdrang is miskien ook 'n verdoemingsdrang, want alles wat deur die taal aangetas word, gaan as entiteit in eie reg verlore ter wille van die talige weergawe daarvan, en word terselfdertyd binne die sisteem vasgevang.

Die mens se benoemingsdrang is egter nie slegs tot die mens se 'gebied', die Aarde, beperk nie. Sy talige hoogmoed ken geen perke nie, en hy wil selfs dit wat groter is as hy beheer. In "Aan die Maan" (Appendiks N) kan gemerk word hoe die maan, 'n konsep wat veel grootser is as mens, in die dam betrap word. Hierdie gevangeneskap van die maan op die dam is metafories ook soos die vasvang van die konsep deur die naam. Dit word sodoende

talig deur die mens “verower”, deurdat dit verklein word tot ’n hanteerbare gedaante²².

Die beeld in die dam is metafories ’n verwysing na die woord ‘maan’ waarmee die mens die voorwerp beheer. Die woord self word hier verteenwoordig deur die dam, wat die houer vorm vir die weerkaatsing van die maan, wat self metafories die idee wat in die woord uitgelig word, voorstel. Dus is selfs dit wat die mens nie fisies kan oorkom nie, steeds onder die juk van die mens se valse realiteit geplaas.

Onthou ook dat die beeld van die maan op die dam se oppervlak heelwat kleiner is as die werklike maan. Hierdie beeld wys simbolies hoe die benaming die konsep in hanteerbare vorm vir die mens se gebruik omskep. Die mens se oorwinning oor die talig beheerde konsep kan gemerk word in reëls 1 (“wou ek deur jou roei”) en 7 (“triomfantlik ry ek tog oor jou grint”). Hier word gewys hoe die konsep in ’n mate deur die naam vatbaar gemaak word vir die taalgebruiker, wat hom dus in staat stel om dit ook talig te kan onderdruk.

Die inleidingsgedig wat Stockenström as sodanig gebruik om die stelling van die bundel voor te lê, is “Antieke Spieël” (Appendiks I). Hier word met die beeld van die spieël kommentaar gelewer oor die aard van die woord, en dus van taal. Die gevangenskap van die konsep in die woord word hier goed belig in reël 5: “gesuspendeerde mure en ameublement”. Die kern van die konsep word in die woord, sy naam, gestol.

²² Dit is moontlik om woorde te manipuleer, maar nie Konsepte nie.

In hierdie gedig word die moontlikheid uitgelig dat die woord mettertyd, soos die spieël, verdof, en die stadium bereik waar dit nie meer daartoe in staat is om 'n weergawe van die Realiteit te vorm nie. Hierdie verlore vermoë van die woord kan op een van twee maniere gebeur: dit kan òf 'n verouderde woord wees wat nie meer in algemene gebruik is nie, òf 'n verwarde interpretasie.

Laasgenoemde moontlikheid is baie sterk omrede, soos genoem in 1.7, konvensionele taalgebruik nie altyd vanselfsprekend kommunikasie bereik nie. Interpretasie word soms foutief deur die taalgebruiker gemaak, aan die hand van te veel betekenismoontlikhede wat vir 'n bepaalde woord voorgesit word. Die uiteinde van so 'n verlies aan helder weerspieëling van die talige realiteit is, soos gemerk in reël 15, 'n "swart stilstand". Taal, en betekenis, sal verdof tot in die niet. Talige pogings om die Realiteit oor te dra, sal niks meer word as "verspieëelde kanse" (reël 14) nie, want daar is trouens nie juis 'n moontlikheid om die Werklikheid deur 'n weergawe daarvan te bereik nie.

Wilma Stockenström sluit die bundel af met "Watergraf" (Appendiks J), uiterlik 'n beskrywing van die gebeure wanneer iemand in water verdiep word. Die titel, "Watergraf", is opvallend vanweë die disjunksie tussen die twee begrippe wat hier betrek word: 'water' is onder meer die simbool van die lewe, terwyl 'graf' die dood voorstel. As die titel egter in konteks gelees word met die bundel as geheel, kan daar gemerk word dat die persoon eintlik metafories verdiep word in die Realiteit.

Die graf van water simboliseer dan die dood, die einde, van die talige invloed op die individu se siening van die Werklikheid, deur die letterlike betreding van hierdie dimensie. As die Realiteit binne gegaan word, "sal my oë oopgaan" (reël 6). Die Realiteit sal eers nou werklik gesien kan word, weg van die inperkings van die konvensie en die taal. Die mens sal die "bondels lig" (reël 4), sinnebeeldig van die Ware Kennis, sien en "weggaan van die donker skeur" (reëls 7,8) van die samelewing se druk op, en bepaling van, sy siening. Die donker skeur is verwyder van die lig, en het dus geen Reële invloed nie. Die donkerte van die on-Realiteit skep 'n sterk negatiewe beeld in verhouding met talige verbinding.

Hierdie gedig bied volop beelde van 'n nuwe begin, wat hier met die betreding van die ware Realiteit gekoppel word. Die aankoms by 'n kus herinner onmiddellik aan die ontdekkingsstogte van ouds, die betreding van 'n nuwe wêreld, onbekend, vol potensiaal en moontlikhede vir die bestaan. Die verwysing na die "geskubde hand" (reël 10) is ook, uit 'n evolusionêre gesigspunt, simbolies van 'n nuwe begin. Volgens Darwin (1859) se teorie het die eerste landwesens hul opwagting vanuit die see gemaak.

In hierdie idee lê daar geweldige simboliese beduidenis. Die aardse gegewens ontstaan uit die water. Dus kan metafories gestel word dat die talige, wat aards is, oorspronklik ontstaan uit die Realiteit, want die see is onder meer simbool vir die primordiale Werklikheid. Taal spruit dus hiervolgens uit die Realiteit, maar veroorsaak ironies dat die essensie daarvan verlore gaan as gevolg van sy inperkende aard.

Stockenström wys vir die eerste maal in die teks “Die Ewige Europeër” (Appendiks M) dat dit miskien beter is om nie te hoef te benoem nie. Die idee hier is dat die mens miskien beter daaraan toe sal wees indien hy nie so te sê verslaaf is aan die taal nie. Die digter verheerlik in hierdie gedig die posisie van die analfabeet, wat weens sy onvermoë om te skryf of te lees, nie daaraan gebonde is om dinge te benoem nie.

Die analfabeet is ook in ’n mate soos die hippie. Hy word nie deur die norme van die samelewing beheer nie, want hy is nie talig daaraan gebind nie. Daar is dus geen drang op hom om sy “heilige reis van onkunde” (reël 3) te versteur nie, want hy is nie geketen of beklem deur die reëls van die samelewing nie. In reël 9 word gewys hoe hy sy brein gerus “kan afskakel”, wat hy word nie konvensioneel gedwing om hom te bekommer oor korrektheid, oor reëls en konvensies, nie.

Daar word ook opgemerk dat hy sonder taal nie “met kennis [kan] ... peuter” (reëls 10,11) nie, en dus nie daarmee belas word nie. Die drang wat die taalgebruiker het, is om te ken, en te herken deur die benaming. Hierdie is trouens om die saak te beheer. Die kennis strek “met speke na die onbekende” (reël 14), na dit wat nie deur talige herkennis gevang word nie, maar wat die mens smag om te beheer.

Die analfabeet se lewe word hom beny, want hy is oënskynlik sonder die kwale van taal. Hierdie beskouing is egter ook nie heeltemal die geval nie. Die analfabeet kan nie lees of skryf nie, en is dus minder aan taal gekoppel as ander. Hy is dus minder gebonde deur die verantwoordelikheid daarvan om die Realiteit te omskep. Die feit bly egter dat hy steeds deel vorm van die

taalsisteem. Hy word self *deur die taal* gebruik om orde te gee aan die wêreld. Ook hý word benoem, dus gebind deur dit waaroor hy geen beheer het nie.

In 'n sekere sin is elke taalgebruiker dus ook soos die analfabeet: elkeen word benoem, en dus deur die taal gevang. Die mens word nie net ingeperk deur die gebruikskonvensies van taal nie, maar wel self deur hierdie konvensies ingeneem en bestempel. Elkeen word self deur hul eie verwysingsnaam as deel van die taalorde bepaal. Hul ware identiteit is nie ter sake nie, omrede dit deur die talige weergawe omver gewerp word. Hul eie Realiteit word verloor, nie net in die sin van konsep nie, maar ook van identiteit.

3.3.3 **Uitgangspunt**

Die vraag wat die digter, myns insiens, in hierdie bundel voorlê, is dit: is dit moontlik dat die mens ooit die Realiteit kan leer ken? Hierdie vraag word egter nêrens in die bundel beantwoord nie. Daar word verskeie sienings oor betrokke verbonde strydpunte aangebied, maar daar word nooit 'n vaste oplossing voorgestel nie.

Die wete dat die Mens se siening, wat bepaal word deur dié van die samelewing se reëls en konvensies, baie na aan die Realiteit kom, is in die titel uitgebeeld. Die spieël van water, die weergawe van die Werklikheid, is onvas, en die beeld sal verander na mate die water, die medium om die beeld te vorm, versteur word. Dit simboliseer die neiging van die talige skynwaarheid om te verander soos dit die sisteemgebruiker pas. Daar sal altyd nuwe

interpretasies van 'n bepaalde begrip wees, sodra die taalgebruiker dit vir sy eie doeleindes nodig kry.

Die titel van die bundel self het 'n verdere interpretasiemoontlikheid wat opsetlik gelaat is tot die einde van hierdie bespreking. *Spieël van Water* (1973) is miskien 'n perfekte metafoor om die eintlike aard van taal in verhouding met die primordiale Realiteit saam te vat.

In hierdie sin verwys dit nie na 'n spieëlende oppervlak gemaak van, of gevorm deur, water nie. Inteendeel, dit is liever 'n weerkaatsing van water: die water self word gereflekteer in die spieël. Simbolies dan: die Realiteit, wat verteenwoordig word deur die water, algemene simbool vir die primordiale, word gekaats deur die spieël van die taal. Daar word volgens hierdie interpretasie verwys na 'n weergawe, 'n kaatsing, van die primordiale Realiteit.

Daar is egter deurgaans in die bundel verwysing na die onvermoë van taal om die Realiteit weer te gee. Soos opgemerk word in "Antieke Spieël" (Appendiks I) is talige elemente en interpretasies, konvensionele taalgebruike, geneig om te verdof, om die weergawe te laat verwar.

Daar kan in heelwat tekste uit die bundel, waarvan daar in hierdie hoofstuk na etlike verwys is, die siening gemerk word dat die onderliggende element van die primordiale die ware Realiteit bevat. Daar is ook dikwels melding gemaak van die pogings om hierdie Realiteit te betrek, en die tevergeefsheid daarvan om dit met die taal te wil bereik. Opperman se "Man met Flits" (Appendiks A) is 'n puik voorbeeld van hierdie futiele soektog.

Die gebruik van taal om die wêreld te orden, is 'n belangrike deurlopende motief in Stockenström se werke, veral dié wat in hierdie afdeling behandel is. Daar is heelwat verwysings na verskysels uit die skrywer se tekste waar karakters doelbewus sake benoem (vgl. die slavin se benaming van die vrug) om te kan herken, dus te beheer. Die herkenning deur benoeming is dikwels ook 'n poging om binne die bepaalde omgewing bekendheid te verwerf, en in daardie situasie te kan oorleef.

Dit is, soos in etlike van hierdie tekste aangetoon, die mens se drang om te ken, dus om te benoem. Daar is telkemale gewys, veral in *Spieël van Water* (1973), hoe die benoeming egter die saak inperk sodat die taalgebruiker dit met meer gemak kan hanteer. 'n Belangrike punt wat hieruit ontstaan is dat die ingeperkte kennis van die verwysing nie daartoe in staat is om die volle Realiteit van die saak oor te dra nie. Die naam hou nie kennis van die saak in nie, slegs herkenning van die verwysing na die betrokke saak. Dit betrek trouens net verwysings na spesifieke konteksgebonde fasette van enige bepaalde begrip.

Daar is ook gewys hoe die taalgebruiker self deur die taal ingehok is, hoe hy betrap word binne sy eie ordeningsstelsel. Hy kan nie talig melding maak van die ware Konsep in die primordiale nie, en word dus beperk tot die weergawe daarvan. Die mens self word ook talige weergawe deur betrekking van sy eie identiteit in 'n talige verwysing.

Die distel van die inleidingsgedig in *Spieël van Water* (1973) is verteenwoordiger van die stelsel, van taal. Dit is simbolies, weens die feit dat 'n distel spesifiek 'n *kwaadaardige* struik is, 'n negatiewe beeld wat hier geskep

word. Die produk van die distel, die sisteem, is dus ook negatief, want die woord-saad trek ver van die oorsprong en skiet wortel in die vrugbaarheid van die individuele denke. Hierdie denke word metafories versorg deur die "tuinier" van die samelewing, die norme. Sommige van hierdie idees word verder hieronder in hoofstuk vier, die slotstuk van hierdie studie, uitgebrei.

HOOFSTUK VIER

Opsomming en Gevolgtrekking

People talking without speaking

People listening without hearing

Simon (1967)

... post this, post that. Everything is post these days, as if we're all just a footnote to something earlier that was real enough to have a name of it's own.

Atwood (1990:86)

4.1 Inleidend

Die onderwerp van hierdie studie in die literêre semantiek is dit wat verstaan word onder die begrip primordiaal. Die oorspronklike doel was om water- en speëlsimboliek te analiseer om moontlike skakels te vind met die primordiale, en as 't ware sleutels te vind tot die primordiale dimensie aan die hand van hierdie skakels. Daar is egter verdere elemente wat betrek is om die omvang van hierdie ondersoek te verbreed om alle representatiewe sisteme in te sluit, nie net bogenoemde bepaalde simboliek nie.

Waar kom betekenis vandaan? Hoekom is daar soveel naamvariante vir enige bepaalde saak? Hoe weet ons dat 'n bepaalde waarde aan 'n spesifieke woord of teken geheg word? Hoe word hierdie waardes en tekens bepaal?

Bostaande is enkele kernvrae wat in 'n mate aanleiding gegee het tot hierdie uitbreiding. Van dié is hierbo in hoofstukke 1, 2 en 3 bespreek, en daar is verklarings gebied vir sommige daarvan. Hierdie besprekings het miskien 'n

helderder blik gewerp op, en 'n beter verstaan ontlok van, etlike van hierdie begrippe. Aspekte van hierdie sake is ook in ag geneem vir die meer prakties teksgebonde bespreking van enkele literêre werke in hoofstuk drie hierbo.

Daar word hieronder in 4.2 'n kort opsomming voorgesit van sekere beduidende faktore wat in die vorige hoofstukke bespreek is. Die mees belangrike bevindinge en omskrywings uit hierdie besprekings word ook hier bygebring ter wettiging van die algemene gevolgtrekkings wat gemaak word in 4.3 hieronder.

4.2 Opsomming

Language is not simply a reporting device for experience, but a defining framework for it.

Whorf, in Daintith et al (1987)

Daar is 'n verdere vraag wat aan die lys hierbo gevoeg moet word, wat miskien meer diepsinnig betrekking het op die beduidenis van hierdie ondersoek, en tot die sosiaal-kommunikatiewe bestaan in die algemeen. Hierdie vraag dring deur tot die essensie van hierdie ondersoek, en tot dit wat aan taal, kommunikasie en representasie onderliggend is. Wat presies is betekenis?

Hierdie vraag giet die lig op 'n konsep wat oor die algemeen as vanselfsprekend beskou word. Soos byvoorbeeld suurstof, of selfs water, is dit 'n verskynsel wat elke dag deur elke (sosiale) wese gebruik word. Betekenis word voor die voet verdraai en gemodifiseer, sonder dat die aard daarvan juis bekend is aan diegene wat dit om eie onthalwe manipuleer.

Betekenis is kortweg die essensie van kommunikasie. Volgens die definisie van laasgenoemde wat hierbo in 1.3.4 gepostuleer is, is kommunikasie basies die oordrag van betekenis — die oordrag van aangehegte kenniswaardes. Daar is hierbo aangetoon hoe (menslike) talig-kommunikatiewe prosesse egter dikwels daartoe lei dat die kenniswaardes, die betekenis, eintlik nie oorgedra word nie. Tegnies korrekte taalgebruik het dus nie noodwendig kommunikasie as 'n gevolg nie.

Indien daar aanvaar word dat betekenis basies bepaalde kenniswaardes is wat aan bepaalde tekens, soos byvoorbeeld woorde, geheg word, moet daar vasgestel word waarop hierdie kenniswaardes gebaseer is. Dus, waar kom betekenis vandaan? Kom dit as gevolg van die woord tot stand, of bestaan dit reeds in 'n abstrakte vorm?

Hieruit ontstaan 'n interessante idee wat soortgelyk is aan die bekende hoender-en-eier dilemma. Watter een het juis eerste gekom? Watter een is primêr? Daar is dié wat meen dat Aristoteles gelyk gehad het toe hy dit gestel het dat die hoender logies eerste was. Volgens sy redenasie is 'n eier 'n potensiële hoender, en 'n potensiële saak kan nie bestaan voordat die werklike manifestasie daarvan bekend is nie. Dus kon die eier nie eerste kom nie, en was die hoender trouens vroeër.

Dit is min of meer dieselfde tipe logiese denkpatroon wat aanleiding gee tot die sentrale tenet van hierdie ondersoek: die bestaan van die primordiale betekenisvlak. Hierbo is aangevoer dat bepaalde betekenisgeheg word aan spesifieke tekens, soos woorde. Dit is eerder meer korrek om hierdie beskouing presies andersom te stel, en te merk dat sekere kunsmatige tekens geheg word aan bepaalde betekenisgeheg.

Dus, die betekenis bestaan primêr, want hier is weer 'n geval van 'n werklike saak teenoor 'n potensiële saak. Om te verduidelik: die betekenis ontstaan nie as gevolg van die woord nie. Intendeel: die teken word gebruik om te verwys na 'n bepaalde bestaande begrip. Dus is dit die betekenis wat reeds bestaan om as basis te dien vir die kunsmatige teken wat daarna verwys.

'n Verdere faktor ter staving van hierdie redenasie is ook reeds hierbo gemeld. Daar bestaan 'n menigte tale en taalstelsels. Elkeen van hierdie stelsels gebruik verskillende tekens en woorde om dieselfde informasie, of betekenis, oor te dra tussen individue. Dus moet die betekenis die standaardvorm wees van enige betrokke saak, terwyl die talige tekens eintlik die verwysingsvariante daarvoor is.

Dit mag egter steeds blyk dat die betekenis tog ondergeskik is aan die woord. Die rede hiervoor is dat die woord as katalis dien vir die terugverwysing na die onderliggende betekenis. Hoewel die woorde tussen tale verskil, is die betekenis universeel. Dit is hierdie universele onderliggende betekenis wat elementêr die begrip van die primordiale dimensie betrek.

Laasgenoemde verwys na 'n oer-Realiteit waar alle betekenis te vinde is, en waarna alle talige en kommunikatiewe handeling verwys. Elke taal se verwysingsraamwerk is gebaseer op die oorspronklike betekenis wat in die primordiale te vinde is. 'n Heel geskikte beeld om hierdie dimensie aan te dui, is hierbo in hoofstuk twee gebruik: die primordiale is die tuiste van verstaan. Dit is hier waar die essensie van die konsep bestaan, en dus waar alle betekenis ontstaan, en as 't ware bestaan²³.

²³ Die onderskeid tussen hierdie stadia van die konsep (*ontstaan* en *bestaan*) word verder hieronder in groter besonderheid uitgelig.

In verskeie vakgebiede is daar elemente of konsepte wat samehang toon met die idee van die primordiale soos dit hier uiteengesit is. Dit is miskien die konsep van die onderbewuste uit die dieptepsigologie wat die meeste hiermee in gemeen het — soveel so dat hul kennelik as verwante sake beskou kan word.

Elemente uit die taalwetenskappe wat ook skakels toon met hierdie konsep, is onder meer metafoor en simboliek. Hierdie verskynsels, wat hoofsaaklik in letterkundige taalgebruik te vinde is, is gebaseer op die mees fundamentele beginsels van die taalpraktyk: representasie en verwysing.

Hierbo is hierdie literêre verskynsels, veral die konsep simbool, en hul verhouding met die primordiale beskou ten opsigte van die werke van etlike skrywers uit die wêreldletterkunde. Spesiale aandag is gevestig op die werk van die Afrikaanse skrywer, Wilma Stockenström. Uit hierdie ondersoek is 'n paar heel interessante tendense aangetoon oor die aard van talige verskynsels in verhouding tot die primordiale dimensie.

'n Taal is hierbo in 1.2.4 bepaal as 'n geordende stelsel vir die oordrag van informasie tussen individue. Dit is dus 'n sisteem vir kommunikasie, gebaseer op 'n stel bepaalde reëls vir die georganiseerde representasie van reële gegewens. Hierdie gegewens word deur die taalgebruikers, deur middel van hul betrokke taalstelsel, geën- en -dekodeer sodat die verlangde informasie volledig en akkuraat oorgedra word. Kommunikasie van die bepaalde gegewens vind teoreties sodoende plaas.

Die essensie van die gegewens wat op hierdie manier oorgedra word, is gegrond in die primordiale dimensie. Alles talig is dus eintlik verwysing na die konsepte soos hul hier bestaan. Dieselfde konsepte in hul talige weer-

gawes is presies net dit: weergawes, representasies van die oorspronklike saak wat slegs in die primordiale bestaan.

Bostaande stelling betrek die kernpunt van hierdie studie. Volgens primordiale teorie hierbo word elke konsep in sy oorspronklike vorm gehuisves in die primordiale dimensie. Dus is die ontstaanpunt en verwysingspunt van alle idees en proposisies²⁴ hier te vinde.

Daar is ook egter op gelet dat die konsepte self nie in die primordiale dimensie ontstaan nie, maar dat hul doodeenvoudig daar bestaan. Trouens, daar is nie 'n bepaalbare ontstaan van enige konsep nie. Oerkonsepte kom as 't ware nooit tot stand nie, maar is permanente abstrakte gegewens wat in die primordiale dimensie sit.

Die primordiale dimensie self is dan, soos ook hierbo gemeld, die bergplek vir betekenis. Die betekenis van enige verwysing is weer die universele²⁵ primordiale konsep, wat as basis dien vir daardie verwysing, talig sowel as nie-talig.

²⁴ viz. "Propositionele eenhede" soos dit voorkom in Atkinson et al (1980) se definisie oor taal.
²⁵ Alle tale en kommunikasieverwysingsisteme is gebaseer op hierdie konsepte. Dit wil sê *kat*, *cat*, *gato* en *felix* (woorde vir die konsep wat aan Afrikaanse taalgebruikers as "kat" bekend staan in Afrikaans, Engels, Spaans en Latyn) verwys almal na een betrokke saak wat as universele entiteit in die primordiale dimensie te vinde is. Die ware identiteit van hierdie konsep is sy "naam" in die primordiale. Buite die primordiale dimensie is dit egter onbekend — trouens onkenbaar.

4.3 Gevolgtrekking

I go for long periods without saying anything at all. I can be free of words now, I can lapse back into wordlessness, I can sink back into the rhythms of transience as if into bed.

Atwood (1990:143)

Die primordiale dimensie is 'n enorme, onmisbare faset vir die referensiële bestaan. Dit kan breedvoerig bespreek word uit feitlik elke denkbare gesigspunt en studieveld. Tog kan die kern van hierdie konsep bondig omskryf word: dit is die stadium van betekenis waarna elke representasie terugverwys. Dit is, in der waarheid, die onbereikbare ontstaan van kommunikasie, en dus van taal — en van alle verwysing.

Die literêre gegewens van metafoor en simbool is gebaseer op verwysing en assosiasie. Hierdie is puik voorbeelde om die aard van die primordiale te belig. Sodra daar 'n metafoor of simbool betrek word, word daar onmiddelik assosiasies getref met 'n bepaalde konsep. Hierdie konsep bestaan as oorspronklike saak in die primordiale dimensie.

Dit is egter nie die primordiale sin van die saak wat betrek word as gevolg van die verwysing daarna nie. Daar word slegs sekere aspekte van die betrokke saak belig, as gevolg van konnotasies van die begrip wat binne die bepaalde konteks ingelees word. 'n Idee van die begrip word dus aan die hand van die simbool of metafoor tot stand gebring vir talige gebruik; die Ware essensie van die begrip, egter, nie.

Omdat taal ook gebaseer is op 'n simbolies-representatiewe stelsel, is die proses van verwysing presies dieselfde as bogenoemde. Die woord roep, binne enige bepaalde konteks, 'n idee van 'n primordiale saak op, maar nooit die saak self nie.

Die aard van taal in verhouding met die primordiale is goed uitgelig in Breyten Breytenbach se bundel ('YK'): Die Vierde Bundel van die Ongedante Dans (1984). Hier kan gemerk word in die gebruik en setwerk van die woord "yk" hoe die talige element uitgelig word as kunsmatige sosiale verheffing van die sosiale wese. Deur die woord "yk", wat in Afrikaans 'n amptelike merk van waardigheid aandui, binne 'n dubbele parentese (hakkies en aanhalingstekens) te plaas, word goed aangetoon hoe 'n woord as amptelik aanvaarbare weergawe van 'n konsep deur die taalgebruiker geskep word. Dit word dan ironies deur hierdie einste skeppers as sodanig (amptelike waarheid) aanvaar.

Dit is juis ook die geval met die metafoor en simboliek. Ongeag die feit dat albei hierdie gegewens op taal, die kunsmatige verwysingsmiddel, berus, is hul ook self, miskien meer bepaald, gegrondves op representasie en tekens — op verwysing. Gestel die verhouding met taal is slegs dié van prosese-ringsmiddel, van voertuig: ondanks hierdie verwydering van taal uit die ewening moet daar in ag geneem word dat die basiese tenet van enige metafoor of simbool altyd bepaalde verwysing na 'n saak inhoud. Al is dit self nie presies talige representasie nie, bly die aard daarvan steeds talig. Dus is simbool en metafoor ook taalagtige verskynsels.

Elkeen van die simboolvoorbeelde hierbo in die aangehaalde tekste gemeld, vertoon ook hierdie kenmerk as basis. Selfs die spesifieke simbole van

spieël en water dien ironies net om die idee van representasie te bevorder. Dit is veral in die geval van speëlsimboliek dat die idee van weergawe van 'n oorspronklike sterk na vore gebring word.

In feitlik elkeen van die water-simboliese voorbeelde wat gemeld is, is die idee van die primordiale dimensie as oorsprong betrek. Trouens, water-simboliek is algemene verwysing na die primordiale chaos, die voor-orde staat van pre-taal.

Dat watersimbole algemene tradisionele verbande tref met die primordiale chaos is om 't ewe. Daar is hierbo aangetoon hoe alle verwysings gebaseer is op konteksgebonde idees van 'n bepaalde primordiale konsep. Die konsep self word egter nooit betrek deur die verwysing nie, want daar is geen direkte verhouding, geen skakel, tussen die primordiale saak en die verwysing nie!

4.4 Slotsom

Speech was given to man to disguise his thoughts.

Tallyrand, in Daintith et al (1987)

In hierdie werk is verskeie bevindinge en interpretasies gemaak oor die aard van taal, van simboliek en van die primordiale, asook oor die verhoudings tussen hierdie konsepte.

Die verhouding tussen verwysingsisteme en die primordiale hierbo gemeld in 4.3 mag effe verbasend of verwarrend blyk te wees. Dit is egter 'n logiese en, myns insiens, akkurate analise van hierdie relasie. Volgens die bevindinge hierbo, word daar gestel dat daar geen direkte skakel is tussen enige talige element en die primordiale nie.

Die verhouding is egter gebaseer op representatiewe verwysing, waar tekens en ander simbole²⁶ gebruik word om (primordiale) konsepte te verteenwoordig. Hierdie konsepte word nooit self betrek nie, en is universeel, konstant en oorspronklik. Hul is trouens die basisvorm vir enige verwysing deur middel van enige verwysingsstelsel, talig sowel as nie-talig.

Die gevolgtrekking wat hieruit bereik word, is dat die talige, wat uiteraard verwysingsstelsels is, nooit die primordiale kan bevat nie. Daarom kan enige verskynsel wat gegrond is op 'n talige stelsel, spesifiek soos metafoor en simboliek hierbo betrek, dus ook nie direkte skakel vind met die primordiale nie.

Trouens, elke talige element is gebaseer op 'n verteenwoordiging van die primordiale konsep waarna dit verwys. Die primordiale konsep word self nooit betrek nie, en dus kan geen talige verskynsel 'n skakel vorm met die primordiale nie. Die primordiale dimensie is dus letterlik talig onbereikbaar.

Die uitgangspunt vir hierdie studie van water- en speëlsimboliek as moontlike sleutel tot die primordiale is dan dit: nie hierdie, of enige ander simboliek- of representasiesistelsel, is daartoe in staat om ingang te bied tot die primordiale nie. Al die simboliek wat hierbo melding maak van 'n dieper, onderliggende Werklikheid, een wat dikwels ooreenkomste toon met die idee van die primordiale dimensie, is uiteraard gebaseer op verwysing en representasie.

Die woorde neem, as verteenwoordigers, die plek in van die idee van die konsep wat primordiaal bestaan. Die konsep self word nooit betrek nie, slegs die idee daarvan, en dit is slegs hierna wat verwys word. Dit word weer

²⁶ Hiermee word verwys na simbool in die sin van sein, nie na *literêre simbool* nie.

bepaal deur die sosio-politieke konteks — die raam van die speël — waarin dit gebruik word. Die diagram hieronder (fig. 2) lig hierdie verhouding miskien beter toe.




Fig. 2 Representasie van die relasie tussen Taal en die Primordiale Dimensie

A thought is often original, though you have uttered it a hundred times.

Holmes, in Daintith et al (1987)

Die taalgebruiker wat as sender optree in 'n kommunikatiewe handeling wil 'n saak oordra aan 'n ontvanger. Die idee wat die sender wil oordra (hierbo as IDEE 1 voorgestel) is gebaseer op die betrokke primordiale konsep soos dit in die primordiale dimensie voorkom. Die sender se idee is egter nie heeltemal dieselfde as die konsep nie, omrede dit tot stand kom binne die sender se konteks.

Die primordiale saak self is nie aan konteks onderhewig nie. Dit is trouens die suiwerste vorm van enige konsep wat binne die neutrale omgewing van die primordiale dimensie bestaan. Die taalgebruiker se weergawe van wat

die bepaalde konsep voorstel, is aan die ander kant subjektief, omrede die vorm daarvan afhang van die konteks waarin dit gebruik word.

Die sender word gedwing deur die konvensies van die taalsisteem om 'n bepaalde woord of teken te gebruik om sy idee van betrokke saak (IDEE 1) te verteenwoordig. Dit is dié woord of teken wat die sender aan die ontvanger oordra.

Dit is trouens nie die konsep of saak nie, en selfs nie die sender se idee van die saak wat versend word nie, maar slegs die konvensionele talige weergawe daarvan. Al is hierdie teken gewoonlik 'n gevestigde talige norm om betrokke idee oor te dra, moet onthou word dat die ontvanger ook binne 'n bepaalde konteks optree.

Elke taalgebruiker se konteks is uiteraard subjektief, soos daar aangetoon word in die beeld van die spieël se raam hierbo (2.3.1). Die teken word binne die konteks van die ontvanger se verwysingsveld opgeneem, en volgens hierdie bepaalde konteks ontleed. Die teken gee binne dié konteks aanleiding tot 'n idee (IDEE 2)²⁷, wat die ontvanger aanvaar as die informasie wat deur die sender gestuur is.

Hoewel hierdie idees van die sender en die ontvanger meestal voldoende ooreenkom om die hoofsaak van die informasie oor te dra, is hulle feitlik nooit identies nie. Dit is die verskil in die idees wat met betrokke teken geassosieer word wat miskommunikasie tot gevolg het.

As voorbeeld word weer die idee van "kat" betrek. Beide die sender en die ontvanger het binne sy bepaalde konteks 'n idee van wat "kat" beteken. As

²⁷ Neem aan dat die sender en ontvanger albei dieselfde taal gebruik. Indien nie, sou die teken waarskynlik geen sinvolle idee, of miskien 'n totaal onverwante idee (as die betrokke teken tog in die ontvanger se taal bestaan), in die ontvanger tot stand bring.

die sender se idee van kat byvoorbeeld 'n gestreepte kat is, terwyl die ontvanger s'n swart is, word akkurate kommunikasie onmoontlik.

'n Stelling soos "die kat loop oor die pad" lewer heelwat probleme vir akkurate oordrag van informasie indien dit binne twee verskillende kontekste ontleed word. 'n Vet swart kat wat vinnig oor 'n hoofstraat loop is byvoorbeeld nie dieselfde as 'n maer gestreepte kat wat luilekker oor 'n agterstraat stap nie. Die kern van betrokke boodskappe het gelyk, maar die besonderhede verskil dramaties. Dit is in die besonderhede waar miskommunikasie lê, veral by multi-vlakkige taalgebruik, soos metafoor, simboliek en woordspelings.

Taal is teoreties 'n middel tot kommunikasie, die oordrag van idees. Prakties slaag dit egter nie altyd in sy doel nie, omdat die essensie wat gekommunikeer moet word, die konsep, nooit direk bereik kan word nie. Sperber en Wilson (1988) se teorie van relevansie gee 'n bruikbare verduideliking vir suksesvolle talige omgang. Hul teorie gee verder ook 'n verklaring vir hoe onsuksesvolle taalgebruik plaasvind.

Hul navorsing het egter tog tekortkominge deurdat dit slegs die werkinge van taal-interpretatiewe misverstande betrek. Die oorsaak daarvan ontbreek. Dus, hul verklaar hoe, maar nie volledig hoekom nie. Die oorsprong van talige miskommunikasie kan, myns insiens, verduidelik word deur die primordiale dimensie te betrek as faktor, en die aard van die primordiale konsep, in verhouding met taal, in ag te neem.

Die saak word nie deur die taal betrek nie. Dit is slegs die idee van die betrokke saak, en die konteks waarin hierdie idee geplaas word, wat talige verwantskap toon. Hieruit kan afgelei word dat, hoewel taal as kommunikasiemiddel oor die algemeen suksesvol is, dit teoreties onvoldoende is om volgehoue akkurate kommunikasie te laat geskied.

Hierdie studie self is in 'n mate bewys van sy eie uitsprake. Die konsep daarvan lê in die primordiale dimensie, en daar word na 'n interpretasie daarvan verwys aan die hand van die taaltekens wat hier gebruik word. Elkeen wat dit lees, sal 'n indruk hê van wat oorgedra word. Hierdie indruk word egter bepaal deur hul eie betrokke konteks waarin/waaruit hul dit lees, hul eie verwysingsraamwerk, hul eie persoonlike spieël se raam.

Die interpretasie wat hier gebied word, is myne, aan die hand van my eie konteks, uit my eie gesigshoek. Ander sal beslis eie sienings hiervan, en interpretasies hieroor, kan voorsit, en selfs kan staaf. Daar moet egter aanvaar word, omrede die primordiale Waarheid nooit bereik kan word nie, dat daar nie enige konkrete weerlegging gemaak kan word van hierdie bevindinge nie. Dit kan trouens nie talig verkeerd bewys word nie.

Die praktiese uitwerking van taal is effe verskillend van sy oorspronklike doel. Enige kommunikasie wat wel plaasvind is te danke aan redelik eenderse interpretasies as gevolg van redelik eenderse kontekste. Kommunikasie word, volgens hierdie model, ironies bereik slegs deur verminderde miskommunikasie, wat uiteraard die talige (representatiewe) norm is.

In stede daarvan dat taal konsepte oordra van sender na ontvanger in akkurate kommunikasie, word konsepte deur middel van taal verbuig tussen sender en ontvanger, afhangend van elk se betrokke konteks. Idees word kontekstueel verander, terwyl die oorsprong van die idee naderhand geïgnoreer word. Die Reële word as't ware verbygepraat. Dit word trouens verbygetaal.

Ten slotte word die aandag gerig op 'n aanhaling uit Stockenström se "Die Herskepping" (Appendiks Q). In stede daarvan dat taal 'n weerspieëling bied van die Realiteit, gee dit slegs 'n verspeling daarvan as gevolg van sy onvermoë om konsepte presies oor te dra. Die futiliteit van die mens se poging om talig die Realiteit vas te lê en te bepaal word treffend in die volgende reëls uitgebeeld.

Tweemiljoen jaar al

werskaf hy freneties, en vergeefs, aan die al.

(Appendiks Q, reëls 11,12)

Bylaes

Appendiks A

Man met Flits

In die klein wit kol
van my wete stol

bruin en skerp 'n klip
soos 'n bok wat skrik,

staan, vinnig weghol
uit die klein wit kol.

5

Aan 'n takkie hang
twee ogies wat bang

uit die klein wit skyn
van my flits verdwyn.

10

Oor waters wat glip
soek ek klip na klip

maar 'n duister land
bedreig my alkant.

— D J Opperman,
uit *Negster oor Ninevé* (1947)

Appendiks B

45

Kraak die aardbol langs 'n naat
oop en dop maar uit — jy sal vind
drie myte en 'n groterige kewer
rooi van magma en doodverskrik.
Maar moenie worry nie. Alles werk 5
ten goede mee. Laat die vuurvloei
uitloop in die al en op die sterretjies
drup-drup. Skud goed. Gom nou
die helftes stewig vas en, siedaar,
die nuwe aarde, lig, leeg, lief. 10

Niks om na te delf, niks te splyt,
niks meer te beskryf of uit te lê.
Die kewer spartel in die melkweg
en die myte verdwyn spoedig in die buik
van wording. O aansienlik intelligenter 15
as die myt mens, skepper van leegheid,
was jy maar reg aan die begin en nie
sommer somewhere in die groot proses nie,
nè, ma se grootman? Ma se snaaksie
hou sy handjies bak en vra bol, ma. 20

— Wilma Stockenström,
uit *Monsterverse* (1984)

Appendiks C

Die skedel lag al huil die gesig

Eendag sal ek, weet ek, die dood
met laggende skedel trotseer. Minstens
my sin vir humor sal ek behou. Maar
of ek soos oorlee mevrou Ples en soos
die bloubok van my geboorteland 5
ook 'n glaskas in 'n museum sal haal?
'n Seldsame dier is die mens nou nie juis.

Tog, hoe slim tog is ons met ons
innerlike uurwerkvernuf, hoe sterk
die groot swaaiende hyskraangebare 10
waarmee ons wolkekrabbers reghoekig
neerplak in woon- en sakekomplekse.
Merkwaardig ons grabbelende navorsing
dwarsdeur dolomiet om ons arms diep
soos skagte te sink en die grys erts 15
te gryp en op te trek, te vergruis en te
veredel tot staaf op staaf korfagtig
gepakte kluisse van belegging. O ja,
wonderbaarlik ons vermoë om weggooisand
tot vuurstof te verryk wat as ons wou 20
alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaiing
woes skoon kan laat ontbrand.

Ek sê mos die skedel lag
al huil en huil die gesig.

— Wilma Stockenström,
uit *Van Vergetelheid en van Glans* (1976)

Appendiks D

Dwaas met bril

- Die verslae vrou in my bril se raam
vra ek beleefd om uit te klim.
Sy doen dit nie. Daarop
bêre ek die nuttige toestel in sy huisie.
Ek kis die vrou 5
telkens as sy met haar vinger
tekens trek oor my lense.
- Wandel ek dan deur goudeurweefde strate
in akwamarynaande van mymering
wat my wasig omhul, wandel ek dan 10
in my eie wêreldjie
waarin kleure plets en biggel,
dis knus, dis goed, en ten minste my eie.
My medemens het sagte kontoere.
- Ek gaan my bril vir spesiale geleenthede hou, 15
net wat welgeskape en vermaaklik is, beskou.
Maar knaend waar ek kyk, die vrou.
Sy sper haar kake oop,
wyer as God is Liefde en Waarheid.
Soos sprinkane haar wriemelende vingers. Sy stop 20
hulle in haar mond, en kners
om nie te skreeu, mompel,
vlerke, saagtandpote tussen die lippe.

Voor die blinkende kolle
wat my gesig tot perspektief dwing, 25
voor my vensters reg rondom
wat sonwarmte binnelaat,
beduie die vrou my met gebare.

Die wolke dryf soos r e verby.
Die pienk kwal van die son betas 30
my glasverdieping met 'n sleepsel garedrade,
en in rooskwarts versteen
staan my kake oopgesper
in 'n skreeu:
glaslose diamant wat die glas 35
gillend sny.

– Wilma Stockenstr m,
uit *Vir die Bysierende Leser* (1970)

Appendiks E

8

Die mens? Vergeet hom. Los hom.
Gemeet aan al wat groter,
al wat kleiner is in die al
registreer hy nouliks en nou-nou-nou
dan is dit tjoef klaar afgetjop.

5

In die al niks is die al in hom
niks vir hom, net hyself wat vreet,
dié behaarde buis van glorie en smet,
'n sotterny van mismoedigheid.

– Wilma Stockenström,
uit *Monsterverse* (1984)

Appendiks F

Lêer van 'n Leeftyd

- In koddige kinderhandskrif: nimmermeer,
nimmermeer sal die maan 'n kommetjie melk
vir swartkatnag wees, die son nimmer-
nimmermeer 'n lemoen vol gelukskyfies.
Dit was die tyd om op te hou prentjies teken. 5
- En dié tyd toe sterre takke was oortrek
met bloeisels en skoelappers vir verliefdes
om mekaar mee toe te dek, dié tyd
het vlug soos die swaai van 'n tak oorgewaaï.
- Hierop word die spekulasihuis gekoop vir die bewoner 10
wat sy gewoontes aan die gewoontes van die bure gespe,
en sy grasperk dieselfde groen as die buurgrasperke hou.
En wat sy bure onthaal soos sy bure hom onthaal.
Wat sy kinders skool toe stuur om skool te gaan.
En wie se kleinkinders ver reis en ver studeer. 15
- Gevolg deur ophou. Ophou kennis neem van
en aandag bestee aan en in ag neem van.
Ophou optel. Syfers. Gewig. 'n Lepel.
Ophou slaap, lag, liefkoos. Ophou.
Om in 'n sonnige stoepdroom te dut 20
voor 'n blou huis met vrede op die hekkie,
met selonrose en 'n spaarkamer vir die uitgespaarde.

- Dan, berese en belese, skerpsinnig en vinnig
stamp die kleinkinders die deure oop,
vind vermaak in vermolmde dokumente, 25
proes oor doopnaam en datums,
die poses, potsierlik, van kamermaats op kiekies,
en vergeet gou, en verveel hul, en verbrand:
die kwitansies, die kontrakte, die knipsels.
- Pret vir 'n aand was die leeftyd van 'n mens. 30

– Wilma Stockenström,
uit *Vir die Bysende Leser* (1970)

Appendiks G

Gesertifiseer

Ek kan genoeg gloeilampies koop om al
my vertrekke lewenslank te belig,
maar ek verkies die skemer en skermense
wat voor die droom van dromend lewe swig.

Ek kan 'n absoluut betroubare fisiologiese hartklep 5
aanskaf, gemaak van polipropileen,
maar liefste lewe ek hortend en hinkpink,
afwykend stug, totdat die harde reën

die huise van die laaste eeu smelt,
totdat taal in al sy uitinge verval. 10
As mens, tot pyn in staat, wil ek leef,
as uiterste mens, gesertifiseer mal.

– Wilma Stockenström,
uit *Vir die Bysende Leser* (1970)

Appendiks H

Die Stomme Aarde

Walms niks. En ons het gemeen die voorvaders
sal met hulle grondmonde met ons praat,
rookwoorde vir die onvolkome tolke.
Die klipskeure, buite bereik van die dag
se goulig, was ouvrousplete, dooie 5
ingange, verskrompelde agter vyeboomwortels
se lykwitgreep. Die slote, vertrek van pyn,
die knersvlaktes, die brulsand het stilgebly
en gehoed en die stemme van ons voorgeslag
het dieper in die grond se maag gesak. 10
Van vlammente uitroepe was daar geen
sprake meer. Net 'n wind van buite
die wêreld het om en om Mapoenghoebwe
gewaai en Ferreirasdorp se sinkdakke geruk
soos iemand wat iemand aan die elmboog 15
trek, en die graskraag om die mynhope
het styf en regop gespring soos die maanhaar
van 'n betrapte dier en ver oor die sand
loop die jakkals se netjiese spoor. Walms,
slegs walms. Waar daar tog 'n gemompel 20
moet wees, binnensmonds, en vonkende
krete gevang in gespikkelde piriet asof
vuur, die asem van die gees van die grond,
versteend lê en glim van geheime taal,

metaaltaal, solied, onderaards skoon, en 25
onverhandelbaar, dié drif, dié vuurspraak
van ons voorvaders. Net wind, net niks;
nòg van onder stad en voorstad se opgedamde
ligte en nòg van agter spookdorpdekors, nêrens
praat die stomme aarde meer sy kode 30
vir die onontvanklikes.

– Wilma Stockenström,
uit *Van Vergetelheid en van Glans* (1976)

Appendiks I

Antieke Spieël

Sou die pou-oë van kolle, die langsame verslaning verweer wees teen die inneem, ononderbroke, van in ovaal bestek gesuspendeerde mure en ameublement en die roeringe van mense?	5
Of is dít hoe uiteindelik tyd self uitdoof: net maar 'n matter word na dieper silwer tot ook die spookasem van bloeisels onopgeteken verwyl in die vaas?	10
Net maar 'n donkerder word van minder neem minder gee totdat ons verspieëelde kanse in die swart stilstand ophou.	15

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks J

Watergraf

As dan soos 'n slaap water om my spoel,
helder windsels water my ledemate klee
en slakke in en om my oor pak, as dan
bondels lig die nis festoeneer en ryklik
straal deur die skemer van 'n halflewe, 5
sal my oë oopgaan, sal my voete wandel
oor die sand van die dood, sal ek weggaan
van die donker skeur en aankom by 'n kus,
'n takkie sitergroen seegras in my hand,
ag, ewe sorgeloos in my geskubde hand. 10
Kransduiwe sal skreeuend vlug as ek tree
op die strand met die puimsteen van my sole.
Verbysterde meeue sal hoog wiewaal,
en sak en pik na die skulpe van my oë.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks K

Koichab se Water

Seweduisend jaar se opgebergde sagtheid
tap ek uit 'n kraan en was gewoon
wit nylon en droogdrupgoed daarin.
Dan na die kombuis om kospotte rond
te skuif en by aanbrandsel water te gooi. 5

Toe dié water die lig sien, het dit
kortliks gewonder hoekom juis toe.

Toe vloei dit deur pype ondergronds
en bo na al die aangewese plekke toe

om met sy weergalose witheid te suiwer 10
en te laaf en deemoedig deel te word
van dop en dam, van afval, en rioolvuil;
netso asof 'n vrou in edelheid opgevoed
haar sonder nadenke eenvoudig gee.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks L

Een Aand by Chongoene

Twee het gesing in Ronga, miskien Sjangaan,
een aand by Chongoene in die oseaan

van krag wat stilweg sypel en taan,
van die honger wat kom na die orkaan.

Die liedjie het slap soos 'n golf geslaan. 5
Ek het alles begryp, wel niks verstaan.

Hutte val, hotelle verweer, vlagpale staan
dun:gedeelde gebaar teen die stom oseaan

wat druisend almaardeur kom en gaan 10
in duidelik meetbare vennootskap met die maan.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks M

Die Ewige Europeër

Analfabete van die Wêreld, verenig!
Niks het julle te verloor buiten
die heilige reis van die onkunde,
skryf die wyse man na oorleg.

Soos deure klap hy sy boeke toe, 5
klim in sy motor en ry, 'n toeris
op soek na 'n oord met 'n kraan,
gras, bome en 'n groot stygende lug,
waar hy sy brein kan afskakel. Kliks.

Aikôna. Wie eenkeer met kennis 10
gepeuter het, sy breinselle slaan
soos die hamers van 'n tikmasjien
onophoudelik op vel na blanko vel
diagramme met speke na die onbekende.

Weer voor sy lessenaar, nou ootmoedig, 15
verpag hy hom, 'n verrimpelde beginner,
onverbiddelik en finaal aan die twyfel:
van wieg tot graf die ewige Europeër.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks N

Aan die Maan

Met gewebde pote wou ek deur jou roei,
liggaam wat saggies in die dam asemhaal,
jou karring tot jy skuim en met my klein
vermetel ogie opkyk na jou luister, maan.

Met my langsame spronge skend my skoene 5
jou, eena, tweena, driena, vierna en
triomfantlik ry ek tog oor jou grint,
in my babapak, in my township-draadmotor.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks O

Nagapie

Nag het my sy oë geleen, nou
sit ek op sy skouer en kyk
en kyk moet ek met my twee
geel oë teenaanmekaar
vir beter staar. 5

Nag, my kou, waarin ek vrolik
wip van kis na tralie en terug,
klein en behendig en toegerus
met handjiepootjies, louter
vir beter klouter. 10

Nagapie in nag se warm baadjie
loer ek tussen die voorpante
uit na die groot voorstelling,
piep en byt nie en sit soet,
'n man van toet. 15

Aap my naam en dié is ek half,
'n niksie in die nag en glad niks
bedags. Vang my aan my stert, man,
stop my in 'n sak, ek kyk
hoe jy lyk. 20

Kir en giggel vir my manewales,
ek bly springend wat ek is, ontvoerde
maar ek, ingehokte maar ek, steeds
ek, uit die nag se land
'n starende gesant.

25

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks P

Weskus

Legendes kruip oral ondergronds
en oral peul dit spikkelrig uit,
knop die bruin stories van dade,
vou die groen oop van herinnering.

Gewaterde gousblomme skiet op 5
tot stelsels lig en opgevange kleur
op triljoene harige bibbersteeltjies
in onteenseggelike bevestiging van wil.

Daar is 'n saamloop van tinte 10
in leegtes en putte, oog
van valk van tor van springbok.

Die kleure lê en lag hardop vir die son.

In patriargale eiening splyt
'n plant met bolmakiesieblare
die plato tot op 'n pyp 15
grinterige kosbaarheid en stoot
die glinstering see se bodem toe.
Neerslag vir verspoelde legendes.

Terwyl die duine van die nag
onderstebo hang, Sperrgebiet 20
van 'n maatskappy opgerig
voordat die swael en die lawa was
en die lawa lawa was

en ontstaan en begin soos gesmolte glas
in 'n seldsame nag van as en suiker 25
dalk aanleiding tot legendes gegee het
vir ander planete in ander
stelsels se hemelkykers.

Dalk, vir hulle, wandel ons soos gode
op voete van agaat oor tieroogstrande. 30

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks Q

Die Herskepping

Hierdie dier met die pragtige pels
sy naam is nag, Luiperd die Nag.

Hierdie vis met flikkerskubbe is
die lang vis Katonkel Daglig.

Albaster aan 'n sondraad, jou 5
naam is Aarde, bloue, waterplaneet.

Daar doem op 'n rondkopding wat heet
Mens, en hy, die Mens — stel jou voor —

het dit op homself geneem om dier en vis
en albaster te herskep soos hý meen 10

hul behoort te lyk. Tweemiljoen jaar al
werskaf hy freneties, en vergeefs, aan die al.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks R

Donskoppie

Net as die vywerstraal dans, soos swaelgefluit,
net dan betree sý, donskoppie, die tuin.
Vir haar val die rose oop. Vir haar bekyk
die tiptol uit die ruimte van boomlower.
Aangelok deur die straat druk sy haar boepie 5
teen sport en krulle van die voorhekkie,
gierig in haar besitname van motor en winkel.
Suutjies ril die ou vywer asof hy lekkerkry.
Sê net sê net o sê net alles verdwyn
agter haar boudjies, wat maak 'n kind dan? 10
Vir haar gaan staan die struik op aandag
as sy blitsig omkyk en in haar verskriklike
groot oë momentele onsekerheid vervang word
deur die almagbewustheid van 'n klein koningin.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks S

Hippie

Hy groei

plantaardig uit 'n stoel voor 'n kafee,
'n pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoeid met reis om homself. 5

Hy slaan

'n pap handsak oor sy fraiingsskouer.
Om huise se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand 10
van 'n stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou

die sinkomheinde werf waar uitgepofde
hoenders slaap om 'n verbitterde bloekom. 15
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis 20
van sewejaartjies: kleislang in 'n kindertuin?

En voort

duimgooi hy na miskien 'n genommerde
kamer met 'n Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van 'n malman op 'n afgrond, of 25
die binnevlerksagtheid van 'n woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit 'n apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

30

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks T

Je Suis Arrivée

Party vroue is soos tuine so fraai, so toegekamp.	
Mevrou professor doktor Edelvrot, byvoorbeeld,	
maak tee soos kasater	5
drink witwyn soos water	
dink haar man's 'n kapater	
op sy minste 'n krater ('n sot is geen sater)	
meen die huwelik's 'n flater	10
wat niks kan kalfater	
koop aandele vir later	
word algaande hoe kwater	
vir haar huis- en tuintater	
hou vir niemand haar snater	15
kollekteer vir alma mater	
en voer haar ontknaterde kater.	
Mevrou professor doktor Edelvrot skryf rubrieke,	
oulikies-vroulikies, vir ses publikasies in moeder!	20
hoe soet my taal;	
vind dit buitengewoon banaal dat haar dogter, Stapelia,	
tot huweliksmat gekies het ene Koos Brillletjies, 'n onderwyser	25
iewers op die Oos-, nee, die, ja, die Wes-Rand. Is dit nou Wes-Rand?	

Mevrou professor doktor Edelvrot speel
tennis, en toneel,
vertaal gedigte (uit Engels), prôt Offrikôns, is tog te liefies, 30
tog te gaaf. En verveel.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks U

'n Naam

Onder die visse was daar 'n groot beroering.

'n Skeepsromp het oopgebars, soos 'n doodskis
'n vrag drenkelinge vrygestel aan water
onrustig donker en tuimelend.

Die krewes het hul in gleuwe teruggetrek, 5
die krale van hul oë paar-paar laat oopkyk
na die gewriemel van bene onder die watervlak.
Soms het 'n wanhopige af teen die kiel
gesak, hande stukkend geskuur aan seepokke,
en weggedrywe soos 'n pop, met stywe arms. 10

Toe kom van die kus 'n verskynsel
wat die visse skigtig laat wegswenk.
Die beslaande pote van 'n sterk dier
trap 'n gang na die hellende wrak,
versamel aan twee kappende stiebeuels 15
twee skipbreukelinge soos polle wier;
sewe keer klief die hoewe die omgewoelde see,
sewe keer word vaarders van De Jonge Thomas
vlak voor ongelowige Kapenaars se oë
strand toe getrek, 'n verskrikte ballas. 20
'n Agtste, en laaste, keer stuur onbaatsugtig
die sopnat boer sy perd die branding in.

Miskien het hy uitgespoel in die skuimende melk
van 'n golf, sy gelaat 'n serene seegroen,
'n laat vrug van die see vir weduwee en kroos. 25
Miskien nie. Visooglense moes registreer
hoedat molekule vir molekule die ruiters
water word die eeue deur, of seekastaiing
opgeefsel vir ballades en skoolgeskiedenis,
'n naam word vir begraving in Woodstock: 30
Woltemade I Woltemade II Woltemade III.

Nietemin 'n naam word: WOLTEMADE.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Appendiks V

Ecce Homo

Wat het hom besiel om te wil
regopstaan? Kierts! Tog nie net
dors na kennis, die bykom van 'n appel
bo-aan 'n baie groot, sugtende boom nie?
Handeviervoet sou hy ook, op 'n lei, 5
kon leer lees en skryf het, later
die relatiwiteitsteorie vinger-in-die-sand
kon uitgewerk het, en uitgevee het
(want waarvoor?) met minder rugkwale.
Handeviervoet kan jy godsdiens beoefen, 10
loer in 'n mikroskoop, klavier speel,
beelde boetseer, op jou rug rol om plafonne
te beskilder, weer omrol en van jou steiers
afklouter, fronsend, ingedagte, honger.
Handeviervoet is eet en drink speletjies, 15
paring vanselfsprekend. Alles gaan.
Net toneel speel, lyk dit my, sou bedenklik
ingewikkeld, haas onmoontlik en regtig
lagwekkend wees. Regtig. 'n Kruipende
Faust. 'n Klutaimnestra met swengelende 20
borste. Nee! Drama wil hoog reik!
Daar staan hy nou met sy weekdele bloot,
die mens, die sot, die groot toneelspeler.

— Wilma Stockenström,
uit *Spieël van Water* (1973)

Bibliografie van Geraadpleegde Werke

Abrams, M. H. 1993 A Glossary of Literary Terms (Sixth Edition) Harcourt Brace College Publishers, Fort Worth, San Diego, Philadelphia, New York, Orlando, Austin, San Antonio, Montreal, Toronto, London, Sydney, Tokyo.

Adams, S. and Riley, L. (eds) 1988 Facts and Fallacies Reader's Digest Association, Inc., Pleasantville, New York, Montreal.

Afrikaanse Skrywerskring 1982 Tydskrif vir Letterkunde, XX .

Allison, A. W., Barrows, H., Blake, C. R., Carr, A. J., Eastman, A. M. and English, H. M., jr (eds) 1983 The Norton Anthology of Poetry (Third Edition) W W Norton and Company, New York, London.

Antal, L. 1964 Content, Meaning and Understanding Mouton, Den Haag.

Asher, R. E. & Simpson, J. M. Y. (eds) 1994 The Encyclopaedia of Language and Linguistics Pergamon Press, Oxford, New York, Seoul, Tokyo.

Atkinson, R. L., Atkinson, R. C., Smith, E. E., Bem, D. J., and Hilgard, E. R. 1990 Introduction to Psychology (Tenth Edition) Harcourt Brace Jovanovich, Publishers, San Diego, New York, Chicago, Austin, Washington, D.C., London, Sydney, Tokyo, Toronto.

Atwood, M. 1990 Cat's Eye Virago Press, London.

Austin, J. L. 1962 How to do Things with Words Clarendon Press, Oxford.

Baldick, C. 1990 The Concise Oxford Dictionary of Literary Terms Oxford University Press, Oxford, New York.

Beckson, K. and Ganz, A. (eds) 1961 A Reader's Guide to Literary Terms: A Dictionary Thames and Hudson, London.

The Bible (Old and New Testaments). 1973 Division of Christian Education of the National Council of Churches of Christ in the United States of America. Collins, New York, Glasgow and Toronto.

Bloomfield, L. 1933 Language Holt, E. A., London.

Bréal, M. 1964 Semantics: Studies in the Science of Meaning Dover Publications, Inc., New York.

Breytenbach, B. 1984 ('YK'): Die Vierde Bundel van die Ongedanste Dans Taurus, Emmarentia.

Brink, A. P.

1962 Orde en Chaos: 'n Studie oor Germanicus en die Tragedies van Shakespeare Nasionale Boekhandel, Kaapstad.

1983 Mapmakers Faber, London.

Butcher, S. H. (ed.) 1911 Aristotle's Theory of Poetry and Fine Art (4th Edition) MacMillan, London.

Carroll, L. 1983 The Complete Illustrated Works of Lewis Carroll Chancellor Press, London.

Chomsky, N.

1957 Syntactic Structures Mouton, The Hague.

1965 Aspects of the Theory of Syntax MIT Press, Cambridge, Mass.

Cirlot, J. E. 1993 A Dictionary of Symbols Routledge and Kegan Paul, London.

Colman, A. M. 1987 Facts, Fallacies and Frauds in Psychology Unwin Hyman, Ltd, London, Boston, Sydney, Wellington.

Crystal, D. 1992 An Encyclopaedic Dictionary of Language and Languages Blackwell Publishers, Oxford, UK, Cambridge, Mass., USA.

Culler, J. 1983 On Deconstruction, Theory and Criticism after Structuralism Routledge and Kegan Paul, London.

Daintith, J., Wright, E., Isaacs, A., Martin, E. and Pickering, D. (eds) 1987 The Bloomsbury Dictionary of Quotations Bloomsbury Publishers Limited, London.

Darwin, C. R. 1859 On the Origin of Species Murray, London.

Davidson, G. W., Seaton, M. A. and Simpson, J. (eds) 1988 Chambers Concise Dictionary W & R Chambers Limited, Cambridge, Edinburgh, New York, New Rochelle, Melbourne, Sydney.

De Saussure, F. 1959 Course in General Linguistics (ed C. Ball) Philosophical Library, New York.

De Villiers, M. 1975 Die Semantiek van Afrikaans H.A.U.M., Kaapstad.

De Vries, A. 1974 A Dictionary of Symbols and Imagery North-Holland Publishing Company, Amsterdam, London.

Disney, W. 1937 Snow White and the Seven Dwarves. Walt Disney Studios, California (Movie). (Adapted from Grimm, J., 1812)

Droste, F. G. Bron Onbekend

Ducrot, O. & Tzvetan, T. (transl. by Catherine Porter) 1979 Encyclopaedia Dictionary of the Sciences of Language The Johns Hopkins University Press, Baltimore and London.

Eaton, T. (ed.) 1978 Essays in Literary Semantics Julius Groot Verlag, Heidelberg.

Eco, U. 1983 The Name of the Rose Secker and Warburg, London.

Eliot, T. S. 1951 Selected Essays (Third Edition) Faber, London

Fauconnier, G. 1981 Aspects of the Theory of Communication Academica, Pretoria and Cape Town.

Fodor, J. A. 1975 The Language of Thought Hassocks, Sussex.

Foreman, J. B. (ed.) 1973 The Complete Works of Oscar Wilde Collins, London and Glasgow.

Fossey, D. 1983 Gorillas in the Mist Hodder and Stoughton, London.

Freud, S.

1927 The Ego and the Id Institute for Psychoanalysis, Hogarth Press, London.

1949 Outline of Psychoanalysis Norton Publishing Company, New York.

Fowler, R. (ed.) 1987 A Dictionary of Modern Critical Terms Routledge and Kegan Paul, London and New York.

Gardner, H.

1985 Frames of Mind: The Theory of Multiple Intelligences Basic Books, Inc., Publishers, New York.

1987 The Mind's New Science: A History of the Cognitive Revolution Basic Books, Inc., Publishers, New York.

Greene, G. M. 1989 Pragmatics and Natural Language Understanding Lawrence Erlbaum, Hove.

Hailey, A. 1985 Strong Medicine Pan Books, London.

Hanford, S.A. and Herberg, M. 1966 Langenscheidt Pocket Latin Dictionary Langenscheidt KG, Berlin and Munich.

Haufing, O. (ed.) 1972 Fundamental Problems in Philosophy Open University Press, Blackwell.

Horwood, F. C. 1982 The New Clarendon Shakespeare: A Midsummer Night's Dream The Clarendon Press, Oxford.

Jackendoff, R. 1986 Semantics and Cognition The MIT Press, Cambridge, Massachusetts, London, England.

Johnson, S. 1755 Dictionary of the English Language Ball and Arnold, London.

Jung, C. G.

1964 (ed.) Man and his Symbols Aldus, London.

- 1972 Memories, Dreams, Reflections Fontana, London.
- Lass, A. H, Kiremidjian, D. and Goldstein, R. M. 1987 The Facts on File Dictionary of Classical, Biblical and Literary Allusions Facts on File Publications, New York, Oxford.
- Lawrence, D. H. 1929 Pansies Secker, London.
- Leonard, L. B. 1976 Meaning in Child Language: Issues in the Study of Early Semantic Development Grune & Straton, Inc., New York, San Francisco, London.
- Levelt, W. J. M. 1989 Speaking: Form Intention to Articulation MIT Press, Cambridge, Massachusetts, London, England.
- Louw, N P van Wyk
1942 Gestaltes en Diere Nasionale Pers, Kaapstad.

1975 Tristia Human & Rousseau, Kaapstad.

1979 Nuwe Verse Tafelberg, Kaapstad.
- Malan, C. (red.) 1984 Spel en Spieël: Besprekings van die Moderne Afrikaanse Drama en Teater Perskor-Uitgewery, Johannesburg en Kaapstad.
- Marx, K. (ed.) 1977 Selected Writings Oxford University Press, Oxford.
- McLeod, W. T. (ed.) 1985 The New Collins Concise Dictionary of the English Language Guild Publishing, London.

- Melville, H. 1987 Moby Dick Marshall Cavendish, Ltd, London.
- Milton, J. 1968 Paradise Lost and Paradise Regained Airmont Publishing Company, Inc., New York.
- Mittens, B. 1991 Language Awareness for Teachers Milton Keynes, Open University.
- Moncrieff, A. R. H. 1931 Classic Myth and Legend Gresham Publishing, London.
- Morgenrood, W., King, G. and Spencer-Smith, T. (eds) 1995 Reader's Digest, September 1995 Cape and Transvaal Printers, Parow, Cape Town.
- Nagel, T. 1987 What Does It All Mean? Oxford University Press, Inc., New York, Oxford.
- Nash, O. 1968 Everyone but Thee and Me J M Dent & Sons, Ltd, London.
- Nijhoff, M. 1993 Gedichten: Deel 1/Teksten Van Gorcum, Assen/Maastricht.
- Norton, R. W. 1991 'n Studie van die Aard van die Simbool en Metafoor Ongepubliseerde Opstel, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Kaapstad.
- Odendaal, W. 1988 Onderhoud met Wilma Stockenström in Die Suid Afrikaan, April 1988
- Odendal, F. F., Schoonees, P. C., Swanepoel, C. J., Du Toit, S. J., Booyen, C. M. (reds) 1988 HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Perskor, Johannesburg.

Olivier, G. 1983 "Tevergeefse Ekspedisies" in *Standpunte*, XXXVI, 1983

Opperman, D. J.

1947 Negester oor Ninevé Tafelberg, Kaapstad.

1949 Joernaal van Jorik Nasionale Pers Beperk, Kaapstad.

1970 Edms. Bpk. Human en Rousseau, Kaapstad.

1975 Dolosse Tafelberg, Kaapstad.

1979 Blom en Baaierd Tafelberg, Kaapstad.

1979 Komas uit 'n Bamboesstok Human en Rousseau, Kaapstad.

Payn, J. and Burton, R. F. (eds) 1994 Aladdin and Other Tales from the Arabian Nights Paragon, London.

Pomorska, K. & Rudy, S. (eds) 1985 (Roman Jakobson) Verbal Art, Verbal Sign, Verbal Time Basil Blackwell Publisher, Ltd, Oxford.

Ryan, R. & Van Zyl, S. (ed.) 1982 An Introduction to Contemporary Literary Theory Ad Donker, Johannesburg.

Scholtz, M. 1978 Die Teken as Teiken Tafelberg, Kaapstad.

Seeley, T. D. 1985 Honeybee Ecology: A Study of Adaptation in Social Life Princeton University Press, Princeton, New Jersey.

Senekal, J. H. (red.) 1978 Beeld en Bedryf Van Schaik, Pretoria.

Shipley, J. T. (ed.) 1969 A Dictionary of World Literature Patterson, New Jersey.

Simon, P. 1967 Sound of Silence Columbia Records, Inc., Sony Music Entertainment, Inc., CBS, Inc.

Smith, A. J. (ed.) 1971 Complete English Poems of John Donne Penguin, Harmondsworth, Middlesex.

Snyman, H. 1983 Mirakel en Muse: 'n Studie oor die Funksie van die implikasie-verskynsels by die interpretasie van 'n gedig Perskor-Uitgewery, Kaapstad en Johannesburg.

Sperber, D. and Wilson, D. 1988 Relevance: Communication and Cognition Basil Blackwell Ltd, London.

Stockenström, W.

1970 Vir die Bysiene Leser Reijger, Kaapstad.

1973 Spieël van Water Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria.

1976 Van Vergetelheid en van Glans Human en Rousseau, Kaapstad.

1979 Eers Linkie, dan Johanna Human en Rousseau, Kaapstad.

1980 Uitdraai: 'n Roman Human en Rousseau, Kaapstad, Pretoria, Johannesburg.

1984 Monsterverse Human en Rousseau, Kaapstad, Pretoria, Johannesburg.

1988 Die Kometartekspedisie Human en Rousseau (Edms) Bpk,
Kaapstad, Pretoria.

Swann, A. (ed.) 1989 Stories with Appeal Maskew Miller Longman, Cape
Town.

Twain, M. 1993 Huckleberry Finn Diamond Books, London.

Verne, J. 1876 (trans. into English by H. Frith) 20000 Leagues Under the
Sea Murray, London.

Von Firsch, K. 1950 Bees: Their Vision, Chemical Senses and Language
Cornell University Press, Ithaca, New York.

Willis, R. G. (ed.) 1990 Signifying Animals: Human Meaning in the Natural
World Unwin Hyman Ltd, London, Boston, Sydney, Wellington.

Winch, P. 1987 Trying to Make Sense Basil Blackwell Ltd, Oxford, Basil
Blackwell, Inc., New York.